Informasiestelselbestuur 212(8), 224(16), 262(8), 254(16)

Kwantitatiewe Bestuur 214(16), 244(16)

Landbou-ekonomie 234(16), 242(8), 262(8)

Logistieke Bestuur* 214(16), 244(16)

Vervoerekonomie 214(16), 244(16)

plus 64 krediete waarvan minstens 32 krediete uit een vak moet wees:

Modules uit die lys hierbo wat nie reeds geneem is nie of modules uit die tweede jaar van die BComm (Bestuurswetenskappe), BComm (Ekonomiese Wetenskappe) en BComm (Wiskundige Wetenskappe) waarvoor studente nie uit die staanspoor as deel van die BComm-program kan registreer nie, maar wat wel erken sal word vir studente wat van program verander.

Bedryfsielkunde 214(16)

Beleggingsbestuur 254(16)

Finansiële Bestuur 214(16)
Handelsreg (Handel) 283(32)
Openbare en Ontwikkelingsbestuur* 212(8), 222(8), 242(8), 252(8)
Statistiek 214(16), 244(16)
Wiskunde vir Statistiek 214(16)

of hoogstens 32 krediete uit een van die volgende (mits die klas-, toets- en eksamenroosters dit toelaat):

Afrikaans en Nederlands 278(32)
Duits 278(32) of 288(32) (vir studente wat Duits 188 geslaag het)
English Studies 278(32)
Filosofie 212(8), 222(8), 242(8), 252(8)
Frans 278(32)
Geografie en Omgewingstudie 212(8), 222(8), 242(8), 252(8)
Politieke Wetenskap 212(8), 222(8), 242(8), 252(8)
Sosiologie 212(8), 222(8), 242(8), 252(8), 262(8)
Xhosa 214(16), 244(16) of 224(16), 254(16) (volg op Xhosa 188)

Vierde Jaar (120 krediete)

Kyk derde jaar van die driejarige BComm.

3.2 BComm (Verlengde Graadprogram (VGP)) (Slegs vir studente wat vanaf 2007 vir hierdie graadprogram ingeskryf het.)

Eerste Jaar (102 krediete)

Akademiese Geletterdheid 141(12)
Bedryfsielkunde 112(4)
Ekonomie 114(12), 144(12)
Inleiding tot die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe 111(12)
Inligtingstelsels 112(6)
Ondernemingsbestuur 113(8), 142(6)
Renterekening 152(6)
Wiskunde vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe 171(24)

of 24 krediete uit die volgende (slegs waar vrystelling vir Wiskunde vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe 171(24) verleen is):

Bedryfsielkunde 152(6), 162(6)
Openbare en Ontwikkelingsbestuur 114(12), 144(12)
Voorsieningskettingbestuur 114(12)

of 24 krediete uit die volgende modules mits die onderskeie roosters dit toelaat en m.d.v. dat dit nie reeds voorheen geslaag is nie:

Afrikaans en Nederlands 178(24)
Duits 178(24) of 188(24) (vir studente wat Duits in Graad 12 geslaag het)
English Studies 178(24)
Filosofie 112(6), 122(6), 142(6), 152(6)
Frans 178(24) of 188(24) (vir studente wat Frans in Graad 12 geslaag het)
Geo-omgewingswetenskap 114(16), 144(16)
Politieke Wetenskap 112(6), 122(6), 142(6), 152(6)
Sosiologie 114(12), 142(6), 152(6), 162(6)
Xhosa 178(24) of 188(24) (vir eerstetaalsprekers van Xhosa of Zulu)

Tweede Jaar (74 krediete)

Finansiële Rekeningkunde 188(24)

Statistiese Metodes 176(18)

plus een van die volgende (minstens 32 krediete):

(Minstens 32 krediete uit skryf- en inligtingsverrykte modules gemerk met 'n * (kyk ook by derde jaar hieronder) moet by die leerplan ingesluit word.)

Bedryfsielkunde* 224(16), 244(16)

Bemarkingsbestuur* 214(16), 244(16)

Ekonomie* 214(16), 244(16)

Entrepreneurskap en Innovasiebestuur* 214(16), 244(16)

Finansiële Bestuur 214(16) en Beleggingsbestuur 254(16) of Finansiële Beplanning 214(16)

Informasiestelselbestuur 212(8), 224 (16), 262(8), 254(16)

Kwantitatiewe Bestuur 214(16), 244(16)

Landbou-ekonomie 234(16), 242(8), 262(8)

Logistieke Bestuur* 214(16), 244(16)

Vervoerekonomie 214(16), 244(16)

Derde Jaar (96 krediete)

Een van die volgende wat nie reeds geslaag is nie (minstens 32 krediete):

(Minstens 32 krediete uit skryf- en inligtingsverrykte modules gemerk met 'n * (kyk ook by tweede jaar hierbo) moet by die leerplan ingesluit word.)

Bedryfsielkunde* 224(16), 244(16)

Bemarkingsbestuur* 214(16), 244(16)

Ekonomie* 214(16), 244(16)

Entrepreneurskap en Innovasiebestuur* 214(16), 244(16)

Finansiële Bestuur 214(16) en Beleggingsbestuur 254(16) of Finansiële Beplanning 278(32)

Finansiële Rekeningkunde 288(32)

Informasiestelselbestuur 212(8), 224(16), 262(8), 254(16)

Kwantitatiewe Bestuur 214(16), 244(16)

Landbou-ekonomie 234(16), 242(8), 262(8)

Logistieke Bestuur* 214(16), 244(16)

Vervoerekonomie 214(16), 244(16)

plus 64 krediete waarvan minstens 32 krediete uit een vak moet wees:

Modules uit die lys hierbo wat nie reeds geneem is nie

Bedryfsielkunde 214(16)

Beleggingsbestuur 254(16)

Finansiële Bestuur 214(16)

Handelsreg (Handel) 283(32)

Openbare en Ontwikkelingsbestuur* 212(8), 222(8), 242(8), 252(8)

of hoogstens 32 krediete uit een van die volgende (mits die klas-, toets- en eksamenroosters dit toelaat):

Afrikaans en Nederlands 278(32)

Duits 278(32) of 288(32) (vir studente wat Duits 188 geslaag het)

English Studies 278(32)

Filosofie 212(8), 222(8), 242(8), 252(8)

Frans 278(32)

Geografie en Omgewingstudie 212(8), 222(8), 242(8), 252(8)

Politieke Wetenskap 212(8), 222(8), 242(8), 252(8)

Sosiologie 212(8), 222(8), 242(8), 252(8), 262(8)

Xhosa 214(16), 244(16) of 224(16), 254(16) (volg op Xhosa 188)

Vierde Jaar (120 krediete)

Kyk derde jaar van die driejarige BComm.

3.3 BComm (Finansiële Rekeningkunde)

Let wel: Hierdie vierjarige program word uitgefaseer vanaf 2009. Geen nuwe studente sal dus toegelaat word vanaf 2009 nie.

Eerste Jaar (90 krediete)

Inligtingstelsels 188(24)
Ondernemingsbestuur 113(8), 142(6)
Bedryfsielkunde 112(4)
Renterekening 152(6)
Statistiek 186(18)
Ekonomie 114(12), 144(12)

Tweede Jaar (78 krediete)

Finansiële Rekeningkunde 188(24)
Handelsreg 284(32)
Bemarkingsbestuur 214(16)
Inligtingstelsels 152(6)

Derde Jaar (104 krediete)

Finansiële Rekeningkunde 288(32)
Bestuursrekeningkunde 288(24)
Handelsreg 381(24) (slegs vir studente wat Handelsreg 284 in 2008 of enige jaar voor 2008 geslaag het)
Ouditkunde 288(24)

Vierde Jaar (132 krediete) (vir studente wat einde 2009 gradueer)

Finansiële Rekeningkunde 389(48)
Bestuursrekeningkunde 378(36)
Ouditkunde 378(24)
Belasting 388(24)

Vierde Jaar (144 krediete) (vanaf 2010)

Finansiële Rekeningkunde 389(48)
Bestuursrekeningkunde 388(48)
Ouditkunde 378(24)
Belasting 388(24)

Opmerkings

1. Studente wat Bestuursrekeningkunde 278 in 2008 sak, moet in 2009 Bestuursrekeningkunde 288 neem.
2. Studente wat reeds Bestuursrekeningkunde 278 geslaag het, moet Bestuursrekeningkunde 378 neem.
3. Studente wat Handelsreg (Handel) 284 in 2008 of enige jaar voor 2008 geslaag het, moet Handelsreg (Handel) 381 neem.

C. DIPLOMA-, HONNEURS- EN MAGISTERPROGRAMME AANGEBIED OP DIE STELLENBOSCH KAMPUS

Besonderhede van programme van die Nagraadse Bestuurskool en die Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning (Nagraadse Afdeling, Bellvillepark) verskyn onder afdeling D van hierdie deel van die Jaarboek.

1. Nagraadse Diploma in Bemarking

Toelating en programinhoud

Raadpleeg die departementele inskrywing agterin hierdie deel van die Jaarboek.

HonsBComm, HonsBEcon en HonsBLog

Vereistes

Die grade HonsBComm, HonsBEcon en HonsBLog kan toegeken word aan studente wat – in besit is van die graad BComm, BEcon, BOpenbBest of BLog van hierdie Universiteit of van 'n ander baccalaureusgraad wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het en wat – op skriftelike aansoek – deur die Senaat of deur die Uitvoerende Komitee, handelende namens die Senaat, tot die HonsBComm-, HonsBEcon- of HonsBLog-program toegelaat is; en ná behaling van voorgenoemde BComm-, BEcon-, BOpenbBest- of BLog-graad of ander baccalaureusgraad, die voorgeskrewe program vir minstens een jaar in die geval van binnemuurse studente, of vir minstens twee jaar in die geval van deeltydse studente, aan die Universiteit gevolg en aan die einde daarvan in die eksamen geslaag het.

Opmerkings

1. Vir toelating tot HonsBComm (Bestuursrekeningkunde) word die BComm (Bestuursrekeningkunde), BComm (Finansiële Rekeningkunde), BRek (Rekeningkundige vakke) of BRekLLB vereis (kyk onder Vakke, Modules en Module-inhoude agterin hierdie deel van die Jaarboek).
2. Studente wat nie Statistiese Metodes 176 of Wiskundige Statistiek 214 as deel van die baccalaureusprogram gevolg het nie, moet of Statistiese Metodes 176 of ander modules wat die Senaat vir die doel goedkeur, aanvul, voordat die betrokke honneursgraad met hoofrigting Ondernemingsbestuur of Logistieke Bestuur of Vervoereconomie toegeken kan word.
3. Studente kan van die honneursprogramme ook deelyds volg, onder die volgende voorwaardes:
 - 3.1 'n Student moet sy program oor minstens twee jaar versprei.
 - 3.2 Die eksamenuitslag van die student bly oorstaan totdat hy die hele eksamen voltooi het.

2. HonsBComm

Vir besonderhede oor die programme in die hoofrigtings Aktuariële Wetenskap, Bedryfsielkunde, Bestuursrekeningkunde, Belasting, Ekonomie, Landbou-ekonomie, Logistieke Bestuur, Logistieke Ontleding, Ondernemingsbestuur, Openbare en Ontwikkelingsbestuur, Statistiek, Vervoereconomie en Wiskundige Statistiek kyk onder Vakke, Modules en Module-inhoude agterin hierdie deel van die Jaarboek. Programme in die hoofrigtings Sosiologie, Rekenaarwetenskap en Wiskunde kan ook vir die HonsBComm-graad gevolg word. Vir besonderhede kyk onder Vakke, Modules en Module-inhoude agterin die Jaarboekdele van die Fakulteite Lettere en Sosiale Wetenskappe en Natuurwetenskappe.

3. HonsBEcon

Studente kan in enige van die volgende hoofrigtings studeer, mits hulle die betrokke vak op 'n driejarige basis vir die baccalaureusgraad gevolg het: Bedryfsielkunde, Ekonomie, Geologie, Geografie en Omgewingstudie, Logistieke Bestuur, Ondernemingsbestuur, Openbare en Ontwikkelingsbestuur, Politieke Wetenskap, Sosiologie, Statistiek en Vervoereconomie. Vir besonderhede oor die programme in bogenoemde rigtings, kyk onder Vakke, Modules en Module-inhoude in die Jaarboekdele van die Fakulteite Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Lettere en Sosiale Wetenskappe, en Natuurwetenskappe.

4. HonsBComm (Aktuariële Wetenskap)

4.1 Die opleiding van aktuarisse

'n Persoon wat in Suid-Afrika as 'n aktuaris wil praktiseer, moet 'n genoot wees van óf die "Institute of Actuaries" in Londen, óf die "Faculty of Actuaries" in Edinburgh. Die twee instellings werk nou saam om professionele standaarde en kwalifikasievereistes te bepaal en te handhaaf.

Om as 'n genoot aanvaar te word, moet 'n voornemende aktuaris die eksamens van die "Faculty/Institute of Actuaries" slaag, asook aan sekere minimum ouderdomsbeperkings voldoen. Die persoon moet ook vir 'n geruime tyd onder 'n gekwalifiseerde aktuaris werk. Die aktuaris moet dan sertifiseer dat die persoon genoegsame professionele ervaring opgedoen het. Die kursusse van die "Faculty/Institute of Actuaries" kan opgedeel word in tegniese (aktuariële) wiskundige vakke en meer gespesialiseerde professionele vakke. Dit is moontlik om vrystelling te verkry van die "Faculty/Institute of Actuaries" se eksamens in die tegniese vakke indien 'n student 'n paslike aktuariële graad voltooi en in dié aktuariële vakke 'n bevredigende standaard behaal. Geleenthede bestaan ook om vrystellings te verkry van die eksamens van die meer gespesialiseerde professionele vakke. Indien die latere professionele vakke aangepak word terwyl die student reeds werk, is die totale kwalifikasietyd gewoonlik tussen 6 en 10 jaar (verwerwing van die graad ingesluit), maar dit kan dikwels langer duur.

Die BComm (rigting Aktuariële Wetenskap) wat deur die Universiteit aangebied word, het ten doel om studente die tegniese voorbereiding vir 'n aktuariële loopbaan te gee en om die maksimum aantal vrystellings tydens die verwerwing van die graad moontlik te maak.

Die Universiteit bied ook die graad HonsBComm (Aktuariële Wetenskap) aan. Hierdie graadprogram sluit die vakke van die spesialis- (professionele) sillabus van die "Faculty/Institute of Actuaries" in en dien om die student voor te berei vir die eksamens van die "Faculty/Institute of Actuaries". Hierdeur kan die totale kwalifikasietyd betekenisvol verkort word.

5. HonsBComm (Bestuursrekeningkunde)

5.1 Die opleiding van geoktrooieerde bestuursrekenmeesters

Die internasionaal erkende professionele bestuursrekeningkundige kwalifikasie geoktrooieerde bestuursrekenmeester word behaal deur die eksamens van die "Chartered Institute for Management Accountants", met hoofkantoor in Londen, te slaag en voorts te voldoen aan hul gestelde norme met betrekking tot praktiese ervaring. Die leerplan van die "Institute" is spesifiek gerig op die finansiële bestuursbehoefte in die handel, nywerheid, mynwyse en finansiële sektor. Die modules ingesluit in die programme BComm (Bestuursrekeningkunde) en HonsBComm (Bestuursrekeningkunde), soos deur hierdie Universiteit aangebied, geniet erkenning van die Instituut. Gevolglik word 'n student van hierdie Universiteit wat die graad HonsBComm (Bestuursrekeningkunde) behaal, vrygestel van die basis- en intermediêre eksamens van die "Institute" en direk na verwerwing van die gemelde honneursgraad toegelaat om die kwalifiserende eksamens van die "Institute" af te lê.

Addisionele bepaling

Indien 'n student in die eksamens van die honneursjaar gesak het, word die verloop van tyd voordat hy tot 'n hereksamen toegelaat word asook aanvullende werk wat afgehandel moet word, op aanbeveling van die Departement Rekeningkunde vasgestel.

6. HonsBComm (Finansiële Rekeningkunde)

Let Wel: Die program is opgeskort vanaf 2008 en sal weer aangebied word sodra eksterne akkreditasie by (IRBA) (Independent Regulatory Board for Auditors) gefinaliseer is deur ACCA (Association of Chartered Certified Accountants).

Studente wat die BComm (Finansiële Rekeningkunde)-graad behaal en voldoen aan die nodige toelatingsvereistes sal in die HonsBComm (Bestuursrekeningkunde)-program geakkommodeer word. Kontak die Departement Rekeningkunde vir meer inligting

6.1 Die opleiding van gesertifiseerde rekenmeesters

Die internasionaal erkende professionele rekeningkundige kwalifikasie Gesertifiseerde Rekenmeester word behaal deur die eksamens van die Association of Chartered Certified Accountants (ACCA), met hoofkantoor in Londen, te slaag en voorts te voldoen aan hul gestelde norme met betrekking tot praktiese ervaring. Die leerplan van die ACCA is gerig

op die voorbereiding van finansiële state, ouditering en die verskaffing van belasting- en besigheidsadvies in die privaat en openbare sektor.

Die grade BComm (Finansiële Rekeningkunde) en HonsBComm (Finansiële Rekeningkunde), met die vakkeuses voorgeskryf vir die ACCA-riktigting soos deur hierdie Universiteit aangebied, geniet erkenning van die ACCA. Gevolglik word 'n student van hierdie Universiteit wat die graad HonsBComm (Finansiële Rekeningkunde) met die vereiste vakkeuse behaal, vrygestel van nege van die ACCA se veertien vakke en direk na verwerwing van die gemelde honneursgraad toegelaat om die laaste vyf vakke by die ACCA by twee geleenthede af te lê. Ten einde studente hierop voor te berei, omvat die leerplan van die honneursgraad onder andere die leerplan van die laaste vyf vakke van die ACCA.

Addisionele vereistes

Indien 'n student in die eksamen van die honneursjaar gesak het, word die verloop van tyd voordat hy tot 'n hereksamen toegelaat word, asook aanvullende werk wat afgehandel moet word, op aanbeveling van die Departement Rekeningkunde vasgestel.

7. HonsBComm (Psig)

7.1 Die opleiding van geregistreerde bedryfsielkundiges

7.1.1 Registrasie as psigometris (onafhanklike praktyk)

Volgens die vereistes van die Beroepsraad vir Sielkunde van die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika (HPCSA) sal 'n persoon vir statutêre registrasie as psigometris (onafhanklike praktyk) (psychometrist (independent practice)) kwalifiseer na verwerwing van 'n geakkrediteerde BComm (Psig) en 'n geakkrediteerde HonsBComm (Psig), die voltooiing van 'n goedgekeurde internskap en die suksesvolle aflegging van 'n professionele raadseksamen, afgeneem deur die "Psychometric Committee" van die Beroepsraad vir Sielkunde van die HPCSA. Meer uitvoerige besonderhede is beskikbaar op die webwerf van die HPCSA (<http://www.hpcsa.co.za>).

7.1.2 Registrasie as sielkundige, kategorie: Bedryfsielkunde

Besonderhede oor die vereistes vir statutêre registrasie as bedryfsielkundige is beskikbaar op die webwerf van die HPCSA (<http://www.hpcsa.co.za>).

7.2 Toelating

Die BComm (Psig)-kwalifikasie, of ekwivalente baccalaureusgraad wat deur die Beroepsraad vir Sielkunde met die oog op statutêre registrasie as psigometris (onafhanklike praktyk) (psychometrist (independent practice)) en bedryfsielkundige geakkrediteer is, word onder meer vereis vir toelating tot die honneursgraadprogram in Bedryfsielkunde (HonsBComm (Psig)).

MComm en MEcon

Studente wat in besit is van 'n honneursgraad

Die graad MComm of MEcon kan toegeken word aan studente wat – in besit is van die graad HonsBComm of HonsBEcon van hierdie Universiteit of van 'n ander honneursgraad wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het en wat – op skriftelike aansoek – deur die Senaat, of deur die Uitvoerende Komitee, handelende namens die Senaat, tot die MComm- of MEcon-program toegelaat is;

'n goedgekeurde leergang van navorsing en/of gevorderde studie van minstens een jaar (na behaling van voorgenoemde HonsBComm- of HonsBEcon-graad of ander honneursgraad) aan die Universiteit of op 'n ander plek deur die Senaat goedgekeur, gevolg het; en sodanige aanvullende werk of studie gedoen het as wat deur die betrokke dosente vereis word en 'n bevredigende verhandeling ingelewer het, of bevredigende werkstukke soos deur die betrokke dosente voorgeskryf, ingelewer het en die voorgeskrewe eksamen in die vereiste getal studierigtings geslaag het.

Studente wat in besit is van 'n baccalaureusgraad of ander kwalifikasies

Die grade MComm of MEcon kan ook toegeken word aan studente –

wat in besit is van die graad BComm, BEcon, BOpenBest of BLog van hierdie Universiteit of van 'n ander baccalaureusgraad wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het, of op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid in hulle bepaalde studierigting bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir dié doel toereikend is en wat – op skriftelike aansoek – deur die Senaat, of deur die Uitvoerende Komitee, handelende namens die Senaat, tot die MComm- of MEcon-program toegelaat is; wat 'n goedgekeurde leergang van navorsing en/of gevorderde studie van BOpenBest- of BLog-graad of ander baccalaureusgraad of ná bereiking van voorgenoemde standaard van bekwaamheid) gevolg het, wat 'n tydperk van studie of navorsing van hoogstens een jaar op 'n ander plek deur die Senaat erken, mag insluit; en wat in die voorgeskrewe eksamen geslaag het en 'n bevredigende verhandeling ingelewer het, of bevredigende werkstukke soos deur die betrokke dosente voorgeskryf, ingelewer het en in die voorgeskrewe eksamen in die vereiste getal studierigtings geslaag het.

Opmerking

Studente wat nie Statistiese Metodes 176 of Wiskundige Statistiek 214 as deel van die baccalaureusgraad gevolg het nie, moet Statistiese Metodes 176 aanvul, voordat die betrokke magistergraad met hoofrigting Ekonomie of Logistieke Bestuur of Logistieke Ontleding of Ondernemingsbestuur of Vervoerekonomie toegeken kan word.

8. MComm

Vir besonderhede oor die programme in die hoofrigtings Aktuariële Wetenskap, Bedryfsielkunde, Belasting, Bestuursrekeningkunde, Ekonomie, Finansiële Rekeningkunde, Finansiële Risikobestuur, Landbou-ekonomie, Logistieke Bestuur, Logistieke Ontleding, Ondernemingsbestuur, Openbare en Ontwikkelingsbestuur, Statistiek, Vervoerekonomie en Wiskundige Statistiek, kyk onder die Afdeling Module-inhoude agterin hierdie deel van die Jaarboek. Programme in die hoofrigtings Sosiologie, Wiskunde en Rekenaarwetenskap kan ook gevolg word. Vir besonderhede kyk onder die afdeling vir module-inhoude in die Jaarboekdele van die Fakulteite Lettere en Sosiale Wetenskappe en Natuurwetenskappe.

9. MEcon

Studente kan in enige van die volgende hoofrigtings studeer:

Bedryfsielkunde, Ekonomie, Geologie, Geografie en Omgewingstudie, Logistieke Bestuur, Ondernemingsbestuur, Openbare en Ontwikkelingsbestuur, Politieke Wetenskap, Sosiologie, Statistiek, Vervoerekonomie.

Vir besonderhede oor die programme in bogenoemde hoofrigtings, kyk onder die afdeling vir module-inhoude in die Jaarboekdele van die Fakulteite Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Lettere en Sosiale Wetenskappe, en Natuurwetenskappe.

10. MComm (Psig)

Raadpleeg die Departement Bedryfsielkunde by (021) 808 3008 of besoek die webwerf by http://www.sun.ac.za/industrial_psychology.

HonsBRek, Nagraadse Diploma in Ouditkunde en Nagraadse Diploma in Rekeningkunde

Opleiding van geoktrooieerde rekenmeesters

Die rekenmeestersprofessie in die RSA staan onder die gesamentlike beheer van die Onafhanklike Reguleringsraad vir Ouditeure (ORRO) en die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR). Om as geoktrooieerde rekenmeester te kan kwalifiseer, moet 'n student beide Deel 1 en Deel 2 van die professionele eksamen slaag en 'n leerlingkap as ingeskrewe klerk van drie jaar (na verwerwing van 'n baccalaureusgraad) by 'n erkende opleidingsinstansie voltooi. Die kwalifikasie van geoktrooieerde rekenmeester kan verwerf word in een of beide die spesialisierigtings Ouditkunde en Finansiële Bestuur. Deel 1 van die professionele eksamen is gemeenskaplik vir beide

spesialisierigtings, terwyl 'n afsonderlike vraestel afgeneem word vir elk van die spesialisierigtings in Deel 2 van die professionele eksamen.

Om toelating te verkry tot Deel 1 van die kwalifiserende eksamen, wat deur SAIGR afgeneem word, moet die student die graad HonsBRek of die Nagraadse Diploma in Rekeningkunde aan hierdie Universiteit, of 'n ander graad of diploma wat vir dié doel goedgekeur is, verwerf.

Om toelating te verkry tot Deel 2, spesialisierigting Ouditkunde, wat afgeneem word deur die ORRO, moet die student aan die volgende vereistes voldoen:

- Suksesvolle afhandeling van Deel 1 van die professionele eksamen.
- Suksesvolle afhandeling (aan 'n goedgekeurde opvoedkundige instansie) van 'n voorbereidende kursus vir die spesialisierigting Ouditkunde met die oog op Deel 2 van die professionele eksamen.
- Voltooiing van 18 maande ingeskrewe klerkskap by 'n erkende ouditeursfirma in openbare praktyk.

Die voorbereidende kursus vir die spesialisierigting Ouditkunde word tans nie aan hierdie Universiteit aangebied nie.

Om toelating te verkry tot Deel 2, spesialisierigting Finansiële Bestuur, wat afgeneem word deur die SAIGR, moet die student aan die volgende vereistes voldoen:

- Suksesvolle afhandeling van Deel 1 van die professionele eksamen.
- Suksesvolle afhandeling (aan 'n goedgekeurde opvoedkundige instansie) van 'n voorbereidende kursus vir die spesialisierigting Finansiële Bestuur, met die oog op Deel 2 van die professionele eksamen.
- Voltooiing van 18 maande ingeskrewe klerkskap by 'n erkende opleidingsinstansie buite openbare praktyk.

Die voorbereidende kursus vir die spesialisierigting Finansiële Bestuur word nie aan hierdie Universiteit aangebied nie.

11. HonsBRek

11.1 Toelating en programinhoud

Raadpleeg die departementele inskrywing agterin hierdie deel van die Jaarboek.

Opmerking

Indien 'n student in 'n eksamen van die honneursjaar gesak het, word die verloop van tyd voordat hy tot 'n hereksamen toegelaat word, asook aanvullende werk wat afgehandel moet word, op aanbeveling van die Departement Rekeningkunde vasgestel.

12. Nagraadse Diploma in Rekeningkunde (NDR)

12.1 Toelating en programinhoud

Raadpleeg die departementele inskrywing agterin hierdie deel van die Jaarboek.

Opmerking

Indien 'n student in 'n eksamen van die NDR-jaar gesak het, word die tydsverloop van die tyd voordat hy tot 'n hereksamen toegelaat word, asook aanvullende werk wat afgehandel moet word, op aanbeveling van die Departement Rekeningkunde vasgestel.

13. Nagraadse Diploma in Ouditkunde (NDO)

13.1 Toelating en programinhoud

(Hierdie program word tot nadere kennisgewing nie aangebied nie.)

Raadpleeg die departementele inskrywing agterin hierdie deel van die Jaarboek.

14. MRek (Finansiële Rekeningkunde), MComm (Finansiële Rekeningkunde), MRek (Bestuursrekeningkunde), MComm (Bestuursrekeningkunde), MRek (Ouditkunde), MRek (Belasting), MComm (Belasting)

14.1 Toelating en programinhoud

Raadpleeg die departementele inskrywing agterin hierdie deel van die Jaarboek.

15. MRek (Rekenaarouditering)

15.1 Toelating en programinhoud

Raadpleeg die departementele inskrywing agterin hierdie deel van die Jaarboek.

16. Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning

16.1 Toelating en programinhoud

Raadpleeg die departementele inskrywing agterin hierdie deel van die Jaarboek.

17. MPhil in Omgewingsbestuur

17.1 Toelating

'n Student kan op skriftelike aansoek, deur die Senaat of deur die Uitvoerende Komitee, handelende namens die Senaat, toegelaat word tot die gestruktureerde MPhil in Omgewingsbestuur indien hy in besit is van een van die volgende kwalifikasies:

- 'n Baccalaureusgraad met 'n slaagsyfer van minstens 60% in een van die volgende hoofvakke: Geologie, Geografie en Omgewingstudie, Sosiologie, Ekonomie, Openbare en Ontwikkelingsbestuur, Botanie, Soölogie, Landbou-ekonomie, Logistiek, Bosbou, Ekologie/Natuurbewaring, Siviele Ingenieurswese, Argitektuur, Landmeetkunde of 'n ander rigting wat as ekwivalent beskou word (Toepaslike werkervaring mag op aansoek voldoende wees om ander rigtings te kan akkommodeer).
- 'n BTech-graad in Stads- en Streekbeplanning sowel as ander toepaslike rigtings.
- 'n Vierjarige Baccalaureusgraad in Stads- en Streekbeplanning.

Van studente sonder 'n aanvaarbare vlak van voorgraadse onderrig in 'n natuurwetenskap word verwag om die spesiale module Omgewings- en Ekologiese Wetenskap te volg.

Daar word van studente verwag om by die aanvang van klasse oor 'n aanvaarbare vlak van rekenaargeletterdheid te beskik.

17.2 Programmaanbieding

Die program word op modulêre grondslag oor twee jaar aangebied en behels twee bywoningsgeleenthede van twee weke elk per jaar vir die twee jaar. Die voertaal tydens onderrig, besprekings en aanbiedinge is Engels, hoewel werkstukke, toetse en eksamens in Afrikaans geskryf mag word.

Groot gedeeltes van die program berus op selfstudie en gevolglik sal voorbereidende werkopdragte voor, asook aan die einde van elke byeenkoms deur die betrokke dosente uitgereik word. Groepwerk en -besprekings asook praktiese toepassings kan kerneienskappe van die onderskeie programmodules vorm. Studente word ook aangemoedig om hul eie studiemateriaal, praktiese toepassings en evaluerings te ontwikkel, te toets en te bespreek in omgewings waarin hulle professioneel aktief is of wil wees.

Die MPhil in Omgewingsbestuur bied aan kandidate die geleentheid om hulself toe te rus met tegnieke en metodes om volhoubare ontwikkeling met die beperkings van 'n waardevolle, sensitiewe natuurlike omgewing binne institusionele raamwerke eie aan Suid-Afrika en Afrika te versoen. Die ontwikkeling van bestuursvaardighede sal 'n belangrike oorhoofse doelwit van die program wees.

Aansoeke vir enige gegewe jaar moet teen 31 Oktober van die vorige jaar ontvang word. Daar mag van voornemende studente verwag word om hulle aan 'n keuringsproses te onderwerp. Die keuringskriteria en -proses is formeel geformuleer en kan van die programbestuur aangevra word.

Aansoek om toelating tot die program moet gerig word aan:

Die Koördineerder: MPhil in Omgewingsbestuur, Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning, Privaat Sak X1, Matieland, 7602, Tel.: (021) 808 2151; Faks: (021) 808 2085; e-pos: jjs3@sun.ac.za.

18. BPhil in Volhoubare Ontwikkelingsbeplanning en -bestuur

18.1 Toelating

'n Student kan, op skriftelike aansoek, tot die BPhil in Volhoubare Ontwikkelingsbeplanning en -bestuur toegelaat word indien hy in besit is van een van die volgende kwalifikasies:

1. Enige baccalaureus- of BTech-graad of 'n relevante, vierjarige diploma met 'n slaagsyfer van 60% in een van die volgende hoofvakke: Stads- en Streekbeplanning, Behuising, Geologie, Geografie en Omgewingstudie, Sosiologie, Sielkunde, Ekonomie, Openbare en Ontwikkelingsbestuur, Botanie, Soölogie, Ekologie/Natuurbehouding, Wiskunde, Statistiek, Landbou-ekonomie, Vervoereconomie, Bosbou, Siviële Ingenieurswese, Argitektuur, Landmeetkunde of enige ander hoofvak goedgekeur deur die Programkomitee. Relevante werkservaring sal ook vir toelating oorweeg word.
2. Enige driejarige, tersiêre diploma met ten minste 5 jaar toepaslike werkservaring en voldoening aan die Universiteit en die Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning se AEVL-beleid (Assessering en Erkenning van Vorige Leer). Volgens hierdie beleid moet die ekwivalent van 120 krediete op NKR-vlak 7 (baccalaureusgraad-vlak) aangebied word op een of meer van die volgende maniere, onderworpe aan die goedkeuring van die Programkomitee, bestaande uit die Direkteur van die Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning, die Programdirekteur en ander relevante persone:
 - 2.1 Voltooiing van aanvullende modules voor of gedurende die program
 - 2.2 Erkenning van professionele kortkursusse, indiensopleidingskursusse en voltooide vakke vir 'n graad of diploma
 - 2.3 Indiening van 'n leer-portfolio, met kopieë van geskrewe werk (handleidings, projekvoorstelle, verslae, ens.)
 - 2.4 Die slaag van 'n toelatingseksamen.

Let Wel:

Daar word van studente verwag om oor 'n aanvaarbare vlak van rekenaargeletterdheid te beskik by aanvang van die klasse of teen die einde van die eerste semester in die eerste jaar van studie.

18.2 Programaanbieding

Hierdie transdissiplinêre program wat in samewerking met die Sustainability Institute ontwikkel is en modulêr aangebied word, kan voltyds oor 1 jaar of deelyds oor 2 jaar gevolg word afhangende van die programopsie wat die student kies. Voorsiening word gemaak vir vier programopsies, naamlik Volhoubare Ontwikkeling, Ontwikkelingsbeplanning, Bestuur van Volhoubare Landbou vir Ontwikkeling, en Hernubare en Volhoubare Energie, met verskillende kombinasies van modules in elk van die opsies. Die Ontwikkelingsbeplanning-opsie van die program maak voorsiening vir die kwalifisering as geregistreerde beplanners in Suid-Afrika, terwyl studente wat van voornemens is om bestuurders in die landbousektor te word met die oog op die bevordering van die doelwitte van volhoubare ontwikkeling aangemoedig word om die Bestuur van Volhoubare Landbou vir Ontwikkeling-opsie te kies. Elkeen van die vier opsies beslaan 'n aantal verpligte en keusemodules wat voltooi moet word.

Die modulêre aanbiedingswyse behels 'n eenweeekkontakssessie, met gestruktureerde selfstudie in die res van die studieperiode. Gedurende kontakssessies sal 'n interaktiewe onderligmetodiek gevolg word, bestaande uit 'n kombinasie van formele onderrig, gefasiliteerde groepbesprekings, gestruktureerde groepwerk en praktiese take. Die onderrigmedium gedurende formele onderrigsessies, klasgesprekke en -voordragte sal Engels wees.

Die program, wat akademies en administratief by die Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning gesetel is, word aangebied by die Sustainability Institute in Lynedoch asook die Stellenbosch- en Bellvilleparkkampus van die Universiteit van Stellenbosch, wat beteken dat studente binne maklike bereik van beide kampusse moet woon. Daar sal van studente wat in Volhoubare Ontwikkeling of die Bestuur van Volhoubare Landbou vir Ontwikkeling spesialiseer en nie in die omgewing woonagtig is nie, verwag word om tydens die aanbieding van kernmodules by die Lynedoch Hamlet van die Sustainability Institute in te woon ter wille van eerstehandse ervaring van die implementeringspraktyk van stelsels van volhoubare ontwikkeling.

Aansoek om toelating tot al vier programopsies sluit einde Oktober en laat aansoek kan slegs oorweeg word indien daar nog plekke beskikbaar is. Navrae met betrekking tot die programinhoud, onderriggedel en aansoekprosedure kan gerig word aan die BPhil-program in Volhoubare Ontwikkelingsbeplanning en -bestuur, Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning, Universiteit van Stellenbosch, Privaat Sak X1, Matieland 7602.

Tel.: (021) 881 3952; e-pos: tdodo@sun.ac.za.

19. MPhil in Volhoubare Ontwikkelingsbeplanning en -bestuur

19.1 Toelating

'n Student kan, op skriftelike aansoek, tot die MPhil in Volhoubare Ontwikkelingsbeplanning en -bestuur toegelaat word indien hy in besit is van 'n BPhil-graad in Volhoubare Ontwikkelingsbeplanning en -bestuur of aan die vereistes van die bogenoemde BPhil-graad (slaag van kernmodules) voldoen, maar nog nie sy graad ontvang het nie. Aangesien slegs 'n beperkte aantal studente jaarliks in die program geakkommodeer kan word, mag keuring, in ooreenstemming met die Universiteit se oorhoofse keuringsbeleid, onvermydelik wees. Voorkeur sal verleen word aan studente wat 'n gemiddeld van 65% of hoër in die BPhil-graad verkry het.

Let Wel:

Daar word van studente verwag om of teen die aanvang van die klasse of teen die einde van die eerste semester van die eerste jaar oor 'n aanvaarbare vlak van rekenaargeletterdheid te beskik.

19.2 Programaanbieding

Die transdissiplinêre MPhil-program bestaan uit 'n navorsingskomponent wat fokus op die beplanning, bestuur en praktyk van volhoubare ontwikkeling. Studente wat die BPhil-graad in Volhoubare Ontwikkelingsbeplanning en -bestuur verwerf het, kan die MPhil in 'n minimum van 1 jaar voltooi. Studente wat voor 2006 geregistreer het, benodig 'n minimum van 2 jaar.

Studente wat die MPhil-graad wil verwerf, moet een van die volgende navorsingvereistes nakom:

- 'n Geïntegreerde Tesis (120 krediete), wat insluit 'n slaagsyfer van minstens 50% vir 'n verpligte navorsingswerkwinkel, OF
- 'n Geïntegreerde Tesis (90 krediete), wat insluit 'n slaagsyfer van minstens 50% vir 'n verpligte navorsingswerkwinkel, plus enige verdere 2 modules wat gekies kan word volgens die vereistes vir die keuse van elektiewe soos beskryf onder die MPhil in Volhoubare Ontwikkelingsbeplanning en -bestuur verder aan in hierdie Jaarboekdeel OF
- 'n Geïntegreerde Tesis (60 krediete), wat insluit 'n slaagsyfer van minstens 50% vir 'n verpligte navorsingswerkwinkel, plus enige verdere 4 modules wat gekies kan word volgens die vereistes vir die keuse van elektiewe soos beskryf onder die MPhil in Volhoubare Ontwikkelingsbeplanning en -bestuur verder aan in hierdie Jaarboekdeel OF
- Studente wat die Volhoubare Landbou-opsie volg, moet ten minste 3 praktiese internskappe op kommersiële plase voltooi wat die basis sal uitmaak van 'n Geïntegreerde

Tesis (120 krediete).

Die aanbieding van elektiewe is soortgelyk aan 18.2 hierbo bespreek.

Aansoeke om toelating sluit einde Oktober en laat aansoeke kan slegs oorweeg word indien daar nog plekke beskikbaar is. Navrae met betrekking tot die programinhoud, onderriggeld en aansoekprosedure kan gerig word aan die MPhil-program in Volhoubare Ontwikkelingsbeplanning en -bestuur, Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning, Universiteit van Stellenbosch, Privaat Sak X1, Matieland 7602

Tel.: (021) 881 3952; e-pos: tdodo@sun.ac.za.

D. PROGRAMME AANGEBIED OP DIE BELLVILLEPARKKAMPUS

1. Magister in Besigheidsbestuur en -Administrasie

1.1 Algemeen

- 1.1.1 Die MBA-programme word op 'n voltydse en deelydse, asook op 'n modulêre basis aangebied.
- 1.1.2 Die lesings word op die Bellvilleparkkampus aangebied.
- 1.1.3 Aansoeke om toelating tot die programme moet regstreeks aan me M Willows, Universiteit van Stellenbosch, Bestuurskool, Posbus 610, Bellville 7535 gerig word. Aansoekvorms vir hierdie doel sowel as 'n brosjure met volledige inligting aangaande programinhoud, toelatingsprosedure en onderriggeld is by bogenoemde adres verkrygbaar.
- 1.1.4 Keuring vir kandidate vind jaarliks vanaf Julie plaas. Daar word van alle kandidate verwag om 'n battery keuringstoetse af te lê. Verder kan van kandidate verwag word om 'n keuringsonderhoud met 'n verteenwoordiger van die Nagraadse Bestuurskool te voer. Dit is raadsaam om die aansoekvorm so spoedig moontlik in te vul om vir die program te registreer. Aansoeke om toelating sluit jaarliks op 31 Oktober.

1.2 Vereistes

Die graad MBA kan toegeken word aan studente wat –

- 1.2.1 in besit is van 'n baccalaureusgraad van hierdie Universiteit of van 'n ander baccalaureusgraad of 'n driejarige nasionale diploma of 'n ander kwalifikasie wat die Senaat vir die doel goedgekeur het en wat – op skriftelike aansoek – deur die Senaat, of deur die Uitvoerende Komitee, handelende namens die Senaat, tot die Magisterprogram in Besigheidsbestuur en -administrasie toegelaat is;
- 1.2.2 'n minimum van twee jaar praktiese ervaring vir gegradueerde studente en 'n minimum van ses jaar praktiese ervaring vir gediplomeerde studente opgedoen het;
- 1.2.3 toepaslike keuringstoetse suksesvol afgelê het; en
- 1.2.4 na behaling van voorgenoemde toelatingskwalifikasie, die voorgeskrewe program vir minstens twee jaar aan die Universiteit gevolg en aan die einde daarvan in die assesserings geslaag het. Vir studente wat die deelydse of modulêre leerplan volg, strek die program oor minstens drie jaar.

1.3 Assessering

- 1.3.1 Van studente wat tot die MBA-program toegelaat word, word verwag dat hulle in die voorgeskrewe skriftelike en mondelinge assesserings in die vereiste studierigtings sal slaag en 'n navorsingsverslag (soos deur die Bestuurskool voorgeskryf) sal inlewer.
- 1.3.2 Geen student sal toegelaat word om 'n vak meer as een maal te herhaal nie.

1.4 Wysies van aanbieding

1.4.1 Voltyds en deelydse

Die totale voltydse lesingprogram word in twee kalenderjare aangebied by wyse van dagklasse en soms aandklasse. Die totale deelydse lesingprogram duur drie jaar en studente woon gewoonlik drie keer per week saans klasse by behalwe in keusevakke wat uit dagklasse bestaan. Vollydse studente moet 'n navorsingsverslag in die tweede jaar van

inskrywing voltooi, terwyl deeltydse studente dit in die derde jaar moet voltooi. Die voltydse en deeltydse program word slegs in Engels aangebied.

1.4.2 Modulêr

Die modulêre MBA-program is 'n driejarige program, ontwerp om te voldoen aan die vereistes van alle persone wat hulself verder op die gebied van bestuurswese wil bekwaam. Hierdie program is geskik vir bestuurslui, ongeag waar hulle werksaam is, wat midde-in hulle beroep staan en graag 'n MBA-graad wil behaal sonder om oormatige inbreuk op werksverpligtinge te maak. Die program word volgens 'n modulêre stelsel oor 'n tydperk van drie jaar aangebied en is besonder buigsaam wat die verpligte bywoning van lesings betref. Dit vereis vier inwonende byeenkomste per jaar van ses dae elk, oor twee jaar en 'n verdere drie inwonende byeenkomste van ses dae in die finale jaar. Gedurende die derde jaar moet 'n navorsingsverslag voltooi word. Die grootste gedeelte van die program berus op selfstudie; gevolglik word voorbereidende werksopdragte aan die einde van elke byeenkoms deur die betrokke dosent uitgereik. Hierdie tuisopdragte is praktykgerig en kan binne die studente se werkskonteks tot voordeel van hul werkgewers sowel as hul eie ontwikkeling uitgevoer word.

1.4.2.1 Die modulêre MBA-program aangebied in Engels

Die inhoud en struktuur van hierdie program is presies dieselfde as dié onder 1.4.2 hierbo.

1.5 Voortsetting

Voltydse studente

Studente wat na afhandeling van die verpligte leergang teen die middel van die akademiese jaar (einde Junie) meer as een derde van hul krediete van die vaste leergang agterstallig is, mag nie die MBA-program voortsit nie.

Deeltydse studente

Studente wat na afloop van die verpligte leergang teen die einde van die eerste akademiese jaar meer as een derde van hul krediete van die vaste leergang agterstallig is, mag nie die MBA-program voortsit nie.

Modulêre studente

Studente wat na afhandeling van die verpligte leergang teen die einde van die eerste akademiese jaar meer as vyftig persent van hul krediete van die vaste leergang agterstallig is, mag nie die MBA-program voortsit nie.

Alle groepe

'n Student wat aan die einde van die residensitydperk van die MBA-program meer as een derde van die krediete van die vaste leergang agterstallig is, sal nie toegelaat word om die program voort te sit nie.

2. M in Ontwikkelingsfinansies

Die graad M in Ontwikkelingsfinansies kan toegeken word aan studente wat –

- 2.1 in besit is van 'n vierjarige baccalaureusgraad of 'n driejarige baccalaureusgraad en toepaslike nagraadse diploma of honneursgraad in besigheidsbestuur, finansies, ekonomie, rekeningkunde, regte of handel van hierdie Universiteit of van 'n ander vierjarige baccalaureusgraad of 'n driejarige baccalaureusgraad en toepaslike nagraadse diploma of honneursgraad wat die Senaat vir die doel goedgekeur het en wat op skriftelike aansoek – deur die Senaat, of deur die Uitvoerende Komitee, handelende namens die Senaat – tot die program M in Ontwikkelingsfinansies toegelaat is; en
- 2.2 die voorgeskrewe program vir die minstens een jaar heeltyds of twee jaar modulêr aan die Universiteit gevolg en aan die einde daarvan in alle assesserings geslaag het.

Van studente wat tot die M in Ontwikkelingsfinansies-program toegelaat word, word verwag dat hulle in die voorgeskrewe skriftelike en mondelinge assesserings in die vereiste

studierigtings slaag en 'n bevredigende werkstuk sal inlewer.

3. MPhil (Toekomsstudie)

3.1 Vereistes

Die graad MPhil (Toekomsstudie) kan toegeken word aan studente wat –

- 3.1.1 in besit is van 'n baccalaureusgraad van hierdie Universiteit of van 'n ander baccalaureusgraad wat die Senaat vir die doel goedgekeur het en wat – op skriftelike aansoek – deur die Senaat, of deur die Uitvoerende Komitee, handelende namens die Senaat, tot die program MPhil (Toekomsstudie) toegelaat is;
- 3.1.2 minstens twee jaar toepaslike ondervinding opgedoen het en/of 'n belangstelling in beplanning vir verandering het wat, na die oordeel van die Senaat, voldoende voorbereiding vir die program vorm; en
- 3.1.3 na behaling van voorgenoemde baccalaureusgraad die voorgeskrewe program vir minstens twee jaar aan die Universiteit gevolg en aan die einde daarvan in die assesserings geslaag het.

3.2 Algemeen

- 3.2.1 Die program word by wyse van interaktiewe telematiese onderwys (interaktiewe televisie) deur die Nagraadse Bestuurskool in samewerking met die Instituut vir Toekomsnavorsing aangebied.
- 3.2.2 Die program word oor twee jaar aangebied. Gedurende die tweede jaar moet 'n navorsingsverslag ook voltooi word. Die grootste gedeelte van die program berus op selfstudie, gevolglik word voorbereidende werksopdragte deur die betrokke dosent uitgereik.
- 3.2.3 Die voertaal tydens onderrig, besprekings en aanbiedinge is Engels (werkstukke, toetse en eksamens mag egter in Afrikaans geskryf word).
- 3.2.4 Die ontwikkeling van kreatiwiteit is 'n belangrike oorhoofse doelwit van die program. Dit sal 'n proaktiewe gesindheid van die studente vereis.
- 3.2.5 Studente word aangemoedig om hulle eie studiemateriaal, praktiese toepassings en evaluering te ontwikkel en om dit in 'n groot verskeidenheid van omgewings te toets en met ander te bespreek.
- 3.2.6 Geen ander universiteit in Afrika bied op die oomblik so 'n program aan nie, terwyl een universiteit in die VSA en een in Groot-Brittanje 'n soortgelyke nagraadse program aanbied. Die Universiteit van Stellenbosch se MPhil (Toekomsstudie) bied derhalwe aan kandidate 'n unieke geleentheid om hulself toe te rus met tegnieke en metodes om betekenisvol te reageer op die groeiende kompleksiteit in die organisatoriese omgewing en wêreldaangeleenthede, veral vanuit 'n Afrika-perspektief.
- 3.2.7 Daar mag van voornemende studente vir die MPhil (Toekomsstudie) verwag word om hulle aan 'n keuringsproses te onderwerp.
- 3.2.8 Aansoeke vir enige gegewe jaar moet voor die einde van Desember van die vorige jaar ontvang word.
- 3.2.9 Aansoeke om toelating tot die program moet direk aan die Senior Direkteur: Strategiese Inisiatiewe, Privaat Sak X1, Matieland, 7602 gerig word.

3.3 Assessering

Van studente wat tot die MPhil-program toegelaat word, word verwag dat hulle in die voorgeskrewe skriftelike en mondelinge assesserings in die vereiste studierigtings sal slaag en 'n bevredigende navorsingsverslag (soos deur die Bestuurskool voorgeskryf) sal inlewer.

4. HonsBPA/HonsBA/HonsBComm in Openbare en Ontwikkelingsbestuur

4.1 Toelating

Tot die gestruktureerde program HonsB in Openbare en Ontwikkelingsbestuur kan studente toegelaat word wat in besit is van 'n Matrikulasievystellingsertifikaat of 'n Senior Sertifikaat en enige van die volgende kwalifikasies:

1. 'n BA-, BAdmin-, BEcon-, BComm-graad in Openbare en Ontwikkelingsbestuur met 'n aanvaarbare studierekord, of
2. enige universiteitsgraad/BTech-graad/vierjarige tersiêre diploma met aanvaarbare studierekord, toepaslike werkblootstelling en slaag van vyf NKR-vlak 6-toelatingsmodules, of
3. enige driejarige tersiêre diploma met aanvaarbare studierekord, ten minste 5 jaar toepaslike werkblootstelling, voldoening aan die vereistes van die Universiteit se AEVL-beleid (Assessering en Erkenning van Vorige Leer) waarvolgens die ekwivalent van 120 krediete op NKR-vlak 6 geassesseer en erken kan word, sowel as slaag van vyf NKR-vlak 6-toelatingsmodules.

4.2 Programaanbieding

Programaanbieding geskied by wyse van modulêre asook interaktiewe telematiese onderwys. Modulêre aanbieding behels bywoning van 'n blokaanbieding van lesings oor 'n tydperk van 1-2 weke per keer op die kampus. Aanbieding by wyse van interaktiewe telematiese onderwys vereis dat studente nagenoeg tien keer per semester vir 'n dag lank lesinguitsending by 'n elektroniese studiesentrum naby hul woonplek bywoon. Lesings word vanuit 'n ateljee op Stellenbosch oor 'n televisiestel aangebied en deur satelliet-uitsendings versprei na die verskillende studiesentra in Suider-Afrika. Gedurende die uitsendings kan studente telefonies met die betrokke dosent in verbinding tree. Die res van die tyd studeer die studente tuis en voltooi voorgeskrewe werkopdragte. Eksamenaflegging vind gedesentraliseerd in die verskillende sentra plaas. Die onderrigmedium is Engels, maar studente kan werkopdragte en eksamens ook in Afrikaans skryf as hulle dit sou verkies.

Navrae met betrekking tot die programinhoud, tydsduur, onderriggeld en aansoekprosedure kan gerig word aan die Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning, Universiteit van Stellenbosch, Posbus 610, Bellville 7535.

Tel.: (021) 918 4193; e-pos: enquiry@sopmp.sun.ac.za

5. MPA/MA/MComm in Openbare en Ontwikkelingsbestuur

5.1 Toelating

Tot die magisterprogram in Openbare en Ontwikkelingsbestuur kan toegelaat word studente wat in besit is van die HonsBA/HonsBAdmin/HonsBComm/HonsBEcon in Openbare en Ontwikkelingsbestuur, of enige vierjarige graad met hoofvakke in Publieke Administrasie en/of 'n Gevorderde Diploma in Publieke Administrasie of 'n honneursgraad in Openbare en Ontwikkelingsbestuur verwerf aan 'n ander universiteit. 'n Aanvaarbare studierekord in die voorafgaande programme word ook vereis. 'n Gemiddeld van 65% in die voorafgaande program word geag aanvaarbaar te wees, alhoewel ander oorwegings, soos byvoorbeeld bevredigende ontwikkeling gedurende die voorafgaande program, ook in plek van die 65% mag geld.

Die program bied twee opsies:

Volle navorsingsopsie: Die student moet, benewens 'n kursus in toepaslike, gevorderde navorsingsmetodologie en akademiese skryfvaardigheid, 'n tesis van 120 krediete onder leiding van 'n senior akademikus voltooi. Die tesis word dan onderwerp aan eksaminering deur die studieleier, 'n interne eksaminator en 'n eksterne eksaminator. Die tesis moet bewys lewer van die student se vermoë om bestaande data, inligting en kennis te integreer ten einde nuwe kennis en wysheid te genereer.

Gedoseerde opsie: Student volg 'n verpligte module in Openbare Bestuursreg (30 krediete), sowel as een keusemodule van 30 krediete en 'n toepaslike, gevorderde kursus in navorsingsmetodologie en akademiese skryfvaardigheid. Studente moet onder andere ook deelneem aan 'n sluitsteenlaboratorium waar verskeie aktiwiteite daarop gemik is om geïntegreerde assessering te doen en vas te lê met 'n mondelinge eksamen. Daarbenewens moet elke student 'n beperkte tesis van 60 krediete voltooi wat steeds aan al die kwalitatiewe

vereistes van 'n tesis moet voldoen en wat ook steeds deur die volle proses van eksaminering deur die studieleier, 'n interne eksaminator en 'n eksterne eksaminator gevoer word.

5.2 Programaanbieding

Geodiseerd: Dieselfde as 4.2 hierbo.

Navorsing: Die program is administratief gesetel by die Bellvilleparkkampus van die Universiteit en navrae met betrekking tot die program en aansoekprosedure kan gerig word aan die Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning, Universiteit Stellenbosch, Posbus 610, Bellville 7535. Tel.: (021) 918 4400.

E. DOKTORSGRADE

1. PhD, DComm en DAdmin

1.1 Statutêre vereistes

Behoudens andersluidende bepalings in die Statuut van die Universiteit, kan 'n doktorsgraad in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aan 'n student toegeken word indien hy minstens twee jaar lank nadat 'n magistergraad wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het, aan hom toegeken is of nadat hy op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid in sy bepaalde studierigting bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir dié doel toereikend is, as student vir 'n doktorsgraad aan die Universiteit ingeskryf was.

1.2 'n Kandidaat vir die DComm- of DAdmin-graad moet –

- 1.2.1 gevorderde oorspronklike navorsing van 'n hoogs skeppende aard ten genoeg van die Universiteit op die gebied van die ekonomiese of bestuurswetenskappe (in die geval van die DComm-program) en die administratiewe wetenskappe (in die geval van die DAdmin-program) verrig het;
- 1.2.2 oorspronklike werk(e) - reeds gepubliseer - van 'n hoë standaard, wat oor 'n sentrale tema handel en wat na die oordeel van die Senaat toon dat die kandidaat 'n wesenlike en hoogstaande bydrae tot die verryking van die kennis aangaande die ekonomie, bedryfs- of administratiewe wetenskappe gedoen het, ingelewer het;
- 1.2.3 'n mondelinge eksamen, indien die eksaminatore dit sou vereis, ten genoeg van die Universiteit afgelê het.

1.3 Toelating

Studente moet skriftelik aansoek doen om toelating tot die doktorsale studie. Elke aansoek word op aanbeveling van die Fakulteitsraad deur die Senaat oorweeg.

1.4 Verdere bepalings

- 1.4.1 'n Proefskrif word van elke kandidaat vir 'n doktorsgraad vereis.
- 1.4.2 In die reël word 'n mondelinge eksamen vir die doktorsgraad vereis.
- 1.4.3 'n Student wat in diens van 'n organisasie buite die Universiteit staan, moet voor toelating tot 'n doktorsgraadprogram skriftelik bewys voorlê dat hy verlof van die betrokke organisasie verkry het om
 - 1.4.3.1 vir die bepaalde doktorsprogram in te skryf; en
 - 1.4.3.2 hom te onderwerp aan die reëls van die Universiteit betreffende die publikasie van proefskrifte.
- 1.4.4 'n Student wat gebruik maak van bronne buite die beheer van die Universiteit moet voor toelating tot 'n doktorsgraadprogram – in gevalle waar die Universiteit dit vereis – 'n verklaring van die betrokke instansie voorlê insake die voorwaardes waaronder hy die gegewens mag gebruik.
- 1.4.5 Geen kandidaat mag sy proefskrif vir eksaminering inlewer alvorens hy skriftelike toestemming daartoe van die promotor verkry het nie.
- 1.4.6 Kandidate kan te eniger tyd gedurende die akademiese jaar vir die doktorsale eksamen inskryf.
- 1.4.7 Wanneer 'n kandidaat vir die doktorsale eksamen aanmeld, moet een ongebonde eksemplaar van sy proefskrif in die finale vorm met die oog op eksaminering tydig

by die betrokke departement ingelewer word.

- 1.4.8 Vir volledige bepalinge i.v.m. bywoning, eksaminatore, proefskrifvereistes, mondelinge eksamens en inskrywing na die basiese residensietyperk, kyk "Gevorderde Grade" in Deel 1 (Algemeen) van die Jaarboek.
- 1.4.9 Indien 'n kandidaat reeds in besit van 'n doktorsgraad in die Wysbegeerte in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe of 'n ander, na die oordeel van die Senaat, vergelykbare kwalifikasie is, moet hy –
 - 1.4.9.1 vir minstens een akademiese jaar aan hierdie Universiteit ingeskryf wees alvorens die graad DComm of DAdmin aan hom toegeken kan word; en
 - 1.4.9.2 die Registrateur by aansoek om toelating as student meedeel dat hy 'n DComm- of DAdmin-program wil volg.
- 1.4.10 Indien 'n kandidaat nog nie in besit van 'n doktorsgraad in die Wysbegeerte in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, of ander, na die oordeel van die Senaat, vergelykbare kwalifikasies is nie, moet hy –
 - 1.4.10.1 vir minstens drie akademiese jare aan hierdie Universiteit ingeskryf wees alvorens die graad DComm of DAdmin aan hom toegeken kan word; en
 - 1.4.10.2 die Registrateur by aansoek om toelating as student meedeel dat hy 'n DComm- of DAdmin-program wil volg.

2. Transdissiplinêre doktorsale program toegespits op kompleksiteit en volhoubaarheidstudies

2.1 Interdepartementele en -fakulteitsaanbieding

Die *Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe*, in samewerking met die *Fakulteit¹ Lettere en Sosiale Wetenskappe, Agriwetenskappe, Ingenieurswese, Gesondheidswetenskappe, Regsgeleerdheid, Natuurwetenskappe en Teologie*, bied geleentheid aan voornemende studente wat graag navorsing wil doen oor die soeke na volhoubare oplossings vir komplekse probleme rakende sosiaal-natuurlike probleme wat nie noodwendig vanuit 'n spesifieke, monodissiplinêre perspektief bestudeer kan word nie, ten einde hulle doktorsale studies in enige van hierdie fakulteite te verryk met kursusse oor die teorie en praktyk van transdissiplinariteit. Die huidige plaaslik-globale uitdagings in krisisste met betrekking tot die vraagstukke van onder andere armoede, verstedeliking, water, afval, energie, voedsel, grond, konflik en geweld, en gelykheid en regverdigheid is tipiese probleme/temas wat sig tot navorsing op hierdie gebied leen.

2.2 Toelating, registrasie en studieleiding

Voornemende studente lê voorstelle ten opsigte van hulle doktorsale navorsing voor aan 'n paneel promotors bestaande uit verteenwoordigers van die deelnemende fakulteite. Hierdie verteenwoordigers word deur die dekane van die deelnemende fakulteite aangewys. Die paneel promotors sal, in ooreenstemming met die voornemende student, die navorsingsvoorstel met die oog op die transdissiplinêre meriete daarvan evalueer en sal 'n geskikte multidissiplinêre span bestaande uit hoof- en medepromotors vir elke suksesvolle navorsingsvoorstel aanbeveel. Die paneel sal ook 'n gepaste akademiese departement en fakulteit aanbeveel waarbinne die navorsing geregistreer word. Die gewone kriteria en prosesse ten opsigte van toelating, registrasie en die aanstelling van die doktorsale promotor(s) van die deelnemende fakulteite is van toepassing.

2.3 Proefskrif, kernmodules en leermodel

Hierdie program behels 'n proefskrif wat al die krediete vir die graad uitmaak. 'n Stel kernmodules, aangebied deur internasionale en plaaslike kenners op die gebied van transdissiplinêre epistemologie, metodologie en kompleksiteitsteorie, sal by die aanvang

¹ Afgesien van hierdie deelnemende fakulteite is die *Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad* (WNNR, *Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing* (RGN) en *Volhoubaarheidsinstituut* (SI) ook ingesluit by hierdie koöperatiewe inisiatief.

van die program aangebied word. Hierdie modules dra geen krediete nie. Skriftelike assessering wat dui op 'n deeglike begrip van die materiaal gedek tydens hierdie modules sal 'n vereiste wees vir voortsetting van die program. Daarbenewens sal daar vir die duur van die program van studente verlang word om 'n gereelde reeks nagraadse seminare by te woon, wat aan hulle die geleentheid sal gee om die werk waarmee hulle besig is, vir hulle medestudente en hulle promotors aan te bied, en dit te bespreek.

2.4 Duur van die program

Hierdie voltydse program strek oor twee jaar waartydens studente, so ver prakties moontlik, saam met ander studente geplaas sal word ten einde maksimum transdissiplinêre sinergie met medestudente en tussen studente en promotors te verseker. Studente sal ook addisionele tyd toegestaan word om hulle proefskrifte te voltooi.

2.5 Uitkomst

Studente wat hierdie doktorsale program volg, kan verwag om sowel toegerus te word met 'n grondige nuwe begrip van die komplekse aard van die probleme wat die Afrikavasteland en die wêreld oor die algemeen in die gesig as om die kruisdissiplinêre denkvaardighede ontwikkel wat nodig is vir deelname in multidissiplinêre spanne toegespits op die soeke na langtermyn-, holistiese oplossings.

2.6 Eksamen

Die gewone eksamenprosedures van die Universiteit en die fakulteit waarin 'n student geregistreer is, is van toepassing.

2.7 Kwalifikasie

Die doktorsale kwalifikasie van die fakulteit waarin 'n student geregistreer is, word toegeken.

2.8 Befondsing en beurse

Studente wat tot hierdie program toegelaat word, kan vir beurse wat deur die Universiteit en ander befondsingsinstellings in dié verband beskikbaar gestel word, aansoek doen. Meer besonderhede en aansoekvorms kan van die programkoördineerder verkry word.

2.9 Kontakbesonderhede

Benewens voltooiing van die gewone nagraadse aansoekvorms van die Universiteit moet voornemende studente die nodige aansoekvorms vir hierdie program skriftelik voltooi en inlewer. Hierdie vorms kan aangevra word by:

John van Breda

Koördineerder: Transdissiplinêre Doktorsale Program

Kamer 1019, AI Perold-gebou

Universiteit van Stellenbosch

Tel: (021) 808 2152

Faks: (021) 808 2085

E-pos: jrvb@sun.ac.za

Vakke, Modules en Module-inhoude

VERKLARING VAN NOMMERS EN AFKORTINGS

Alle vakke word deur 'n vyfsyfer-vaknommer geïdentifiseer. Daarbenewens word die modules waaruit 'n vak saamgestel is, elk deur 'n driesyfer-modulekode onderskei, waarin die jaargang en die semester van aanbieding (tensy anders vermeld) saamgevat is. Die vakke, met hulle samestellende modules, krediete, module-onderwerpe, doseerladings, taalspesifikasies en module-inhoude, word hieronder aangegee.

Voorbeeld:

10553 BEDRYFSIELKUNDE				
142	6	Beroepsielkunde	2L, 2P	A

Verduideliking:

10553 is die vaknommer en verwys na die vak Bedryfsielkunde.

142(6) (die 6 sal normaalweg in hakies geskryf word) is die modulekode van die module Bedryfsielkunde 142, met die module-onderwerp: Beroepsielkunde

Die modulekode 142(6) het die volgende betekenis:

Eerste syfer: 1 - dui die jaargang aan waarin die module aangebied word.

Tweede syfer: 4 - dien as 'n onderskeidingsyfer tussen verskillende modules van dieselfde vak in 'n spesifieke jaargang en dui die semester aan (tensy anders vermeld), volgens die onderstaande patroon:

1, 2 of 3: modules wat in die eerste semester aangebied word;

4, 5 of 6: modules wat in die tweede semester aangebied word;

7, 8 of 9: modules wat oor beide semesters strek, d.w.s. jaarmodules.

Derde syfer: 2 - het geen spesifieke betekenis nie, maar kan dien as onderskeidingsyfer tussen verskillende modules van dieselfde vak in 'n spesifieke jaargang.

Die getal in die tweede blokkie (andersins in hakies) (6) - dui die kredietwaarde aan wat aan die module gekoppel word. Bedryfsielkunde 142(6) is derhalwe 'n module wat in die tweede semester van die eerste jaar aangebied word; 'n student verwerf 6 krediete daarvoor. Let asseblief daarop dat by die meeste nagraadse modules, die volgende inligting in 'n seskolomtabel gegee word: die vyfsyfer-vakkode, driesyfermodulekode, kredietwaarde, modulenaam, of die module verpligtend of 'n keusemodule is en, waar van toepassing, in watter semester die module aangebied word.

Die doseerlading van die module word in die blokkie na die module-onderwerp aangetoon. Die volgende afkortings word vir die doseerlading gebruik:

L - lesing van 50 minute (bv. 1L)

P - praktykumperiode van 50 minute (bv. 1P, 2P, 3P)

S - seminaar van 50 minute (bv. 1S, 2S)

T - tutoriaal van 50 minute (bv. 1T, 2T)

Die doseerlading vir Bedryfsielkunde 142(6) bedra derhalwe twee lesings van 50 minute elk en twee praktykumperiodes van 50 minute elk per week vir die duur van die module, nl. een semester.

In die laaste blokkie word die taalspesifikasie van die module gespesifiseer. Die volgende taalspesifikasies word gebruik:

A-spesifikasie

- Voorgeskrewe handboeke is Afrikaans en/of Engels.
- Klasnotas opgestel deur die dosent is
- (i) volledig in Afrikaans; of

- (ii) waar moontlik, volledig in Afrikaans en volledig/gedeeltelik (bv. kernklasnotas) ook in Engels.
 - Ander verpligte leeswerk (bv. vakydskrifartikels, boeke) is in Afrikaans en/of Engels.
 - Moduleraamwerke en studiegidse opgestel deur die dosent is Afrikaans en word, waar moontlik, in sowel Afrikaans as Engels aan studente voorsien wat Engels as hulle voorkeurtaal vir studie het.
 - Transparante en dataprojeksie-inhoude wat dosente in lesings, seminaarklasse, tutoriale en praktika gebruik is Afrikaans en/of Engels.
 - Die mondelinge kommunikasietaal van die dosent in lesings, seminare, tutoriale en praktika is Afrikaans, maar sleutel terme en konsepte kan ook kortliks in Engels toegelig word. Studente wat vrae in Engels stel, kan deur die dosent in Engels beantwoord word. Gaslesings kan per geleentheid deur buitelandse en/of Suid-Afrikaanse dosente met 'n onvoldoende akademiese taalvaardigheid in Afrikaans in Engels gelewer word.
 - Toets- en eksamen vraestelle is volledig in Afrikaans en volledig in Engels op dieselfde vraestel.
 - Skriftelike opdragte van dosente vir tutoriale, seminare en praktika wat vir assessering aangewend word, is volledig in Afrikaans en volledig in Engels in dieselfde opdragstuk.
 - Die skriftelike beantwoording van toets- en eksamen vraestelle en werkopdragte deur studente kan in Afrikaans of Engels gedoen word.
 - Die mondelinge aanbiedings deur studente in lesings, seminare, tutoriale en praktika kan in Afrikaans of Engels gedoen word.

T-spesifikasie

- Voorgeskrewe handboeke is Afrikaans en/of Engels.
- Klasnotas opgestel deur die dosent is
 - (i) volledig in Afrikaans en volledig in Engels, of
 - (ii) afwisselend in Afrikaans en Engels.
- Ander verpligte leeswerk (bv. vakydskrifartikels, boeke) is in Afrikaans en/of Engels.
- Moduleraamwerke en studiegidse is
 - (i) volledig in Afrikaans en volledig in Engels, of
 - (ii) afwisselend in Afrikaans en Engels ooreenkomstig die mondelinge kommunikasietaal van die dosent in die betrokke klasse.
- Transparante en dataprojeksie-inhoude wat dosente in lesings, seminare, tutoriale en praktika gebruik, is Afrikaans of Engels.
- Die mondelinge kommunikasietaal van die dosent in lesings, seminare, tutoriale en praktika van 'n module is
 - (i) in dieselfde klas Afrikaans en Engels, met dien verstande dat die gebruik van Afrikaans minstens 50% is, of
 - (ii) afwisselend Afrikaans en Engels in verskillende klasse van 'n module of program, met dien verstande dat die gebruik van Afrikaans minstens 50% is.
- Toets- en eksamen vraestelle is volledig in Afrikaans en volledig in Engels op dieselfde vraestel.
- Skriftelike opdragte van dosente vir tutoriale, seminare en praktika wat vir assessering aangewend word, is
 - (i) volledig in Afrikaans en volledig in Engels in dieselfde opdragstuk, of
 - (ii) afwisselend in Afrikaans of Engels ooreenstemming met die taal van die nie-assesseringsmateriaal (klasnotas, moduleraamwerke, studiegidse, ens.), waar die gemiddelde gebruik van Afrikaans minstens 50% moet wees.
- Die skriftelike beantwoording van toets- en eksamen vraestelle en werkopdragte kan in Afrikaans of Engels plaasvind volgens studente se voorkeur- akademiese taal.
- Die mondelinge aanbiedings deur studente in lesings, seminare, tutoriale en praktika is in die T-taalspesifikasie Afrikaans of Engels volgens hulle voorkeur- akademiese taal.

E-spesifikasie

- Voorgeskrewe handboeke is in Engels.
- Klasnotas opgestel deur die dosent is volledig in Engels, of waar moontlik, volledig in Engels en volledig/geedeeltelik (bv. kernnotas) ook in Afrikaans.
- Ander verpligte leeswerk (bv. vaktyskrifartikels, boeke) is in Engels en/of in Afrikaans.
- Moduleraamwerke en studiegidse opgestel deur die dosent is in Engels en word, waar moontlik, in Engels sowel as Afrikaans aan studente voorsien wat Afrikaans as voorkeurtaal vir studie het.
- Transparante en dataproeksie-inhoude wat dosente in lesings, seminaarklasse, tutoriale en praktika gebruik, is in Engels.
- Die mondelinge kommunikasietaal van die dosent in lesings, seminare, tutoriale en praktika is primêr Engels, maar sleutel terme en konsepte kan ook kortliks in Afrikaans toegelig word. Studente wat vroeë in Afrikaans stel, word deur die dosent in Afrikaans beantwoord. In die geval van buitelandse dosente is Afrikaans nie verpligtend nie.
- Toets- en eksamen vraestelle is volledig in Engels en volledig in Afrikaans op dieselfde vraestel.
- Skriftelike opdragte van dosente vir tutoriale, seminare en praktika is volledig in Engels en volledig in Afrikaans op dieselfde opdragstuk.
- Die skriftelike beantwoording van toets- en eksamen vraestelle en werkopdragte deur studente is in Engels of Afrikaans.
- Die mondelinge aanbiedings deur studente in lesings, seminare, tutoriale en praktika kan in Engels of Afrikaans gedoen word, behalwe in daardie gevalle waar die dosent Afrikaans hoegenaamd nie magtig is nie.

A & E-spesifikasie

Lesings word volledig in Afrikaans en Engels aangebied.

Onderaan die inhoud van modules word, waar toepaslik, die slaagvoorvereiste, voorvereiste en newevereiste modules wat daarop betrekking het, aangedui. Die volgende afkortings word gebruik:

S - Slaagvoorvereiste module

V - Voorvereiste module

N - Newevereiste module

In hierdie verband geld die volgende omskrywings:

'n Slaagvoorvereiste module is 'n module waarin 'n student eers moet slaag alvorens die module(s) waarvoor dit 'n slaagvoorvereiste is, gevolg kan word.

'n Voorvereiste module is 'n module waarin 'n klaspunt van minstens 40, of 'n prestasiepunt van minstens 40 in die geval van 'n module wat deurlopend geassesseer word, behaal moet word alvorens die studie in die module waarvoor dit 'n voorvereiste is, voortgesit mag word.

'n Newevereiste module is 'n module wat vóór of in dieselfde akademiese jaar gevolg moet word as die module waarvoor dit 'n newevereiste is.

Let Wel:

'n Kwalifikasie sal nie toegeken word alvorens 'n student in al die voorgeskrewe voorvereiste en newevereiste modules geslaag het nie.

DEPARTEMENT BEDRYFSIELKUNDE

Taalspesifikasie

Afrikaans ten opsigte van alle voorgraadse modules.

Hoofvak:

Vir Bedryfsielkunde as hoofvak word die volgende modules vereis:

BComm (Bestuurswetenskappe) met fokusarea: Menslike Hulpbronbestuur

Bedryfsielkunde 112(4), 152(6), 162(6), 224(16), 244(16), 314(12), 324(12) en 348(24).

Opmerking

Vir toelating tot Honneursstudie in Bedryfsielkunde word Bedryfsielkunde 214 vereis.

BComm (Psig)

Bedryfsielkunde 112(4), 152(6), 162(6), 214(16), 224(16), 244(16), 314(12), 324(12) en 348(24).

**VOORGRAADSE PROGRAMME AANGEBIED DEUR DIE
DEPARTEMENT BEDRYFSIELKUNDE**

BComm (Bestuurswetenskappe) met fokusarea: Menslike Hulpbronbestuur

Algemeen

Vir 'n inligtingstuk met meer besonderhede oor voorgraadse studie in die Departement Bedryfsielkunde, skakel (021) 808 3005, of besoek die webwerf van die Departement by http://www.sun.ac.za/industrial_psychology/.

Aansoeke

Studente moet voor 30 Junie van die vorige jaar skriftelik aansoek doen op aansoekvorms verkrygbaar by die US se navraetoonbank of op die webwerf van die Departement.

Duur

3 jaar.

Krediete

'n Totaal van maksimum 388 krediete.

Assessering

Soos voorgeskryf in Deel 1 (Algemeen) van die Jaarboek in die hoofstuk "Universiteits-eksamens".

Doelwitte van die program

Om die primêre oogmerk van 'n onderneming te realiseer moet 'n veelvoud van onderling gekoördineerde aktiwiteite plaasvind wat in 'n stelsel van interafhanklike organisasiefunksies gestruktureer kan word. Die menslike hulpbronfunksie verteenwoordig een van hierdie organisasiefunksies.

Die menslike hulpbronfunksie dien die primêre ondernemingsdoelwit deur die verkryging, ontwikkeling en instandhouding van 'n bevoegde werksmag sowel as die doeltreffende en doelmatige aanwending en bestuur van sodanige werksmag. Die belang van menslike hulpbronbestuur volg uit die veronderstelling dat ondernemingsukses betekenisvol afhanklik is van die kwaliteit van die werksmag wat 'n onderneming in diens het en die wyse waarop sodanige werksmag aangewend en bestuur word.

Arbeid verteenwoordig 'n sleutelproduksiemiddel weens die feit dat ondernemings bestuur, bedryf en aan die gang gehou word deur mense. Arbeid is die lewegewende produksiemiddel waardeur die ander produksiefaktore gemobiliseer word en verteenwoordig dus die faktor wat die doeltreffendheid en doelmatigheid bepaal waarmee die ander produksiefaktore benut word. Die Departement wil dat sy afgestudeerde studente die heersende sakeverwante mensbestuursuitdagings en mensprobleme so aanspreek dat hulle die vertroue, respek en waardering van lynbestuur verwerf. Die program BComm (Bestuurswetenskappe) met fokusarea Menslike Hulpbronbestuur lei tot nie-statutêre registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad vir Personeelpraktyk (SARPP) as "human resource practitioner", en na verdere nagraadse studie as "chartered human resource practitioner" of "master human resource practitioner".

BComm (Psig)

Algemeen

Vir 'n inligtingstuk met meer besonderhede oor voorgraadse studie in die Departement Bedryfsielkunde, skakel (021) 808 3005, of besoek die webwerf van die Departement by http://www.sun.ac.za/industrial_psychology/.

Aansoeke

Studente moet voor 30 Junie van die vorige jaar skriftelik aansoek doen op aansoekvorms verkrygbaar by die US se navraetoonbank of op die webwerf van die Departement.

Duur

3 jaar.

Krediete

'n Totaal van 406 krediete.

Assessering

Soos voorgeskryf in Deel 1 (Algemeen) van die Jaarboek in die hoofstuk "Universiteitsksamens".

Doelwitte van die program

Om die primêre oogmerk van 'n onderneming te realiseer moet 'n veelvoud van onderling gekoördineerde aktiwiteite plaasvind wat in 'n stelsel van interafhanklike organisasiefunksies gestruktureer kan word. Die menslike hulpbronnfunksie verteenwoordig een van hierdie organisasiefunksies. Die menslike hulpbronnfunksie dien die primêre ondernemingsdoelwit deur die verkryging, ontwikkeling en instandhouding van 'n bevoegde werksmag sowel as die doeltreffende en doelmatige aanwending en bestuur van sodanige werksmag.

Die belang van menslike hulpbronnbestuur volg uit die veronderstelling dat ondernemingsukses betekenisvol afhanklik is van die kwaliteit van die werksmag wat 'n onderneming in diens het en die wyse waarop sodanige werksmag aangewend en bestuur word. Arbeid verteenwoordig 'n sleutelproduksiemiddel weens die feit dat ondernemingsdeur mense bestuur, bedryf en aan die gang gehou word. Arbeid is die lewegewende produksiemiddel waardeur die ander produksiefaktore gemobiliseer word en verteenwoordig dus die faktor wat die doeltreffendheid en doelmatigheid bepaal waarmee die ander produksiefaktore benut word.

Die bestuur van menslike hulpbronne word egter bemoeilik deur die komplekse, en in 'n sekere sin raaiselagtige, aard van die arbeidende mens as draer van die produksiemiddel arbeid. Desnieteenstaande moet die menslike hulpbronnfunksie die aanname maak dat die gedrag van die arbeidende mens tog smeebaar is in soverre dit die resultaat is van die wetmatige werking van 'n komplekse netwerk van situasionele en persoonsesentreerde faktore. Dit lei tot die basiese premis dat geldige en geloofwaardige verklarings vir die gedrag van die arbeidende mens 'n fundamentele en noodsaaklike, maar onvoldoende voorwaarde is vir doelmatige en billike menslike hulpbronnbestuur. Die Bedryfsielkunde beliggaam die oortuiging dat, ten spyte van die besonder komplekse aard van menslike gedrag, reëlmatighede in die gedrag van die arbeidende mens tog verklaar kan word in terme van 'n omvangryke nomologiese netwerk van sielkundige konstruksie. Die gedrag van die arbeidende mens in die werksopset is nie 'n ewekansige gebeurtenis nie. In die mate waartoe die Bedryfsielkunde wel daarin slaag om geldige en geloofwaardige teoretiese (psigiese) verklarings vir die gedrag van die arbeidende mens te formuleer, ontstaan die geleentheid om deduktief praktiese menslike hulpbronnintervensies af te lei, gerig op die beïnvloeding van die vloei van werknemers in, deur en uit die onderneming en/of gerig op die beïnvloeding van die aard van die werksmag in hul huidige posisies.

Om hierdie ideaal te verwesenlik moet die Departement sy afgestudeerdes in die mark posisioneer as professionele persone wat met gemak en gesag die rolle van gedragswetenskaplike, sakevennote en sielkundiges kan vervul. Gesofistikeerde metodologiese kundigheid gekombineer met 'n grondige sielkundige insig in die mens as werker en 'n

indringende begrip van ondernemingsbestuur word ten eerste daarmee as kritieke vereistes gestel. Die vermoë om sodanige sielkundige insig te vertaal en te artikuleer tot menslike hulpbronintervensies en oortuigend en verstaanbaar te demonstreer dat daarmee waarde toegevoeg word en bygedra word tot strategies kompeterende voordeel geld as tweede kritieke vereiste. 'n Positiewe professionele selfbeeld, gewortel in die voorafgaande bevoegdheids, in terme waarvan die afgestudeerde student homself as 'n volwaardige, trots en invloedyke strategies sakevennoot beleef, geld as derde vereiste. Die program BComm (Psig) lei, na verwerwing van die graad HonsBComm (Psig), 'n internskap en die suksesvolle aflegging van 'n professionele raadseksamen, tot statutêre registrasie by die Raad vir Gesondheidswetenskappe van Suid-Afrika (HPCSA) as psigometris (onafhanklike praktyk) (psychometrist (independent practice)). Statutêre registrasie as bedryfsielkundige by die HPCSA is moontlik na voltooiing van die graad MComm (Psig), 'n internskap en die suksesvolle aflegging van 'n professionele raadseksamen.

10553 BEDRYFSIELKUNDE			
Om te kwalifiseer vir toelating tot HonsBComm (Menslike Hulpbronbestuur) word die volgende modules, aangebied deur die Departement Bedryfsielkunde, vereis: Bedryfsielkunde 112, 152 en 162, Bedryfsielkunde 214, 224 en 244, Bedryfsielkunde 314, 324 en 348. Aanbevole keusemodules op tweedejaarsvlak: Finansiële Bestuur 214, Beleggingsbestuur 254 en Handelsreg (Handel) 282 of 283. Bemerkingsbestuur 214, 244, Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 214, 244 word aanbeveel as alternatiewe keusemodules. Aanbevole keusemodules op derdejaarsvlak: Finansiële Bestuur 314, 324, 344 en 354. Bemerkingsbestuur 314, 324, 344, 354, Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 318, 348 word aanbeveel as alternatiewe keusemodules. <i>Praktika en seminare op tweede- en derdejaarsvlak word tydens geskeduleerde dubbelperiodes aangebied.</i>			
112	4	Inleiding tot Menslike Hulpbronbestuur	A
Rol en nut van Bedryfsielkunde in organisasies, menslike hulpbronbeplanning en werwing, keuring van personeel, opleiding en ontwikkeling, prestasiebestuur, vergoedingsbestuur, werkswaardes en houdings, motivering binne werkskonteks, leierskap, groepe en werkspanne, organisasie-ontwikkeling en -verandering, die arbeidsverhouding, vakbonde, werkgewers en die Staat, arbeidsverhouding in die werkplek.			
152	6	Beroepsielkunde	A
Terreinafbakening, kernbegrippe en grondslae van die Beroepsielkunde, individuele verskille, ontwikkelingsielkunde. Loopbaanmodelle, loopbaanontwikkeling, loopbaankeuse, organisasietoetrede, vroeë, middel- en laatloopbaanjare, stres, diversiteitsbestuur, entrepreneurloopbane, bestuur- en ondersteuningstelsels.			
162	6	Ergonomika	A
Aard en geskiedenis van Ergonomika, konteks van Ergonomika (algemene omgewings-effekte, wetgewing, bestuur en produktiwiteit, geboude omgewing), biologiese basis van gedrag (die senuweestelsel en die brein), sensasie en persepsie (sintuie, waarneming, bewuste en onbewuste, geheue en aandag), werksomgewing (ruimte en vorm, beligting, geluid en vibrasie, temperatuur, lug en chemies, tyd), verwerking (informatie en riglyne vir ontwerp), inset (vertonings), uitset (aktiwiteit en rusperiodes), handewerk, beheer en gereedskap, stelselwanfunksie (foute, veiligheid en gesondheid), inleiding tot Informatie-ergonomika (kognitiewe kaarte en bruikbaarheid), samevatting.			
214	16	Psigometrika	A
Inleiding tot psigometrika, inleiding, oorsig van die wetenskaplike navorsingsproses, implikasies van die Bedryfsielkunde se verbintenis tot die wetenskaplike navorsingsproses. Meting, metingsprosedures en meetinstrumente, sielkundige meetinstrumente, tipes sielkunde-meetinstrumente, sielkundige meetinstrumente en besluitneming. Basiese konsepte in meting en statistiese ontleding, sielkundige meting, evaluasie van sielkundige			

<p>meetinstrumente, statistiese konsepte. Metingskale, transformasies en norme, transformasies, gelykstelling van skaaltellings, norme, verwagtingstabelle. Betroubaarheid van sielkundige metings, bronne van konsekwentheid en inkonsekwentheid in metings, algemene model van betroubaarheid, eenvoudige metodes om betroubaarheid te beraam, betroubaarheidskoëffisiënte en metingsfout, die veralgemeenbaarheid van toetstellings. Die gebruik en interpretasie van inligting omtrent metingsbetroubaarheid, die gebruik van die betroubaarheidskoëffisiënt, faktore wat betroubaarheid affekteer, spesiale vraagstukke in metingsbetroubaarheid.</p> <p>Metingsgeldigheid – inhouds- en konstrugeldigheid, tipes geldigheid, die bepaling van metingsgeldigheid, inhoudsgeldigheid, konstrugeldigheid.</p> <p>Metingsgeldigheid – kriteriumverbonde geldigheid, besluitneming en voorspelling, kriteria, interpretasie van geldigheidskoëffisiënte.</p> <p>Vraagstukke in die meting van vermoë, sydigheid en billikheid in sielkundige meting, kultuurarmmeetinstrumente, oorerwing en beïnvloeding van IK. Sielkundige meting in die bedryf – voorspellervraagstukke, omvang en impak van psigometriese assessering in die bedryf, tipes voorspellers, vergelykende evaluasie van verskillende tipes voorspellers, 'n sosiale en wetlike perspektief op psigometriese assessering. Sielkundige meting in die bedryf – kriteriumvraagstukke, objektiewe en subjektiewe prestasiemetings, keuringsnut.</p>				
224	16	Verbruikersgedrag	3L, 1P	A
<p>Inleiding tot verbruikersgedrag: diversiteit van verbruikersgedrag, verbruikersnavorsing, marksegmentasie; die verbruiker as individu: verbruikersbehoefte en -motivering, persoonlikheid, waarneming, leer en verbruikersbetrokkenheid, houdings en kommunikasie; die verbruiker in sy sosiale en kulturele omgewing: verwysingsgroepe en familie, sosiale klasse, kultuur, subkultuur en kruiskultuur; verbruikersbesluitnemingsproses: persoonlike invloede en die diffusie van innovasies, verbruikersbesluitneming. Blootstelling aan die teorie- en praktyktoepassing sal deurlopend geskied, veral ten opsigte van reklame.</p>				
244	16	Menslike Hulpbronbestuur	3L, 1P	A
<p>Aard van menslike hulpbronbestuur, organisatoriese posisie van die menslike hulpbronbestuurdepartement, menslike hulpbronbestuursdoelwitte en menslike hulpbronbestuursbeleid, wetenskaplike menslike hulpbronbeplanning, posontleding, werwing, keuring, induksie, opleiding en ontwikkeling, prestasiebeoordeling, basiese vergoeding, poswaarderding, aansporingsvergoeding, indirekte vergoeding, arbeidsomset, werksafwesigheid, menslike hulpbronbestuursinligtingstelsels, veiligheid en gesondheid, kapitale investering in mense materiaal, skiktyd, gehalte van werkslewe en sosiale verantwoordelikheid, uitdagings en brandpunte op die menslike hulpbronbestuursgebied, die menslike hulpbronbestuursoudit, rol van menslike hulpbronbestuur in die arbeidsituasie in SA – 'n toekomsblik.</p>				
314	12	Arbeidsverhoudinge	2L, ½S	A
<p>Inleiding en oorsig van studieterrrein, ontwikkelingsgeskiedenis van arbeidsverhoudinge, omgewingsinvloede op arbeidsverhoudinge, vakbonde, werkgewers, die Staat, arbeidsverhoudinge in die werksplek (griewe, dissipline en ontslag). Inleiding tot arbeidswetgewing: Wet op Arbeidsverhoudinge, Wet op Basiese Diensvoorwaardes.</p> <p><i>V Bedryfsielkunde 244</i></p>				
324	12	Menslike Hulpbronontwikkeling	2L, ½S	A
<p>Inleiding tot opleiding, onderrig en ontwikkeling, 'n oorsig oor die makrofaktore wat opleiding en ontwikkeling in Suid-Afrika beïnvloed, die nasionale opleidingstrategie van Suid-Afrika. Die bestuur van opleiding in die organisasie: die plek en rol van die opleidingsfunksie in die organisasie, opleidingsmodelle. Die administrasie van opleiding: rekords en informasiestelsels, koste van opleiding en begrotings. Die teoretiese aspekte van leer: basiese beginsels van leer, volwassene-leer, leerstyle. Die bepaling van opleidingsbehoefte: modelle. Programontwerp: formulering van opleidingsdoelwitte, faktore wat die ontwikkeling van 'n onderrigprogram beïnvloed, uitkomsgebaseerde opleiding. Die evaluering van opleiding.</p>				

<i>V Bedryfsielkunde 244</i>				
348	24	Organisasiesielkunde	4L, 1S	A
Individuele gedrag, persepsies, persoonlikheid, houdings, waardes, bestuur van kulturele diversiteit, werksmotivering, gedragsmodifikasie, posontwerp, groeps- en intergroep-gedrag, mag en politiek, leierskapteorieë, bestuursontwikkeling, besluitneming en kontrole, kommunikasieproses, organisasieteorie en -ontwerp, organisasiekultuur, organisasieverandering, organisasieontwikkeling.				

**SPEZIALE MODULES AANGEBIED DEUR DIE DEPARTEMENT
BEDRYFSIELKUNDE**

36846 BEDRYFSIELKUNDE (ARBEIDSTERAPIE)				
132	6	Bedryfsielkunde (Arbeidsterapie)	2L	A
Die mens as werknemer; menslike hulpbronbeplanning; werwing, keuring, plasing en induksie; kommunikasie; motivering; leierskap in ondernemings; oorsig oor arbeidsverhoudinge. Hierdie module is ontwikkel vir studente in Arbeidsterapie en hierdie perspektiewe word gevolglik deurlopend toegelig				

65153 BEDRYFSIELKUNDE (VISUELE KUNSTE)				
324	16	Bedryfsielkunde (Visuele Kunste)	3L	A
Inleiding tot reklame, reklame en die gemeenskap, reklame en die bemarkingsproses, verbruikersmark, rekeningbeplanning en navorsing; hoe reklame werk; reklamebeplanning en strategie; advertensiemedia: beplanning, aankope, gedrukte en elektroniese media. Ontwikkeling van reklame. Integrasie van bemarkingskommunikasie-elemente – promosie, openbare betrekkinge en internasionale reklame. Die geïntegreerde strategie. 'n Navorsingsprojek in samewerking met Departement Visuele Kunste word vereis.				
<i>N Bedryfsielkunde 224</i>				

44776 BEDRYFSIELKUNDE (SPEZIAAL)				
244	12	Bedryfsielkunde (Spesiaal)	3L	A
Lesings word gevolg deur BComm (Bestuursrekeningkunde)-studente. Menslikehulpbronbestuur: menslikehulpbronbeplanning, werwing, keuring, induksie, opleiding en ontwikkeling, prestasiebeoordeling, vergoedingsbestuur, arbeidsomset, werksafwesigheid, gesondheid en veiligheid. Arbeidsverhoudinge: studieterrrein, georganiseerde arbeid, rol van werkgewers, arbeidswetgewing. Organisasiesielkunde: inleiding en oriëntasie, organisasieontwerp, die individu, groepe en spanwerk, motivering, leierskap, organisatoriese doeltreffendheid.				
354	12	Bedryfsielkunde (Spesiaal)	3L	A
Lesings word gevolg deur studente in Bewaringsekologie. Die inhoud van die module is dieselfde as Bedryfsielkunde (Spesiaal) 244.				

51373 INGENIEURSBESTUUR (BEDRYFSIELKUNDE VIR SIVIELE INGENIEURS)				
454	20	Ingenieursbestuur (Bedryfsielkunde vir Siviele Ingenieurs)	2L	A
Organisasiegedrag: inleiding en oriëntasie; organisasieontwerp; die individu; groepe en spanwerk; motivering; leierskap; organisatoriese doeltreffendheid. Arbeidsverhoudinge: studieterrrein, georganiseerde arbeid, rol van werkgewers, arbeidswetgewing.				

**HONNEURSPROGRAMME AANGEBIED DEUR DIE DEPARTEMENT
BEDRYFSIELKUNDE**

Algemeen

Die Departement bied twee honneursprogramme aan: Die honneursprogram in Menslike

Hulpbronbestuur en die HonsBComm (Psig), wat altwee voltyds en modulêr (deelyds) aangebied word.

Navrae

Vir 'n inligtingstuk met meer besonderhede oor nagraadse studie in die Departement Bedryfsielkunde, skakel (021) 808 3005, of besoek die webwerf van die Departement by http://www.sun.ac.za/industrial_psychology/.

Toelatingsvereistes

'n Erkende baccalaureusgraad met Bedryfsielkunde as hoofvak, sowel as voorgraadse blootstelling aan alle Bedryfsielkunde-modules word onder meer vereis vir toelating tot die honneursprogram in Menslike Hulpbronbestuur. Studente met 'n baccalaureusgraad sonder Bedryfsielkunde as hoofvak moet eers as spesiale studente alle ontbrekende voorgraadse Bedryfsielkunde-modules slaag, of vrystelling daarvan verkry indien vergelykbare modules elders geslaag is, voordat hulle in aanmerking kom vir keuring vir honneursstudie in Menslike Hulpbronbestuur. Die BComm (Psig)-kwalifikasie, word onder meer vereis vir toelating tot die Honneursprogram in Bedryfsielkunde (HonsBComm (Psig)). Alternatiewelik word 'n BA-graad met Sielkunde en Bedryfsielkunde tot op derdejaarlak vereis, of 'n BComm-kwalifikasie met Bedryfsielkunde en modules uit Ondernemingsbestuur op derdejaarlak. In beide die laasgenoemde twee gevalle geld die vereiste van 'n gemiddelde prestasie van minstens 60% vir die derdejaar Bedryfsielkunde-modules steeds.

Aansoeke

Studente moet voor 31 Oktober van die vorige jaar skriftelik aansoek doen op aansoekvorms verkrygbaar by die Departement, of op die departementele webwerf (http://www.sun.ac.za/industrial_psychology/). Laat aansoeke sal slegs in uitsonderlike gevalle oorweeg word. Geen aansoeke om toelating tot die honneursprogram gedurende die tweede semester sal oorweeg word nie.

Keuring

'n Beperkte aantal studente word vir elk van die honneursprogramme gekeur op grond van akademiese en ander toelatingsvereistes. 'n Gemiddelde prestasie van minstens 60% in die voorgraadse Bedryfsielkunde-modules word vir toelating tot die honneursprogram in Menslike Hulpbronbestuur vereis. 'n Gemiddelde prestasie van minstens 60% in die Bedryfsielkunde-modules van die BComm (Psig)-program word vereis vir toelating tot die HonsBComm (Psig)-program. Gekeurde studente moet voor die einde van die tweede week van Desember die Departement skriftelik laat weet of hulle voortgaan met die program. Indien daar slegs 'n beperkte aantal studente is wat 'n voltydse honneursmodule wil volg, behou die Departement hom die reg voor om nie die betrokke honneursmodule aan te bied nie of om dié studente in die modulêre program te akkommodeer.

Verpligte vakansiewerk

Voltydse studente moet praktiese werk van minstens 4 weke in 'n goedgekeurde bedryfsorganisasie doen voor toelating tot enige van die twee honneursprogramme.

Duur

Voltyds: HonsBComm (Menslike Hulpbronbestuur) en HonsBComm (Psig): 1 jaar
Modulêr: HonsBComm (Menslike Hulpbronbestuur) en HonsBComm (Psig): 2 jaar

Krediete

'n Totaal van 120 krediete vir albei die grade HonsBComm (Menslike Hulpbronbestuur) en HonsBComm (Psig).

Assessering

Deurlopende assessering word toegepas in alle honneursmodules vir altwee programme. Volgens die bepalings in Deel 1 (Algemeen) van die Jaarboek vind minstens 4 assesserings in semestermodules en minstens 8 assesserings in jaarmodules plaas.

Onderrigmedium

Engels.

Eerste byeenkoms

Die eerste byeenkoms vir voltydse studente vir beide programme is een week voor die aanvang van klasse vir voorgraadse studente om 08:30 in die honneurslokaal van die Bedryfsielkundegebou. Besonderhede oor die eerste byeenkoms van studente in die modulêre programme sal skriftelik aan gekeurde studente gekommunikeer word.

Slaagvereistes

Vir albei programme moet alle vereiste modules (120 krediete in totaal) geslaag word met 'n punt van minstens 50% in elke module, alhoewel die gemiddelde van die modules aangebied vir 'n graadprogram 'n student se finale prestasiepunt verteenwoordig.

Erkenningsperiode vir honneursmodules

Erkenning van honneursmodules vir graaddoeleindes verval normaalweg na vyf jaar tensy skriftelike toestemming vooraf verkry is om die erkenningsperiode te verleng.

Registrasie as "chartered human resource practitioner"

Die program HonsBComm (Menslike Hulpbronbestuur) kan, na goedgekeurde praktiese werk, lei tot registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad vir Personeelpraktyk (SARPP) as "chartered human resource practitioner". Meer besonderhede is beskikbaar op die webwerf van die SARPP (<http://www.sabpp.co.za>).

Modulêre programme

Die modulêre (deeltydse) programme strek oor twee akademiese jare en word slegs in Engels aangebied. Die programme is veral gerig op die behoeftes van werkende persone. Studente is verplig om een keer per jaar vir 'n eenweekperiode en twee keer per jaar vir 'n tweeweekperiode na die Stellenboschkampus te kom. Kontaktye geskied gewoonlik tydens Januarie-Februarie, Junie en November. Werksopdragte, voorbereide take en afstandskakeling tussen student en dosent mag tydens die nie-residensiële periodes plaasvind. Toelatingsvereistes, die aantal krediete, die stelsel van assessering en slaagvereistes is dieselfde as vir die voltydse honneursprogram. Verpligte vakansiewerk word nie vereis nie. Modulêre studente volg vyf semestermodules per jaar, maar moet daarop let dat sommige honneurssemestermodules slegs in ewe jare aangebied word, terwyl ander slegs in onewe jare aangebied word.

Let Wel:

Modulêre studente gradueer tydens die April-gradeplegtigheid. Kyk Deel 1 van die Jaarboek vir meer besonderhede.

SPEZIALE MODULES AANGEBIED

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11904	721	20	Verbruikersielkunde: Navorsing, Eksterne invloede en Besluitneming *	1
11914	751	20	Verbruikersielkunde: Reklame, Interne invloede en Organisasies as Verbruikers *	1
* Slaagvoorvereiste Bedryfsielkunde 224				

48054 MENSLIKE HULPBRONBESTUUR				
778 en 787	120	HonsBComm, HonsBA, HonsBEcon, HonsBAdmin (Menslike Hulpbronbestuur) – Voltyds (778) en Modulêr (787)		
<i>Programinhoud</i>				
Vir die modulêre program word die volgende modules in ewe jare aangebied: Arbeidsverhoudingeteorie en -praktyk; Beroep- en Loopbaansielkunde; en Strategiese Menslike Hulpbronbestuur.				
Die volgende modules word in onewe jare aangebied: Arbeidsreg; Navorsingsmetodiek en Magister-navorsingsvoorstel; Groepsdinamika, Spanwerk en Inleiding tot Organisasieontwikkeling; Motivering in Organisasies; en Psigometrika: Metingsteorie, Toetskonstruksie en Besluitneming.				
Sien ook uiteensetting hieronder.				
Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
<i>Verpligte modules</i>				
10388	711	12	Arbeidsverhoudingeteorie en -praktyk (Perspektiewe en Partye)	1
10389	741	12	Arbeidsverhoudingeteorie en -praktyk (Prosesse)	2
10527	742	12	Groepsdinamika, Spanwerk en Inleiding tot Organisasieontwikkeling	1
10613	713	12	Motivering in Organisasies	1
47015	712	12	Navorsingsmetodiek en Magisternavorsingsvoorstel	1
10665	743	12	Psigometrika: Metingsteorie, Toetskonstruksie en Besluitneming	2
11915	714	12	Strategiese Menslike Hulpbronbestuur I	1
11917	744	12	Strategiese Menslike Hulpbronbestuur II	2
<i>Keusemodules</i>				
51829	745	12	Arbeidsreg	2
10403	715	12	Beroep- en Loopbaansielkunde	1
10406	716	12	Beroepsveiligheid en Bedryfsergonomika	1
10754	717	12	Verbruikersgedrag I	1
10755	746	12	Verbruikersgedrag II	2

10553 BEDRYFSIELKUNDE				
779 en 787	120	HonsBComm (Psig) – Voltyds (779) en Modulêr (787)		
<i>Registrasie as psigometris (onafhanklike praktyk) (psychometrist (independent practice))</i>				
Volgens die vereistes van die Beroepsraad vir Sielkunde van die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika (HPCSA) sal 'n persoon vir statutêre registrasie as psigometris (onafhanklike praktyk) (psychometrist (independent practice)) kwalifiseer na verwerwing van 'n geakkrediteerde BComm (Psig)- en 'n geakkrediteerde HonsBComm (Psig)-graad, die voltooiing van 'n goedgekeurde internskap en die suksesvolle aflegging van 'n professionele raadseksamen, afgeneem deur die Psychometric Committee van die Beroepsraad vir Sielkunde van die HPCSA. Meer besonderhede is beskikbaar op die webwerf van die HPCSA (http://www.hpcsa.co.za).				
<i>Registrasie as Sielkundige, kategorie: Bedryfsielkunde</i>				
Die BComm (Psig), HonsBComm (Psig) en MComm (Psig) word vereis om as sielkundige (in die kategorie Bedryfsielkunde) by die Beroepsraad vir Sielkunde van die HPCSA te registreer. Besonderhede oor die vereistes vir statutêre registrasie as sielkundige is beskikbaar op die webwerf van die HPCSA (http://www.hpcsa.co.za). Studente				

wat beoog om as sielkundiges te registreer, moet vanaf die eerste jaar van hulle magisterstudie as student in Bedryfsielkunde by die Beroepsraad vir Sielkunde registreer. Aansoekvorms kan verkry word by: Die Beroepsraad vir Sielkunde, Die Registrateur, Posbus 205, Pretoria, 0001 of tel. (012) 338 9301, en moet ingevul en teruggestuur word met al die nodige dokumentasie.

Programinhoud

- Vir die modulêre program word die volgende modules in ewe jare aangebied: Beroep- en Loopbaansielkunde; Psigopatologie en Berading in die Werksplek; Strategiese Menslike Hulpbronbestuur; en Toegepaste Sielkundige en Prestasiemeting en Professionele Etiek.

- Die volgende modules word in onewe jare aangebied: Arbeidsverhoudinge en -wetgewing; Navorsingsmetodiek en Magister-navorsingsvoorstel; Groepsdinamika, Spanwerk en Inleiding tot Organisasieontwikkeling; Motivering in Organisasies; en Psigometrika: Metingsteorie, Toetskonstruksie en Besluitneming. Sien ook uiteensetting hieronder.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
Alle modules is verpligtend.				
10387	748	12	Arbeidsverhoudinge en -wetgewing	2
10403	715	12	Beroep- en Loopbaansielkunde	1
10527	742	12	Groepsdinamika, Spanwerk en Inleiding tot Organisasieontwikkeling	2
10613	713	12	Motivering in Organisasies	1
47015	712	12	Navorsingsmetodiek en Magister-navorsingsvoorstel	1
10665	743	12	Psigometrika: Metingsteorie, Toetskonstruksie en Besluitneming	2
10666	747	12	Psigopatologie en Berading in die Werksplek	2
11915	714	12	Strategiese Menslike Hulpbronbestuur I	1
11917	744	12	Strategiese Menslike Hulpbronbestuur II	2
10744	718	12	Toegepaste Sielkundige en Prestasiemeting en Professionele Etiek	1

MAGISTERPROGRAMME AANGEBIED DEUR DIE DEPARTEMENT BEDRYFSIELKUNDE

Algemeen

Die Departement bied twee magisterprogramme aan:

Die magisterprogram in Menslike Hulpbronbestuur word voltyds en modulêr (deeltyds) aangebied. Studente kan 'n voltesisopsie (die 878-opsie) of 'n doseeropsie (die 888-opsie op 'n voltydse basis of die 897-opsie op 'n modulêre basis) volg.

Die magisterprogram in Bedryfsielkunde (MComm (Psig)) word voltyds (die 888-opsie) en modulêr (deeltyds) (die 897-opsie) as 'n gedoseerde program aangebied.

Toelatingsvereistes

'n Erkende honneursgraad in Bedryfsielkunde of Menslike Hulpbronbestuur of 'n gelykwaardige kwalifikasie word onder meer vereis vir toelating tot die magisterprogram in Menslike Hulpbronbestuur.

Die HonsBComm (Psig)-kwalifikasie, of ekwivalente honneursgraad wat deur die Beroepsraad vir Sielkunde met die oog op statutêre registrasie as psigometris (onafhanklike praktyk) (psychometrist (independent practice)) geakkrediteer is, word onder meer vereis vir toelating tot die magisterprogram in Bedryfsielkunde (MComm (Psig)).

Studente moet 'n minimum gemiddelde van 65% vir die voorafgaande honneursgraad behaal. Slegs 'n beperkte aantal studente kan tot hierdie magisterprogramme toegelaat word.

Aansoeke

Studente moet voor 31 Oktober van die vorige jaar skriftelik aansoek doen op aansoekvorms verkrygbaar by die Departement, of op die departementele webwerf (http://www.sun.ac.za/industrial_psychology/), om toelating tot magisterstudie. Laat aansoeke sal slegs in uitsonderlike gevalle oorweeg word. Aansoeke om toelating tot die magisterprogram gedurende die tweede semester sal oorweeg word met dien verstande dat [a] 'n volledige aansoek die Departement bereik voor die eerste Maandag in Junie van die jaar waarin aanvang van studie beoog word, en [b] alle kursuswerk in die bestek van een kalenderjaar voltooi word.

Keuring

Alle magisterstudente word onderwerp aan 'n keuringsproses voor toelating. Gekeurde studente moet voor die einde van die tweede week in Desember die Departement skriftelik laat weet of hulle voortgaan met die program. Indien daar slegs 'n beperkte aantal studente is wat 'n voltydse magistermodule wil volg, behou die Departement hom die reg voor om nie die betrokke module aan te bied nie of, in die geval van die magisterprogram in Menslike Hulpbronbestuur, om dié studente in die modulêre program te akkommodeer. Verder behou die Departement hom die reg voor om bepaalde nagraadse modules tussen semesters te skuif indien beskikbare doseerkapasiteit dit noodsaak.

Slaagvereistes

Om te slaag moet 'n student 'n punt van minstens 50% vir die tesis en, waar van toepassing, minstens 50% in elke module behaal. Die finale prestasiepunt word bereken as die gemiddelde van die punt vir die tesis en die gemiddelde punt vir die modules of die finale prestasiepunt is die punt vir die voltesis. 'n Manuskrip, gebaseer op die tesis, moet vir publikasie in 'n geakkrediteerde tydskrif aan die studieleier voorgelê word by voltooiing van die studie.

Duur

Voltyds 12 maande. Modulêr 24 maande (waarvan daar vir 5 weke tydens die eerste jaar klasse bygewoon word op die kampus).

Krediete

'n Minimum van 120 krediete, waarvan 60 krediete deur 'n tesis opgemaak word en 60 krediete deur die gedoseerde modules vir die gedoseerde program en waarvan 120 krediete deur 'n tesis opgemaak word vir die voltesisprogram.

Assessering

Deurlopende assessering.

Onderrigmedium

Engels.

Aanvang van program

Een week voor die amptelike aanvang van voltydse voorgraadse klasse.

Erkenning van magistermodules

Erkenning van magistermodules vir graaddoeleindes verval normaalweg na vyf jaar tensy skriftelike toestemming vooraf verkry is om die erkenningsperiode te verleng.

Registrasie as Sielkundige, Kategorie: Bedryfsielkunde

Kyk belangrike nota by HonsBComm (Psig).

Magister na Baccalaureus

Eniggen van die bogenoemde magisterprogramme in Menslike Hulpbronbestuur kan gevolg word na verwerwing van enige baccalaureusgraad soos deur die Departement goedgekeur mits uitgebreide praktykervaring oor 'n beduidende periode in die veld van Bedryfsielkunde opgedoen is tot bevrediging van die Departement. Hierdie ervaring moet minstens ekwivalent wees aan voorgraadse studie in Bedryfsielkunde, en aanvullende voorgraadse werk mag vereis word om die ervaring aan te vul. Elke aansoek om toelating tot

magisterstudie na 'n baccalaureus sal op eie meriete oorweeg word. 'n Magister (na baccalaureus)-student moet aanvullende werk in Bedryfsielkunde doen tot op 'n vlak ekwivalent aan honneurs in Menslike Hulpbronbestuur. Die student moet dus al die honneursmodules van die honneursprogram in Menslike Hulpbronbestuur slaag. Aansoek kan gedoen word vir erkenning van enige aanverwante Menslike Hulpbronbestuurmodules wat reeds op nagraadse vlak geslaag is. Afgesien van aanvullende werk, het magister (na baccalaureus)-studente steeds die opsie om 'n volle tesis (878) of gerigte magister (888 of 897) te doen volgens die normale vereistes vir die programme.

Programinhoud

Sien uiteensetting hieronder.

48054 MENSLIKE HULPBRONBESTUUR		
878	120	MComm (Menslike Hulpbronbestuur) – Tesisopsie (878)
'n Student moet 'n tesis inlewer wat die resultaat is van selfstandige ondersoek.		

48054 MENSLIKE HULPBRONBESTUUR		
888 en 897	120	MComm (Menslike Hulpbronbestuur) – Doseeropsie, Voltyds (888) en Doseeropsie, Modulêr (897)

Programinhoud

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
Alle modules is verpligtend.				
51861	813	12	Arbeidsekonomie	1
10639	841	12	Organisasieontwikkeling, Konsultasievaardighede en Professionele Etiek	2
11905	812	6	Konflikbestuur	1
10711	811	12	Strategiese en Etiese Leierskap	1
10716	842	6	Strategiese Menslike Hulpbronontwikkeling (MHO)	2
10717	843	6	Strategiese Organisasie-ontwerp en Kultuur	2
10540	844	6	Informasie-ergonomika	2
11241	871	60	Tesis	1 en 2

10553 BEDRYFSIELKUNDE		
888 en 897	120	MComm (Psig) – Doseeropsie, Voltyds (888) en Doseeropsie, Modulêr (897)

Programinhoud

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
Alle modules is verpligtend.				
10404	845	12	Beroepsgesondheid en -welsyn	2
10550	815	6	Intermediêre Statistiek en Rekenaargebruik	1
11241	871	60	Tesis	1 en 2
10639	841	12	Organisasieontwikkeling, Konsultasievaardighede en Professionele Etiek	2
10648	816	6	Persoonlikheid in die Werksplek	1
10667	817	12	Prestasiedisfunksie in die Werksplek	1
10711	811	12	Strategiese en Etiese Leierskap	1

PROGRAMME AANGEBIED DEUR DIE AFRIKA SENTRUM VIR MIV/VIGSBESTUUR

57665 MIV/VIGSBESTUUR				
778	120	Nagraadse Diploma in MIV/Vigsbestuur		
<i>Algemeen</i>				
Die nagraadse diploma word deur die Afrika Sentrum vir MIV/Vigsbestuur van die Universiteit van Stellenbosch aangebied. Die program strek oor een akademiese jaar en word slegs in Engels aangebied. Daar word van die studente verwag om 6 modules te voltooi, wat elk 20 krediete tel. Die program word oor die internet aangebied, en studente is verplig om een keer per jaar vir een week byeen te kom vir 'n somerskool, wat by Stellenbosch gehou word.				
<i>Toelatingsvereistes</i>				
(i) 'n erkende baccalaureusgraad of 'n Nasionale Hoër Diploma of 'n gelykstaande kwalifikasie, (ii) toepaslike bestuursondervinding, en (iii) rekenaar-, internet- en e-posvaardighede.				
<i>Aansoek om toelating</i>				
Voornemende studente moet voor 31 Augustus van die vorige jaar skriftelik aansoek doen op aansoekvorms wat by die Afrika Sentrum vir MIV/Vigsbestuur aangevra kan word, of op die Sentrum se webtuiste beskikbaar is.				
<i>Kontakbesonderhede vir die aansoekvorms en verdere navrae</i>				
Tel.: +27 (0)21 808 3002/3006/2964				
E-pos: pdm@sun.ac.za of bianca@sun.ac.za of aids@sun.ac.za				
Webadres: http://www.aidscentre.sun.ac.za				
<i>Keuring</i>				
'n Beperkte aantal studente word gekeur op grond van hul kwalifikasie en toepaslike ondervinding, sowel as rekenaarvaardighede.				
<i>Assessering</i>				
Studente word deurlopend geassesseer deur middel van individuele opdragte wat voltooi moet word.				
<i>Slaagvereistes</i>				
Die student moet al 6 modules slaag en 'n totaal van 120 krediete verwerf om die diplomaprogram te slaag.				
<i>Programinhoud</i>				
Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
Alle modules is verpligtend.				
56081	713	20	Die probleem rondom MIV/Vigs	1
56103	716	20	Sosio-kulturele aspekte van MIV/Vigs	1
56111	714	20	MIV/Vigsbeleid	1
56138	717	20	Die voorkoming van Vigs en versorging van mense met MIV/Vigs	2
56146	712	20	Bestuur in die era van MIV/Vigs	2
56154	715	20	Navorsing, monitering en evaluering van MIV/Vigsprogramme	2

57665 MIV/VIGSBESTUUR			
898	120	MPhil (MIV/Vigbestuur)	
<i>Algemeen</i>			
Die Afrika Sentrum vir MIV/Vigsbestuur bied hierdie MPhil deur middel van die internet			

aan. Dit is 'n deeltydse program en studente het een kontakssessie met dosente gedurende die jaar. Daar word van die student verwag om 4 modules van 20 krediete elk en 'n werkstuk van 40 krediete te voltooi.

Toelatingsvereistes

Die toelatingsvereistes is: (i) Nagraadse Diploma in MIV/Vigsbestuur met 'n gemiddeld van minstens 60%, (ii) toepaslike bestuursondervinding en (iii) rekenaar-, internet- en e-pos-vaardighede.

Aansoeke

Voornemende studente moet voor 30 November van die vorige jaar skriftelik aansoek doen op aansoekvorms wat by die Afrika Sentrum vir MIV/Vigsbestuur aangevra kan word, of op die Sentrum se webtuiste beskikbaar is.

Kontakbesonderhede vir die aansoekvorms en verdere navrae

Tel.: +27 (0)21 808 3002 / 3006 / 2964

e-pos: pdm@sun.ac.za of bianca@sun.ac.za of aids@sun.ac.za

Webadres: <http://www.aidscentre.sun.ac.za>

Keuring

'n Beperkte aantal studente word gekeur op grond van akademiese prestasie en ander toelatingsvereistes.

Krediete

120 krediete om die program te voltooi.

Onderrigmedium

Engels.

Slaagvereistes

Die student moet al 4 modules en die werkstuk slaag om die benodigde 120 krediete te behaal.

Programinhoud

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
Alle modules is verpligtend.				
56081	815	20	Epidemiologie van MIV/Vigs	1
47015	815	20	Navorsingsmetodiek	1
57657	845	20	Sosiale Verantwoordelikheid, Etiek en MIV/Vigs	2
57649	845	20	Strategiese Menslike Hulpbronbestuur	2
56375	878	40	Werkstuk	Beide

DOKTORALE STUDIE IN BEDRYFSIELKUNDE

10553 BEDRYFSIELKUNDE		
978	240	PhD (Bedryfsielkunde)
<i>Toelatingsvereistes</i>		
'n Magistergraad met hoofrigting Bedryfsielkunde.		
<i>Aansoeke</i>		
Studente moet skriftelik aansoek doen op aansoekvorms verkrygbaar by die Departement, of op die departementele webwerf (http://www.sun.ac.za/industrial_psychology/), om toelating tot doktorsale studie. Voornemende studente moet die inligtingstuk vir nagraadse studente van die Departement, asook die relevante regulasies in Deel 1 (Algemeen) van die Jaarboek raadpleeg voor inskrywing en aanvang van studie.		
<i>Keuring</i>		
Alle doktorsgraadstudente word voor toelating aan 'n keuringsproses onderwerp.		

Proefskrif

Vir 'n doktorsgraad word 'n proefskrif vereis wat die resultate van selfstandige en oorspronklike navorsing bevat (kyk verdere bepalinge vir doktorsgrade in Jaarboek, Dele 1 en 10).

Duur

24 maande.

Krediete

240 krediete.

Onderrigmedium

Afrikaans en Engels.

Aanvang van program

Direk na toelating.

Registrasie as Sielkundige, Kategorie: Bedryfsielkunde

Inligting omtrent die keuringsproses is beskikbaar op die Departement se webwerf by http://www.sun.ac.za/industrial_psychology.

DEPARTEMENT EKONOMIE

12084 EKONOMIE				
114	12	Ekonomie	3L, 1T	A,E
Die ekonomiese probleem: skaarsheid, prioriteite en geleentheidskoste. Inleidende mikro-ekonomie: vraag en aanbod en die bepaling van ewewig in goederemarkte, produksie- en kosteteorie, markstrukture en die teorie van die onderneming, markmislukkings en die rol van die owerheid.				
144	12	Ekonomie	3L, 1T	A,E
Inleidende makro-ekonomie: die teorie van inkom- en produksiebepaling, die buitelandse sektor en monetêre ekonomie. Nasionale rekeninge en makro-ekonomiese data. Die Suid-Afrikaanse ekonomie: geskiedenis en kenmerke. <i>N Ekonomie 114</i>				
214	16	Ekonomie	3L, 1T	A
Makro-ekonomie: die IS-LM-model, totale vraag en aanbod, inflasie, monetêre skakelingsmeganisme, stabilisasiebeleid. Mikro-ekonomie: goedere en faktormarkte, vraagteorie, produksie- en kosteteorie, markstrukture en die teorie van die onderneming, welvaartsteorie. <i>S Ekonomie 114, 144</i>				
244	16	Ekonomie	3L, 1T	A
Suid-Afrikaanse monetêre beleid. Internasionale handel en finansies: Die teorie van internasionale handel, beperkings op vryhandel, die Wêreldhandelsorganisasie en regionale ekonomiese integrasie, die betalingsbalans, internasionale finansiële markte, aanpassingsmeganismes, beleidsopsies, wisselkoersbepaling, die internasionale monetêre stelsel en Suid-Afrikaanse wisselkoersbeleid. <i>S Ekonomie 114, 144</i> <i>N Ekonomie 214</i>				
288	32	Ekonomie (Lettere en Sosiale Wetenskappe)	3L, 1T	T
Die werking van 'n gemengde ekonomiese stelsel: Die ekonomiese probleem, doelstellings en metodologie. Die werking van die markmeganisme: vraag, aanbod en prysvorming. Verbruikerskeuse; verskillende mark- en ondernemingsvorme. Die ekonomiese kringloop; makro-ekonomiese beleid. Internasionale handel en finansies; groei en ontwikkeling. Die Suid-Afrikaanse ekonomie: Die Suid-Afrikaanse ekonomiese stelsel en sy historiese ontwikkeling. Suid-Afrikaanse ekonomiese instellings; finansiële markte; die arbeidsmark.				

Makro-ekonomiese beleidvoering, handelsbeleid, regionale integrasie, struktuur- en ontwikkelingsbeleid. <i>Deurlopende assessering.</i>				
318	24	Ekonomie	4L, 1S	A
Makro-ekonomie: Ekonomiese groei, konjunktursiklus, monetêre en fiskale beleid. Kwantitatiewe ekonomie: Algemene data-ontleding, wiskundige en ekonometriese tegnieke en inset/uitsetontledings. Mikro-ekonomie: Industriële strukture, markstrukture, die teorie van die onderneming, inleiding tot spelteorie. <i>S Ekonomie 214</i> <i>V Ekonomie 244</i>				
348	24	Ekonomie	4L, 1S	A
Hierdie module is gerig op ekonomiese beleidvoering in 'n ontwikkelende land. Dit dek ekonomiese beleidskriteria, struktuurkenmerke van die Suid-Afrikaanse ekonomie, ekonomiese denke en stelsels, en groei en ontwikkelingsbeleid, waaronder aspekte soos vraag- en aanbodelemente van ekonomiese groei, sektorale en ruimtelike ontwikkeling, inkomsteverdeling en sosiale besteding, mededingingsbeleid, ekonomie van die omgewing, arbeidsbeleid, onderwys en menslike kapitaalvorming en makro-ekonomiese beleidvoering. <i>S Ekonomie 214</i> <i>V Ekonomie 244</i> <i>N Ekonomie 318</i>				
388	24	Ekonomie	2L, 2T	A
Inleidende toegepaste ekonometrie: statistiese konsepte, die klassieke lineêre regressiemodel, multikollinariiteit, outokorrelasie, heteroskedastisiteit, skynveranderlikes, beraming van regressievergelykings. Arbeidseconomie en arbeidsekonometrie: Arbeidsmark, vraag en aanbod, demografiese tendense, vakbonde, Suid-Afrikaanse arbeidsmark. Bestuurseconomie: Wiskundige tegnieke, vraag-, koste- en produksieontledings, prysbepaling, inleiding tot lineêre programmering. Suid-Afrikaanse ekonomiese vraagstukke. <i>Deurlopende assessering.</i> <i>S Ekonomie 214</i> <i>V Ekonomie 244</i> <i>N Ekonomie 318</i>				
381	24	Ekonomie	2L, 2T	A
Die module bestaan uit 3 dele: instusionele ekonomie, owerheidseconomie en omgewingseconomie. Instusionele ekonomie: die rol van formele en informele institusies en die afdwinging daarvan. Die rol van transaksiekoste en die beskerming van eiendomsreg. Owerheidseconomie: die basismodel van 'n markeconomie; markmislukking; openbare keuse; owerheidsmislukking; belasting; interowerheids- fiskale verhoudings. Omgewingseconomie: ekonomiese verklarings vir omgewingsbeskadiging; beleidsmaatreëls; toepassing op 'n spesifieke omgewingsaangeleentheid. <i>Deurlopende assessering.</i> <i>V Ekonomie 214, 244</i>				

12084 EKONOMIE				
778	120 of 128	HonsBComm, HonsBA, HonsBEcon, HonsBAdmin, HonsBScAgric (Ekonomie)		
<i>Toelatingsvereistes</i> Baccalaureusgraad met 'n gemiddelde punt van 60% in Ekonomie 3. <i>Keuring</i> Aangesien slegs 'n beperkte aantal studente in die program geakkommodeer kan word, mag keuring, in ooreenstemming met die Universiteit se oorhoofse keuringsbeleid, onvermydelik wees.				

Duur

12 maande.

Krediete

'n Minimum van 120 of 128 krediete.

Assessering

Eksamens word aan die einde van die eerste semester in Junie en aan die einde van die tweede semester in November afgeneem. Eksamenuitslae word aangevul met die assessering van 'n relatief groot getal kleiner werkstukke en 'n groter navorsingswerkstuk.

Onderrigmedium

Engels.

Aansoeke

Aansoeke vir 'n gegewe jaar moet voor die einde van Oktober van die vorige jaar ontvang word.

Aanvang van program

Januarie 2009.

Bane in program

Die honneursprogram kan in twee bane gevolg word: Suiwer Ekonomie of Finansiële Ekonomie. Die semester waarin modules aangebied word kan van jaar tot jaar op kort kennisgewing verander.

Suiwer Ekonomie

'n Minimum van 120 krediete moet verwerf word. Hoogstens 24 krediete kan uit 'n verwante en goedgekeurde vakrigting gevolg word.

Programinhoud

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
<i>Verpligte modules</i>				
10595	771	12	Makro-ekonomie	1
10605	771	12	Mikro-ekonomie	2
10760	771	12	Wiskundige Ekonomie	1
10541	771	12	Inleidende Ekonometrie	1
11216	771	24	Werkstuk: Ekonomie	1 en 2
<i>Keusemodules</i>				
Ten minste 48 krediete moet geneem word. Al die modules word nie noodwendig elke jaar aangebied nie.				
10430	871	12	Ekonometrie OF	1
10497	872	24	Gevorderde Ekonometrie	2
10432	771	12	Ekonomie van Onderwys I	1
10434	771	12	Ekonomie van Tegnologiese Verandering	2
10457	771	12	Finansiële Markte-analise	2
64041	771	12	Institusionele Ekonomie	2
10554	771	12	Internasionale Finansies	1
10555	771	12	Internasionale Handelsteorie en -beleid	1
10607	771	12	Moderne Ekonomiese Stelsels en Globalisering	2
64033	771	12	Monetêre Ekonomie	2
59617	771	12	Omgewingsekonomie	2
10635	771	12	Ontwikkelingsekonomie	1
11143	771	12	Owerheidsekonomie	2

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

10742	771	12	Toegepaste Makro-teorie I	1
10743	771	12	Toegepaste Makro-teorie II	2
10745	771	12	Toegepaste Mikro-teorie I	1
10746	771	12	Toegepaste Mikro-teorie II	2

Finansiële Ekonomie

'n Minimum van 128 krediete moet verwerf word.

Programinhoud

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
<i>Verpligte modules</i>				
10457	771	12	Finansiële Markte-analise	2
10541	771	12	Inleidende Ekonometrie	1
10554	771	12	Internasionale Finansies	1
10595	771	12	Makro-ekonomie	1
10605	771	12	Mikro-ekonomie	2
64033	771	12	Monetêre Ekonomie	2
11216	771	24	Werkstuk: Ekonomie	1 en 2
10760	771	12	Wiskundige Ekonomie	1

Keusemodules (20 krediete)

11141	711	20	Afgeleide Finansiële Instrumente*	1
11144	745	20	Portefeulje-teorie en -bestuur*	2

*Beleggingsbestuur 254 (Inleiding tot Beleggingsteorie) is 'n slaagvoorvereiste module vir dié modules.

12084 EKONOMIE

878 | 120 | **MComm, MA, MEcon, MAdmin, MScAgric (Ekonomie) (Tesisopsie)**

Toelatingsvereistes

'n Honneursgraad met hoofrigting Ekonomie en met 'n gemiddeld van minstens 60%.

Duur

'n Minimum van 12 maande.

Krediete

120 krediete.

Assessering

'n Student moet 'n tesis inlewer wat die resultaat van selfstandige ondersoek is plus aanvullende werk doen soos deur die Departement vereis mag word.

12084 EKONOMIE

888 | 120 | **MComm, MA, MEcon, MAdmin, MScAgric (Ekonomie) (Na Honneurs)**

Toelatingsvereistes

'n Honneursgraad met hoofrigting Ekonomie en met 'n gemiddeld van minstens 60%.

Keuring

Aangesien slegs 'n beperkte aantal studente in die program geakkommodeer kan word, mag keuring, in ooreenstemming met die Universiteit se oorhoofse keuringsbeleid, onvermydelik wees.

Duur

12 maande.

Krediete

'n Minimum van 120 krediete waarvan óf 24 krediete deur 'n groter navorsingswerkstuk

óf 60 krediete deur 'n tesis en die balans van die krediete uit studierigtings deur die Departement bepaal, verwerf moet word.

Assessering

Eksamens word aan die einde van die eerste semester in Junie en aan die einde van die tweede semester in November afgeneem. Eksamenuitslae word aangevul met die assessering van 'n relatief groot getal kleiner werkstukke en die groter navorsingswerkstuk óf tesis.

Programinhoud

'n Pamflet met inligting oor die gedoseerde magisterprogram is by die Departement Ekonomie verkrygbaar. Die semester waarin die modules aangebied word kan van jaar tot jaar op kort kennisgewing verander.

Onderrigmedium

Engels.

Aansoeke

Aansoek vir 'n gegewe jaar moet voor die einde van Oktober van die vorige jaar ontvang word.

Aanvang van program

Januarie 2009.

Programinhoud

'n Pamflet met inligting oor die gedoseerde magisterprogram is by die Departement Ekonomie verkrygbaar. Die semester waarin die modules aangebied word kan van jaar tot jaar op kort kennisgewing verander. Sien ook uiteensetting hieronder.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
<i>Verpligte modules</i>				
10595	871	18	Makro-ekonomie	1
10605	871	18	Mikro-ekonomie	2
11906	871	12	Dinamiese Ekonomiese Teorie	1
10430	871	12	Ekonometrie	1
10497	872	24	OF Gevorderde Ekonometrie	2
10760	771	12	Wiskundige Ekonomie*	1
11216	871	24	Werkstuk: Ekonomie	1 en 2
11235	872	60	OF Tesis: Ekonomie	

*Wiskundige Ekonomie 771 moet geneem word as 'n gelykwaardige module nie as deel van 'n honneursprogram geneem is nie.

Keusemodules (Minstens 36 krediete)

As Wiskundige Ekonomie 771 of Gevorderde Ekonometrie 872 geneem word, minstens 24 krediete. Indien die tesis-opsie (60 krediete) geneem word, word geen keusemodules vereis nie. Dit is nie noodwendig dat al die modules elke jaar aangebied word nie.

65161	871	12	Handels- en Nywerheidsbeleid	2
10432	771	12	Ekonomie van Onderwys I	1
10433	871	12	Ekonomie van Onderwys II	2
10434	771	12	Ekonomie van Tegnologiese Verandering	2
10457	771	12	Finansiële Markte-analise	2
10515	871	12	Gevorderde Ontwikkelingsekonomie	1
64041	771	12	Institusionele Ekonomie	2
10554	771	12	Internasionale Finansies	1
10555	771	12	Internasionale Handelsteorie en -beleid	1

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

10607	771	12	Moderne Ekonomiese Stelsels en Globalisering	2
64033	771	12	Monetêre Ekonomie	1
59617	771	12	Omgewingseconomie	2
10635	771	12	Ontwikkelingseconomie	1
11143	771	12	Owerheidseconomie	2
10662	871	12	Post-Keynesiaanse Makro-ekonomie	2
11146	871	12	Toegepaste Makro-ekonomie III	1 of 2
10742	771	12	Toegepaste Makro-teorie I	1
10743	771	12	Toegepaste Makro-teorie II	2
10747	871	12	Toegepaste Mikro-ekonomie III	1 of 2
10745	771	12	Toegepaste Mikro-teorie I	1
10746	771	12	Toegepaste Mikro-teorie II	2

12084 EKONOMIE

897 240 **MComm, MA, MEcon, MAdmin, MScAgric (Ekonomie) (Na Baccalaureus)**

Toelatingsvereistes

Baccalaureusgraad met 'n gemiddelde punt van 60% in Ekonomie 3.

Keuring

Aangesien slegs 'n beperkte aantal studente in die program geakkommodeer kan word, mag keuring, in ooreenstemming met die Universiteit se oorhoofse keuringsbeleid, onvermydelik wees.

Duur

24 maande.

Krediete

'n Minimum van 240 krediete (soos voorgeskryf deur die Departement) waarvan minstens 180 uit Ekonomie en hoogstens 24 uit verwante en goedgekeurde studierigtings gekies mag word, terwyl minstens 36 krediete deur groter navorsingswerkstukke verwerf moet word.

Assessering

Eksamens word aan die einde van die eerste semester in Junie en aan die einde van die tweede semester in November afgeneem. Eksamenuitslae word aangevul met die assessering van 'n relatief groot getal kleiner werkstukke en die groter navorsingswerkstukke.

Onderrigmedium

Engels.

Aansoeke

Aansoeke vir 'n gegewe jaar moet voor die einde van Oktober van die vorige jaar ontvang word.

Aanvang van program

Januarie 2009.

Programinhoud

'n Pamflet met inligting oor die gedoseerde magisterprogram is by die Departement Ekonomie verkrygbaar. Die semester waarin die modules aangebied word kan van jaar tot jaar op kort kennisgewing verander. Sien ook uiteensetting hieronder.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
<i>Verpligte modules</i>				
10595	771	12	Makro-ekonomie	1 (Jaar 1)
10605	771	12	Mikro-ekonomie	2 (Jaar 1)
10595	871	18	Makro-ekonomie	1 (Jaar 2)
10605	871	18	Mikro-ekonomie	2 (Jaar 2)

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

10760	771	12	Wiskundige Ekonomie	1 (Jaar 1)
10541	771	12	Inleidende Ekonometrie	1 (Jaar 1)
11906	871	12	Dinamiese Ekonomiese Teorie	1 (Jaar 2)
10430	871	12	Ekonometrie OF	1 (Jaar 2)
10497	872	24	Gevorderde Ekonometrie	2 (Jaar 2)
11216	871	24	Werkstuk: Ekonomie	1 en 2 (Jaar 2)

Keusemodules (Minstens 108 krediete)

As Gevorderde Ekonometrie 872 geneem word minstens 96 krediete. Die keusemodules word in die tweede semester van die eerste jaar en in beide semesters van die tweede jaar geneem. Dit is nie noodwendig dat al die modules elke jaar aangebied word nie.

65161	871	12	Handels- en Nywerheidsbeleid	2
10432	771	12	Ekonomie van Onderwys I	1
10433	871	12	Ekonomie van Onderwys II	2
10434	771	12	Ekonomie van Tegnologiese Verandering	2
10457	771	12	Finansiële Markte-analise	2
10515	871	12	Gevorderde Ontwikkelingsekonomie	1
64041	771	12	Institusionele Ekonomie	2
10554	771	12	Internasionale Finansies	1
10555	771	12	Internasionale Handelsteorie en -beleid	1
10607	771	12	Moderne Ekonomiese Stelsels en Globalisering	2
64033	771	12	Monetêre Ekonomie	2
59617	771	12	Omgewingsekonomie	2
10635	771	12	Ontwikkelingsekonomie	1
11143	771	12	Owerheidsekonomie	2
10662	871	12	Post-Keynesiaanse Makro-ekonomie	2
11146	871	12	Toegepaste Makro-ekonomie III	1 of 2
10742	771	12	Toegepaste Makro-teorie I	1
10743	771	12	Toegepaste Makro-teorie II	2
10747	871	12	Toegepaste Mikro-ekonomie III	1 of 2
10745	771	12	Toegepaste Mikro-teorie I	1
10746	771	12	Toegepaste Mikro-teorie II	2

12084 EKONOMIE

978 240 **DComm, PhD in Ekonomie**

Kyk algemene bepalings vir D-grade in Deel 1 en 10 van die Jaarboek.

56928 EKONOMIE EN WISKUNDIGE STATISTIEK

778 132 **Honneursprogram in Ekonomie en Wiskundige Statistiek**

Toelatingsvereistes

Studente moet deur minstens een van die twee departemente (Ekonomie of Statistiek en Aktuariële Wetenskap) tot honneursstudie toegelaat word, en die ander departement se vak suksesvol as derdejaarhoofvak aangebied het.

Keuring

Aangesien slegs 'n beperkte aantal studente in die program geakkommodeer kan word, mag keuring, in ooreenstemming met die Universiteit se oorhoofse keuringsbeleid, onvermydelik wees.

Duur

12 maande.

Krediete

'n Minimum van 132 krediete.

Assessering

Eksamens word aan die einde van die eerste semester in Junie en aan die einde van die tweede semester in November afgeneem. Eksamenuitslae word aangevul met die assessering van 'n relatief groot aantal kleiner werkstukke en 'n groter navorsingswerkstuk.

Aansoeke

Aansoeke vir 'n gegewe jaar moet voor die einde van Oktober van die vorige jaar ontvang word.

Aanvang van program

Januarie 2009.

Programinhoud

Die program word saamgestel uit minstens 48 krediete uit elk van Ekonomie en Wiskundige Statistiek, 24 krediete wat opsioneel uit die een of die ander geneem kan word, en 12 krediete wat verwerf word deur 'n groter werkstuk wat bestaan uit 'n statistiese toepassing in 'n ekonomiese veld, met gesamentlike studieleiding uit beide departemente. Let daarop dat die eerste semester van jaarmodules is 'n vereiste vir voortsetting in die tweede semester. Die semester waarin die modules aangebied word kan van jaar tot jaar op kort kennisgewing verander. Sien ook uiteensetting hieronder.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
------	--------	----------	------------	----------

Verpligte modules (60 of 72 of 84 krediete)

11217	772	12	Werkstuk: Ekonomie en Wiskundige Statistiek (statistiese toepassing op ekonomiese data)	1 en 2
10595	771	12	Makro-ekonomie	1
10605	771	12	Mikro-ekonomie	2
10430	871	12	Ekonometrie	2
10497	872	24	OF Gevorderde Ekonometrie	2
10598	714	12	Meerveranderlike kategoriese data-analise A	1
10599	744	12	EN Meerveranderlike kategoriese data-analise B	2
10602	715	12	OF Meerveranderlike statistiese analise A	1
10603	745	12	EN Meerveranderlike statistiese analise B	2
65250	718	12	OF Stogastiese simulاسie	1

Keusemodules in Ekonomie

Met Ekonometrie 871: minstens 12 krediete en hoogstens 36 krediete. Met Gevorderde Ekonometrie 872: hoogstens 24 krediete. Al die modules word nie noodwendig elke jaar aangebied nie.

10432	771	12	Ekonomie van Onderwys 1	1
10434	771	12	Ekonomie van Tegnologiese Verandering	2
10457	771	12	Finansiële Markte-analise	2
64041	771	12	Institusionele Ekonomie	2
10554	771	12	Internasionale Finansies	1
10555	771	12	Internasionale Handelsteorie en -beleid	1
10607	771	12	Moderne Ekonomiese Stelsels en Globalisering	2
64033	771	12	Monetêre Ekonomie	2
59617	771	12	Omgewingsekonomie	2

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

10635	771	12	Ontwikkelingsekonomie	1
11143	771	12	Owerheidsekonomie	2
10742	771	12	Toegepaste Makro-teorie I	1
10743	771	12	Toegepaste Makro-teorie II	2
10745	771	12	Toegepaste Mikro-teorie I	1
10746	771	12	Toegepaste Mikro-teorie II	2

Keusemodules in Wiskundige Statistiek

Met verpligte modules 714, 744 of 715, 745 hierbo: minstens 24 krediete en hoogstens 48 krediete. Met verpligte module 718 hierbo: minstens 36 krediete en hoogstens 60 krediete.

58777	741	12	Data-ontginning	2
10598	714	12	Meerveranderlike kategoriese data-analise A*	1
10599	744	12	Meerveranderlike kategoriese data-analise B*	2
10602	715	12	Meerveranderlike statistiese analise A*	1
10603	745	12	Meerveranderlike statistiese analise B*	2
10750	717	12	Tydreeksanalise A	1
10751	747	12	Tydreeksanalise B	2
65250	718	12	Stogastiese simulاسie*	1

*Indien nie reeds as verpligte modules geneem nie.

54445 EKONOMIESE BELEID

887 | 240 | **MPhil (Ekonomiese Beleid)**

Toelatingsvereistes

'n Baccalaureusgraad wat vir die Senaat aanvaarbaar is. Ervaring in 'n ekonomiese beleidsomgewing is 'n aanbeveling. Aangesien die doel van die program nie is om professionele ekonome op te lei nie, sal persone met 'n nagraadse kwalifikasie in Ekonomie nie tot die program toegelaat word nie.

Keuring

Aangesien slegs 'n beperkte aantal studente in die program geakkommodeer kan word, mag keuring, in ooreenstemming met die Universiteit se oorhoofse keuringsbeleid, onvermydelik wees.

Duur

'n Driejaar-, modulêre program.

Krediete

240 Krediete.

Assesering

Eksamens word aan die einde van die eerste semester in Junie en aan die einde van die tweede semester in November afgeneem. Eksamenuitslae word aangevul met die assesering van 'n relatiewe groot getal kleiner werkstukke en die groter navorsingswerkstuk. Klasbywoning is verpligtend en is 'n voorvereiste vir eksamentoelating.

Onderrigmedium

Engels.

Aansoeke

Aansoeke vir 'n gegewe jaar moet voor die einde van Oktober van die vorige jaar ontvang word.

Aanbiedingswyse

Studente woon gedurende die duur van die program 2 byeenkomste op die kampus (Januarie/ Februarie en Junie/Julie) van 2 weke elk per jaar by. Hierdie intensiewe kontakssessies word aangevul met werksopdragte wat gedurende die res van die jaar voltooi moet word.

Programinhoud

Die program is gerig op die opleiding van ekonomiese beleidspraktisyns wat nie nood-

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

wendig formele skoling in Ekonomie het nie. Die program bestaan uit verpligte en keusemodules. Vyf keusemodules moet gevolg word. 'n Groter navorsingswerkstuk van 48 krediete word vereis. Die semester waarin die modules aangebied word kan van jaar tot jaar op kort kennisgewing verander. Sien ook uiteensetting hieronder.				
Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
<i>Verpligte modules</i>				
64262	**	32	Makro- en mikro-ekonomiese teorie*	1 (Jaar 1)
64270	**	24	Beleidsontleding en -toepassing*	2 (Jaar 1)
64289	**	16	Kwantitatiewe ontledingstechniek	1 (Jaar 2)
64297	**	16	Fiskale beleid en staatsfinansiële bestuur	2 (Jaar 2)
64300	**	24	Monetêre en wisselkoersbeleid	1 (Jaar 3)
11233	872	48	Werkstuk	1 en 2 (Jaar 3)
<i>Keusemodules (80 krediete)</i>				
Die keusemodules word gedurende jaar 2 en 3 geneem.				
64319	**	16	Nywerheids- en handelsbeleid	1
64327	**	16	Arbeidsmarkbeleid	2
64335	**	16	Mededingingsbeleid	1
64343	**	16	Ruimtelike ontwikkelingsbeleid	1
64351	**	16	Landboubeleid	1
64378	**	16	Mynboubeleid	2
64386	**	16	Gesondheidsbeleid	2
64394	**	16	Welsynsdienste en bestaansbeveiligingsbeleid	2
64408	**	16	Onderwysbeleid	1
64416	**	16	Behuisingsbeleid	2
64424	**	16	Omgewingsbeleid	2
64432	**	16	Vervoerbeleid	1
*Makro- en Mikro-ekonomiese teorie en Beleidsontleding en -toepassing is slaagvoorvereistes vir die res van die program.				
**Studente registreer nie vir elk van die modules afsonderlik nie, maar wel vir een omvattende module, naamlik 10431 Ekonomiese Beleid: Capita Selecta 871(192), saam met 11233 Werkstuk 872(48).				

DEPARTEMENT HANDELSREG

35998 HANDELSREG (HANDEL)				
253	8	Handelsreg (Handel)	3L, 1T	A
Basiese beginsels van ondernemingsreg.				
<i>S Handelsreg (Rekeningkunde) 193 of Handelsreg (Handel) 284</i>				
283	32	Handelsreg (Handel)	3L, 1T	A
Algemene inleiding tot die regswetenskap en die Suid-Afrikaanse Reg; algemene beginsels van kontraktereg en besondere kontrakte; basiese beginsels van ondernemingsreg, insolvensiereg, arbeidsreg en beslegting van handelsgeskillte.				
<i>Opmerking</i>				
Handelsreg 283(32) verleen normaalweg slegs toelating tot Handelsreg 381(24) en/of Handelsreg 382(24) vir studente wat eersgenoemde module met 'n prestasiepunt van 60 of meer geslaag het.				
284	32	Handelsreg (Handel)	3L, 1T	A
Grondbeginsels van die Suid-Afrikaanse regstelsel; verbintenissereg (kontraktereg, deliktereg, verteenwoordiging); arbeidsreg; ondernemingsreg (ondernemingssoorte en oprigting,				

maatskappyfinansiering, maatskappybestuur, likwidasie, "corporate governance" en verwante etiese vraagstukke).

Opmerking

Handelsreg (Handel) 284 mag slegs deur BComm (Finansiële Rekeningkunde)- en BComm (Bestuursrekeningkunde)-studente geneem word.

381	24	Handelsreg (Handel)	2L, ½T	A
------------	----	----------------------------	--------	---

Die regsbeginsels betreffende maatskappye, beslote korporasies, trusts en vennootskappe.

S Handelsreg (Handel) 282 of 283 met 'n prestasiepunt van minstens 60

SPEZIALE MODULES IN HANDELSREG VIR BRek- EN BComm (BESTUURSREKENINGKUNDE)-STUDENTE

58432 HANDELSREG (REKENINGKUNDE)

193	24	Handelsreg (Rekeningkunde)	3L, 1T	A
------------	----	-----------------------------------	--------	---

Bronne van die Suid-Afrikaanse Reg en basiese begrippe; algemene beginsels van kontraktereg, verteenwoordiging; besondere kontrakte (koopkontrak, huurkontrak en krediet-ooreenkomste); arbeidsreg; insolvensiereg en sekerheidstelling; betalingsinstrumente.

254	12	Handelsreg (Rekeningkunde)	3L, 1T	A
------------	----	-----------------------------------	--------	---

Arbeidsreg; insolvensiereg en sekerheidstelling; betalingsinstrumente.

Opmerking

Oorgangsmodule in 2007 en 2008 vir studente wat Handelsreg (Rekeningkunde) 291 in 2006 sak of studente wat die voorvereiste module Handelsreg (Rekeningkunde) 192 in 2006 geneem het.

V Handelsreg (Rekeningkunde) 192

292	24	Handelsreg (Rekeningkunde)	2L, ½T	A
------------	----	-----------------------------------	--------	---

Die regsbeginsels betreffende maatskappye, beslote korporasies, trusts en vennootskappe.

V Handelsreg (Rekeningkunde) 193

DEPARTEMENT INLIGTINGWETENSKAP

Die inhoud en modulekodes van die vak Informasiestelselbestuur is dieselfde as die vak Sosio-Informatika. Raadpleeg www.sun.ac.za/ISM vir meer inligting oor module-inhoude, lesinglokale en -tye, asook nagraadse voortsetting. Aanvullende inligting is ook beskikbaar by www.sun.ac.za/Sosio-Informatika. Die vak val tans in die kategorie van "skaars vaardighede" soos deur die regering gedefinieer.

11852 INFORMASIESTELSELBESTUUR

212	8	Organisatoriese Informasiesisteme 1	1½L	T
------------	---	--	-----	---

Inleiding tot informasiesisteme in korporatiewe en staatsorganisasies.

224	16	Inleiding tot Rekenaarprogrammering	2L, 2P	T
------------	----	--	--------	---

Beginsels van rekenaarprogrammering. Vaardigheidsontwikkeling in objek-georiënteerde programmeertale.

254	16	Internet – tegnologie en ontwerp 1	1L, 3P	T
------------	----	---	--------	---

Die internet en die wêreldwye web. Argitektuur van hipertekststelsels. Die ontwerp van webwerwe en -portale.

262	8	Elektroniese Besigheid en Regering	1½L	T
------------	---	---	-----	---

Die bestuur van private en publieke organisasies in informasie en kennistegnologieryke omgewings.

Opmerkings

- In Informasiestelselbestuur 212, 224, 262 en 254 word die stelsel van deurlopende assessering gebruik.
- In 2009 volg studente wat Informatiebestuur 222 agterstallig is Informatiestelsel-

bestuur 224.				
314	18	Databasisstelsels	3I, 2P	T
Databasiskonsepte, -modelle, -ontwerp en -bestuur. <i>V Informasiestelselbestuur 254</i> <i>S Informasiestelselbestuur 212</i>				
324	18	Kennisdinamika en Kennisbestuur 1	4L	T
Sisteem-, kubernetiese, en kompleksiteitsteorieë, en die bestuur van kennis in organisasies.				
354	18	Informasiesisteme 2	2L, 3P	T
Gevorderde sagtewaretoepassings, waaronder simulاسie en modellering. Integrاسie van voorafgaande modules deur die ontwerp en voorlegging van 'n elementêre eksperimentele sisteem. <i>V Informasiestelselbestuur 314</i>				
364	18	Kennisdinamika en Kennisbestuur 2	3L, 1P	T
Kennistegnologie en Kennisgebaseerde sisteme, Kunsmatige Intelligensie en Kennisdinamika in komplekse organisasies. <i>V Informasiestelselbestuur 314</i>				
<i>Opmerkings</i>				
1. In alle derdejaarsmodules word die stelsel van deurlopende assessering gebruik.				
2. In 2009 volg studente wat Informasiebestuur 344 agterstallig is Informasiestelselbestuur 364.				

DEPARTEMENT LANDBOU-EKONOMIE

15504 LANDBOU-EKONOMIE				
234	16	Suid-Afrikaanse landbou	6L	A
Oorsig oor die struktuur van die landboubedryf m.b.t. produksie-aktiwiteite en hulpbron-gebruik; ontleding van die landbou se plek in die volkshuishouding; die institusionele raamwerk vir landbou; die internasionale konteks. Historiese verloop van landboubeleid; landboubelemking en pryse.				
242	8	Landbouproduksie-ekonomie en finansiële ontledingsmetodiek	2L, 1T	A
Produksieverwantskappe; optimering by faktor-produk-, faktor-faktor- en produk-produkverwantskappe; kosteverwantskappe; inkomste-, koste- en marge-begrippe in boerdery; kosteberekening; ekonomiese en finansiële maatstawwe; begrotings. <i>V Ekonomie 178 of Ekonomie 114</i>				
262	8	Die ekonomie van landbouhulpbronne	3L	T
Basiese begrippe; faktore wat die vraag, aanbod en waarde van natuurlike hulpbronne beïnvloed; hulpbronne en tegnologie; die invloed van ligging op grondgebruik; bedryfs-spesifieke faktore.				
314	16	Boerderybestuur	4L, 2T	A
Benaderings tot bestuurswese; entrepreneurskap; strategiese en operasionele besluitneming; bestuursfunksies; bestuursinligting en -stelsels; kapitaalbehoefte van 'n boerdery-onderneming en landboukredietbronne; finansieringsbeleid. Ontleding van probleme met betrekking tot boedelbeplanning, erfopvolging en belasting (kapitaaloordrag- sowel as inkomstebelasting) in die landbou. Die kommunikasieproses, kommunikasiekanale. <i>V Landbou-ekonomie 242</i>				
324	16	Boerderybesluitneming en -beplanning	4L, 2T	A
Kreatiewe probleemoplossing; raamwerk vir besluitnemingsontleding; inligtingsverwerking en menslike oordeel; benaderings tot besluitneming onder toestande van risiko en onsekerheid; hulpmiddels en tegnieke by boerderybesluitneming en -beplanning; toe-				

passings van lineêre programmering; tekortkominge van lineêre programmering en bekendstelling van ander programmeringstegnieke; gevallestudies.				
<i>V Landbou-ekonomie 242</i>				
344	16	Landbou- en voedselbemarking		3L, 3P A
Voedselverbruikersgedrag en voedselkwaliteit; voedselbemarkingsnavorsing en -inligting; bemarkingstrategieë t.o.v. landbouprodukte en voedsel in Suid-Afrika; voedselbemarking in die informele sektor; voedselverbruiksgedrag van die lae-inkomste-verbruikers.				
354	16	Landboubeleidanalise		3L A
Die plaasprobleem; beleidsinstrumente om dit aan te spreek; toepassings in die Suid-Afrikaanse landbou; internasionale handelsbeleid.				

15504 LANDBOU-EKONOMIE				
778	120	HonsBComm (Landbou-ekonomie)		
<i>Programinhoud</i>				
Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
<i>Keusemodules (120 krediete)</i>				
15504	771	24	Landbou-ekonomie	Beide
15504	772	24	Landbou-ekonomie	Beide
15504	773	24	Landbou-ekonomie	Beide
15504	774	24	Landbou-ekonomie	Beide
15504	775	24	Landbou-ekonomie	Beide
15504	776	24	Landbou-ekonomie	Beide
15504	777	24	Landbou-ekonomie	Beide
15504	779	24	Landbou-ekonomie	Beide

DEPARTEMENT LOGISTIEK

58351 KWANTITATIEWE BESTUUR				
214	16	Kwantitatiewe Bestuur		3L, 2T A
<p>Netwerke: Definiëring, ontwikkeling en toetsing van kwantitatiewe modelle. Netwerkoptimering (minimum spanbome, kortste en langste afstande, maksimum vloei en minimum-koste-netwerkvloei). Projekskedulering (PERT en CPM). Inleidende roetebeplanning (handelsreisiger- en posbodeprobleem). Plasing van fasiliteite (mediaanprobleme, senterprobleme en probleme met voorvereistes). Oplossings met behulp van toepaslike programmatuur.</p> <p><i>S Statistiek 186 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144</i></p> <p>of</p> <p><i>S Statistiese Metodes 176 met prestasiepunt bo 60</i></p>				
244	16	Kwantitatiewe Bestuur		3L, 2T A
<p>Inleiding tot Optimering en Modelling: Lineêre programmering (hersiening, grafiese metode, simpleksalgoritme, dualiteit en sensitiviteit). Modelling met lineêre programmering. Transportasie (modellering, transportasie-simpleksalgoritme). Deterministiese voorraadbeheer (ABC-analise, ekonomiese bestelhoeveelheid, grootmaatafslag, nie-nul-afleweringstye, kontinue produksiemodelle, oorsaakbestellings). Oplossings met behulp van toepaslike programmatuur.</p> <p><i>S Statistiek 186 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144</i></p> <p>of</p> <p><i>S Statistiese Metodes 176 met prestasiepunt bo 60</i></p> <p><i>S Kwantitatiewe Bestuur 214</i></p>				
318	24	Kwantitatiewe Bestuur		4L, 2T A
<i>Optimering: Heeltallige programmering (modellering van 0-1, heeltallige en gemengde</i>				

heeltallige probleme en vertak-en-begrensmetode). Nie-lineêre programmeringsprobleme. Toewysings- en deurvoerprobleme. Doelwitprogrammering. Dinamiese programmering (formulering en oplossing met behulp van netwerke). <i>Besluitneming:</i> Besluitnemingsanalise (basiese konsepte, risiko en onsekerheid, multikriterium-besluitnemingsanalise, gelykbreekanalise, grenskoste-ontledings, beslissingsbome, nutteorie, sensitiviteitsanalise). Speleorie. Finansiële en ekonomiese investeringsbeplanning (beginsels van renteberekening, nominale en effektiewe rente, evaluering-metodes en keusemaatstawwe, vervangingsbesluite). Beslissingsbome en lineêre programmeringsmodelle in finansiële besluitneming. <i>S Kwantitatiewe Bestuur 214, 244, Renterekening 152</i>				
348	24	Kwantitatiewe Bestuur	4L, 2T	A
<i>Produksie- en Stogastiese Modelling</i> Produksiemodelling: Inleidende vooruitskatting (hersiening van Holt en Winter se metodes, lineêre regressie). Rekenaartoepassings van vooruitskatting. Kwaliteitsbeheer (sentrale limietstelling, betroubaarheidsintervalle, kontrolekaarte). Toepassings uit die vervaardiging- en dienstesektor. Produksieskedulering. Voorsieningskettingkoördinerings, MRP, JIT. Oplos-sings met behulp van toepaslike programmatuur. Stogastiese Modelling: Markov-analise (toestande, oorgangmatrikse en stabiele toestande). Toustaanteorie (modellering van aankoms- en diensprosesse, geboorte-sterfte-prosesse, enkel-en meerbedienertoue, eindige populasie, konstante dienstye). Simulasie (kansgetalle, Monte Carlo-simulasie, diskrete gebeurtenissimulasie, analise van simulasie-afvoer). Simula-sie van voorraadmodelle en toustaanprobleme. Toepassings met sigblaai en simul8. <i>S Kwantitatiewe Bestuur 214, 244</i>				

50407 LOGISTIEKE BESTUUR				
214	16	Logistieke Bestuur	3L, 1P	A
Inleiding tot logistieke bestuur: die rol van logistiek in die onderneming, die elemente van logistiek, geïntegreerde logistieke bestuur, distribusiekanale, kliëntediens, strategiese aspekte van logistieke bestuur, organisasie vir doeltreffende logistiek, internasionale logistiek, nuwe tendense. <i>S Ondernemingsbestuur 113</i>				
244	16	Logistieke Bestuur	3L, 1P	A
Bedryfslogistiek: private (eie) logistiek, die uitkontrakteringsbesluit, beroepslogistiek, vervoerbestuur en -bedryf, ordening van die voorsieningsketting. <i>S Ondernemingsbestuur 113, Logistieke Bestuur 214</i>				
318	24	Logistieke Bestuur	4 L	A
Logistieke beplanning en organisasie: Ontwikkeling, rol en posisionering van logistiek in die onderneming en in die ekonomie. Strategiese en taktiese aspekte van logistieke beplanning. Aard, uitset en bydrae van logistiek asook die wisselwerking en onderlinge verwantskap tussen logistieke aktiwiteite. Bydrae van logistiek tot die mededingende voordeel van 'n onderneming. <i>S Logistieke Bestuur 214, 244, Ekonomie 114, 144</i> <i>S Statistiese Metodes 176 of Statistiek 186 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144</i>				
348	24	Logistieke Bestuur	4 L	A
Logistieke Beheer: Logistieke kostebestuur. Koördinerings van voorsieningskettings. Monitering en beheer van logistieke werkverrigting en prestasie. Beoordelingsmaatstawwe; die meet van doeltreffendheid, doeltreffendheid en finansiële produktiwiteit. Kliëntevereistes teenoor bereikbare logistieke dienslewering. Hersiening van logistieke doelwitte. <i>S Logistieke Bestuur 214, 244, Logistieke Bestuur 318, Ekonomie 114, 144</i> <i>S Statistiese Metodes 176 of Statistiek 186 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144</i>				

55336 OPERASIONELE NAVORSING				
214	16	Netwerkoptimering	3L, 3P	A
<p>Inleiding tot netwerkmodellering. Tyd- en ruimtekompleksiteit van algoritmes m.b.v. ordenotasië, heuristiek vs. eksakte metodes, samehangendheid van gerigte en ongerigte netwerke, kortste afstande (algoritmes van Dijkstra en Floyd), langste afstande (projekskedulering), kortste spanbome (algoritmes van Kruskal en Prim), liggingsprobleme (veralgemeende senters en mediane), maksimale vloei-probleme. Toepassings m.b.v. toepaslike sagteware. <i>S Wiskunde 114, 144</i></p>				
244	16	Lineêre Programmering	3L, 3P	A
<p>Modellering met lineêre programmering (LP). Geometrie van LP, eienskappe van oplossings, fundamentele stelling van LP, simpleksalgoritme, groot M- en twee-fase-metode, sensitiviteitsanalise, dualiteit en aanvullende speling, spesiale gevalle van die simpleksalgoritme (vervoer, deurvoer, toewysing en minimale kostevloei). Dinamiese Programmering. Toepassings m.b.v. toepaslike sagteware. <i>S Wiskunde 114, 144</i></p>				
314	16	Kombinatoriese Optimering	3L, 3P	A
S Finansiële Rekeningkunde 278 of 288

V Bestuursrekeningkunde 288 of 278

10812 BESTUURSREKENINGKUNDE

798	120	HonsBComm (Bestuursrekeningkunde)		
------------	-----	--	--	--

Toelatingsvereistes

Die graad BComm (Bestuursrekeningkunde) of BComm (Finansiële Rekeningkunde) van die Universiteit van Stellenbosch of 'n gelykwaardige kwalifikasie van 'n ander universiteit en 'n prestasiepunt van minstens 60 in Bestuursrekeningkunde 378 en in Finansiële Rekeningkunde 389;

of

Die graad BRek-graad van die Universiteit van Stellenbosch en 'n prestasiepunt van minstens 60 in Bestuursrekeningkunde 378 en 'n prestasiepunt van 55 in Finansiële Rekeningkunde 379.

Duur

12 maande.

Krediete

'n Minimum van 120 krediete.

Assessering

Eksamens word in November afgeneem.

Onderrigmedium

Afrikaans of Engels.

Aansoeke

Aansoeke vir 'n gegewe jaar moet voor die einde van November van die vorige jaar ontvang word.

Aanvang van program

Amptelike aanvang van klasse.

Programinhoud

Sien uiteensetting hieronder.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
-------------	---------------	-----------------	-------------------	-----------------

Alle modules is verpligtend.

11159	786	12	Bestuursrekeningkunde Navorsingsprojek	Beide
-------	-----	----	--	-------

10496	715	12	Gevorderde Bestuursrekeningkunde	1
-------	-----	----	----------------------------------	---

10500	781	24	Gevorderde Finansiële Rekeningkunde	Beide
-------	-----	----	-------------------------------------	-------

10680	784	24	Risiko- en Inligtingsbestuur	Beide
10710	783	24	Strategiese Bestuursrekeningkunde	Beide
10712	782	24	Strategiese Finansiële Bestuur	Beide

10812 BESTUURSREKENINGKUNDE				
878	120	MComm (Bestuursrekeningkunde) (Tesisopsie)		
<i>Toelatingsvereistes</i>				
Die graad HonsBComm (Bestuursrekeningkunde) of 'n soortgelyke kwalifikasie van 'n ander universiteit.				
<i>Duur</i>				
12 maande.				
<i>Krediete</i>				
'n Minimum van 120 krediete.				
<i>Assessering</i>				
Die tesis en 'n artikel publiseerbaar in 'n geakkrediteerde tydskrif word geassesseer volgens die voorskrifte van die Departement Rekeningkunde, soos met die student ooreengekom.				
<i>Programinhoud</i>				
'n Navorsingsprojek volgens die voorskrifte van die Departement Rekeningkunde, bestaande uit 'n tesis, asook 'n verwante artikel wat in 'n geakkrediteerde tydskrif publiseerbaar is.				
<i>Onderrigmedium</i>				
Afrikaans of Engels.				
<i>Aansoeke</i>				
Aansoeke vir 'n gegewe jaar moet voor die einde van Oktober van die vorige jaar ontvang word.				
<i>Aanvang van die program</i>				
Soos amptelike aanvang van klasse.				

10812 BESTUURSREKENINGKUNDE				
878	120	MRek (Bestuursrekeningkunde) (Tesisopsie)		
<i>Toelatingsvereistes</i>				
Die graad HonsBRek of die Nagraadse Diploma in Rekeningkunde (na verwerwing van 'n erkende baccalaureusgraad) of van 'n nagraadse diploma (na verwerwing van 'n erkende baccalaureusgraad) of 'n soortgelyke kwalifikasie van 'n ander universiteit.				
<i>Duur</i>				
12 maande.				
<i>Krediete</i>				
'n Minimum van 120 krediete.				
<i>Assessering</i>				
Die tesis en 'n artikel publiseerbaar in 'n geakkrediteerde tydskrif word geassesseer volgens die voorskrifte van die Departement Rekeningkunde, soos met die student ooreengekom.				
<i>Programinhoud</i>				
'n Navorsingsprojek volgens die voorskrifte van die Departement Rekeningkunde, bestaande uit 'n tesis, asook 'n verwante artikel wat in 'n geakkrediteerde tydskrif publiseerbaar is.				
<i>Onderrigmedium</i>				
Afrikaans of Engels.				

Aansoeke

Aansoek vir 'n gegewe jaar moet voor die einde van Oktober van die vorige jaar ontvang word.

Aanvang van die program

Soos amptelike aanvang van klasse.

26883 FINANSIËLE REKENINGKUNDE

178	24	Finansiële Rekeningkunde	4L	A
------------	----	---------------------------------	----	---

Die konseptuele raamwerk van Rekeningkunde; inleiding tot Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde; die rekeningkundige proses; opstel en aanbieding van finansiële verslae van maatskappye volgens die Vierde Bylae van die Maatskappywet, beslote korporasies; vennootskappe; rekeningkundige hantering van besittings en takke.

188	24	Finansiële Rekeningkunde	4L	A
------------	----	---------------------------------	----	---

Teoretiese grondslae in Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde; rekeningkundige stelsels; finansiële verslagdoening van verskillende ondernemingsvorme.

Opmerking

Studente wat nie Rekeningkunde vir Matriek geslaag het nie, moet in die eerste semester vir Finansiële Rekeningkunde 188 5 lesings per week volg.

278	32	Finansiële Rekeningkunde	4L	A
------------	----	---------------------------------	----	---

Voortsetting van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde; voortsetting van vereistes van die Vierde Bylae van die Maatskappywet; inleiding tot groepstate; hantering van intergroeptransaksies en verantwoording vir beleggings in geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings.

S Finansiële Rekeningkunde 178 of 188 (In laasgenoemde geval moet die interne Finansiële Rekeningkunde-toets deur die Departement vereis, suksesvol afgelê word.)

288	32	Finansiële Rekeningkunde	4L	A
------------	----	---------------------------------	----	---

Voortsetting van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde. Finansiële verslagdoening van verskillende ondernemingsvorme.

S Finansiële Rekeningkunde 178 of 188

379	48	Finansiële Rekeningkunde	4½L	A
------------	----	---------------------------------	-----	---

Voortsetting van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde; voortsetting van groepstate; komplekse groepe; verkryging en verkoop van filiale; verandering in mate van beheer; buitelandse bedrywighede; ekwiteitsverantwoording van geassosieerde maatskappye; en gekonsolideerde kontantvloeistate.

S Finansiële Rekeningkunde 278

389	48	Finansiële Rekeningkunde	4L	A
------------	----	---------------------------------	----	---

Gevorderde aspekte van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde; voortsetting van groepstate en gekonsolideerde kontantvloeistate.

S Finansiële Rekeningkunde 278 of 288

26883 FINANSIËLE REKENINGKUNDE

788	120	HonsBComm (Finansiële Rekeningkunde) (ACCA)		
------------	-----	--	--	--

Let Wel:

Die program is opgeskort vanaf 2008 en sal weer aangebied word sodra eksterne akkreditasie by (IRBA) (Independent Regulatory Board for Auditors) gefinaliseer is deur ACCA (Association of Chartered Certified Accountants).

Studente wat die BComm (Finansiële Rekeningkunde)-graad behaal en voldoen aan die nodige toelatingsvereistes sal in die HonsBComm (Bestuursrekeningkunde)-program geakkommodeer word. Kontak die Departement Rekeningkunde vir meer inligting.

Toelatingsvereistes

Die graad BComm (Finansiële Rekeningkunde) van die Universiteit van Stellenbosch met

'n prestasiepunt van minstens 60 in Finansiële Rekeningkunde 389, in Bestuursrekeningkunde 378 en in Belasting 388. Finansiële Rekeningkunde 389 en Bestuursrekeningkunde 378 moet by dieselfde eksamenleentheid geslaag word; of

'n BRek-graad van die Universiteit van Stellenbosch met 'n prestasiepunt van minstens 60 in Bestuursrekeningkunde 378 en minstens 55 in Finansiële Rekeningkunde 379 en in Belasting 399. Finansiële Rekeningkunde 379 en Bestuursrekeningkunde 378 moet by dieselfde eksamenleentheid geslaag word.

Keuring

Streng volgens toelatingsvereistes.

Duur

12 maande.

Krediete

'n Minimum van 120 krediete.

Assessering

Eksamens word in November afgeneem.

Onderrigmedium

Afrikaans en Engels.

Aansoeke

Aansoek vir 'n gegewe jaar moet voor die einde van November van die vorige jaar ontvang word.

Aanvang van die program

Soos amptelike aanvang van klasse.

Programinhoud

Sien uiteensetting hieronder.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
Alle modules is verpligtend.				
10495	785	24	Gevorderde Belastingpraktyk	Beide
10500	781	24	Gevorderde Finansiële Rekeningkunde	Beide
10710	783	24	Strategiese Bestuursrekeningkunde	Beide
10712	782	24	Strategiese Finansiële Bestuur	Beide
10680	784	24	Risiko- en Inligtingsbestuur	Beide

26883 FINANSIËLE REKENINGKUNDE

878 | 120 | **MComm (Finansiële Rekeningkunde) – Tesisopsie**

Toelatingsvereistes

Die graad HonsBComm in Finansiële Rekeningkunde of Bestuursrekeningkunde of soortgelyke kwalifikasie van 'n ander universiteit.

Duur

12 maande.

Krediete

'n Minimum van 120 krediete.

Assessering

'n Tesis word geassesseer volgens die voorskrifte van die Departement Rekeningkunde, soos met die student ooreengekom.

Programinhoud

'n Navorsingsprojek volgens die voorskrifte van die Departement Rekeningkunde, bestaande uit 'n tesis asook 'n verwante artikel wat in 'n geakkrediteerde vaktydskrif publiseerbaar is.

Onderrigmedium

Afrikaans of Engels.

Aansoeke

Aansoeke vir 'n gegewe jaar moet voor die einde van Oktober van die vorige jaar ontvang word.

Aanvang van program

Soos amptelike aanvang van klasse.

26883 FINANSIËLE REKENINGKUNDE

878 | 120 | **MRek (Finansiële Rekeningkunde) – Tesisopsie**

Toelatingsvereistes

Die graad HonsBRek of die Nagraadse Diploma in Rekeningkunde (na verwerwing van 'n erkende baccalaureusgraad) van hierdie Universiteit of 'n ander graad, plus enige ander voorbereidende werk wat die Senaat vir die doel goedgekeur het.

Duur

12 maande.

Krediete

'n Minimum van 120 krediete.

Assessering

Die tesis word geassesseer volgens die voorskrifte van die Departement Rekeningkunde, soos met die student ooreengekom.

Programinhoud

'n Navorsingsprojek volgens die voorskrifte van die Departement Rekeningkunde, bestaande uit 'n tesis asook 'n verwante artikel wat in 'n geakkrediteerde vaktydskrif publiseerbaar is.

Onderrigmedium

Afrikaans of Engels.

Aansoeke

Aansoeke vir 'n gegewe jaar moet voor die einde van Oktober van die vorige jaar ontvang word.

Aanvang van program

Soos amptelike aanvang van klasse.

48062 INLIGTINGSTELSELS

112 | 6 | **Inligtingstelsels in 'n besigheidsomgewing** | 1L, ½P | A

Praktiese vaardigheid in die gebruik van inligtingstelseltegnologie in 'n besigheidsomgewing. Begrip van basiese inligtingstelseltegnologiekomponente. Begrip en praktiese gebruik van bedryfstelsels, woordverwerkers, e-pos, internet, aanbiedingsprogrammatuur en sigbladverwerkers.

Opmerking

Inligtingstelsels 188 en Inligtingstelsels 112 mag nie saam vir graaddoeleindes aangebied word nie.

152 | 6 | **Rekeningkundige inligtingstelsels** | 1L, ½P | A

Die werking van gerekenariseerde rekeningkundige inligtingstelsels. Die integrasie van gerekenariseerde stelsels met Finansiële Rekeningkunde. Die praktiese gebruik van 'n gerekenariseerde rekeningkundige inligtingstelsel.

N Inligtingstelsels 112 of 188 of Rekenaarvaardigheid 172

N Finansiële Rekeningkunde 178 of 188

188 | 24 | **Inligtingstelsels vir rekenmeesters** | 3L, ½P | A

Algemene inligtingstelseltegnologiekonsepte vir besigheidstelsels (algemene stelselteorie, infrastruktuur, netwerke en elektroniese kommunikasie, inleiding tot die bestuur van inligtingstelsels, inleiding tot die ontwikkeling van inligtingstelsels, inleiding tot die beheer van inligtingstelsels). Die rekenmeester as gebruiker van inligtingstelsels (algemene rekenaar-

geletterdheid, woordverwerking, sigbladverwerking, e-pos-programmatuur en internet, aanbiedingsprogrammatuur). Hierdie module is slegs vir BRek, BComm (Finansiële Rekeningkunde) en BComm (Bestuursrekeningkunde).

Opmerking

Inligtingstelsels 188 en Inligtingstelsels 112 mag nie saam vir graaddoeleindes aangebied word nie.

284	12	Ontwerp en bestuur van Rekeningkundige Inligtingstelsels	1L	A
------------	----	---	----	---

Die rekenmeester se rol in die ontwikkeling en bestuur van besigheidstelsels (rol van inligting in die besigheid se ontwerp en gedrag, stelselontwikkelingstegnieke, stelsel-aanskaffing, bestuur en beheer van die stelselontwikkelingsproses). Die praktiese implementering van 'n gerekenariseerde rekeningkundige inligtingstelsel. Integrasie met Finansiële Rekeningkunde en Bestuursrekeningkunde.

S Finansiële Rekeningkunde 178 of 188

V Inligtingstelsels 188

312	12	Inligtingstelsels	1L, 2P	A
------------	----	--------------------------	--------	---

Die toepassing van Finansiële Rekeningkunde, Bestuursrekeningkunde, Belasting en Ouditkunde in die oplos van besigheids- en rekeningkundige probleme deur gebruik te maak van tegnologie.

V Finansiële Rekeningkunde 278

V Ouditkunde 288

17426 OUDITKUNDE

288	24	Ouditkunde	2L, ½P	A
------------	----	-------------------	--------	---

Inleiding en agtergrond tot Ouditkunde; etiek en die wetlike aanspreeklikheid van die ouditeur; die auditproses (vooraanstellings- en beplanningsaktiwiteit); basiese beginsels van interne beheer; interne beheersiklusse en die ontwerp daarvan.

V Finansiële Rekeningkunde 178 of 188

378	24	Ouditkunde	2L, ½P	A
------------	----	-------------------	--------	---

Voortsetting van Ouditkunde 288(24).

Oudit in 'n rekenaaromgewing; die auditproses (oudittoetsing, afhandeling en verslagdoening); ouditsteekproefneming.

V Ouditkunde 288

N Finansiële Rekeningkunde 278 of 288

388	24	Ouditkunde	2L, ½P	A
------------	----	-------------------	--------	---

(Inhoud dieselfde as Ouditkunde 288)

Inleiding en agtergrond tot Ouditkunde; etiek en die wetlike aanspreeklikheid van die ouditeur; die auditproses (vooraanstellings- en beplanningsaktiwiteit); basiese beginsels van interne beheer; interne beheersiklusse en die ontwerp daarvan.

V Finansiële Rekeningkunde 178 of 188

17426 OUDITKUNDE

788	120	Nagraadse Diploma in Ouditkunde		
------------	-----	--	--	--

(Hierdie program word tot nadere kennisgewing nie aangebied nie.)

Toelatingsvereistes

1. Die graad HonsBRek of die Nagraadse Diploma in Rekeningkunde (na verwerwing van 'n erkende baccalaureusgraad) of 'n nagraadse diploma (na verwerwing van 'n erkende baccalaureusgraad) of 'n ander honneursgraad wat die Senaat vir die doel goedgekeur het; en
2. Bewys dat 'n opleidingskontrak as leerlingrekenmeester met 'n ouditeursfirma in openbare praktyk gesluit of voltooi is.

Keuring

Aangesien slegs 'n beperkte aantal studente in die program geakkommodeer kan word, mag keuring, in ooreenstemming met die Universiteit se oorhoofse keuringsbeleid, onvermydelik wees.

Duur

12 maande.

Krediete

'n Minimum van 120 krediete.

Assessering

Toetse en eksamens word geassesseer ingevolge die reëls van die Universiteit.

Onderrigmedium

Afrikaans.

Aansoeke

Aansoeke vir 'n gegewe jaar moet voor die middel van April van daardie jaar ontvang word.

Aanvang van die program

Einde van April.

Programinhoud

Praktiese en beskrywende ouditkunde met verwysing na etiek en korporatiewe beheer, korporatiewe reg, ouditstandpunte, die ouditproses, ouditbeplanning en toetsing, evaluering en verslagdoening, die oudit van gerekenariseerde stelsels, jongste ontwikkelings in ouditkunde en verwante vakke met die oog op voorbereiding vir die Openbare Praktykeksamen van die *Independent Regulatory Board for Auditors*.

Sien ook uiteensetting hieronder.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
Alle modules is verpligtend.				
10358	711	30	Afhandeling van die Oudit	Beide
10505	711	30	Gevorderde Gerekenariseerde Inligtingstelsels	Beide
10640	711	30	Ouditregulering en die Ouditproses	Beide
10641	711	30	Ouditveldwerk	Beide

17426 OUDITKUNDE

878 en 888	120 of 240	MRek (Ouditkunde) – Tesisopsie (878) en Doseeropsie (888)*
-------------------	------------	---

*Die Doseeropsie word tot nadere kennisgewing nie aangebied nie.

Toelatingsvereistes

1. Die graad HonsBRek of die Nagraadse Diploma in Rekeningkunde (na verwerwing van 'n erkende baccalaureusgraad) of 'n gelykwaardige kwalifikasie van 'n ander universiteit.
2. Bewys dat 'n opleidingskontrak as leerlingrekenmeester met 'n ouditeursfirma in openbare praktyk gesluit of voltooi is (slegs vir die doseeropsie).

Keuring

Aangesien slegs 'n beperkte aantal studente in die program geakkommodeer kan word, mag keuring, in ooreenstemming met die Universiteit se oorhoofse keuringsbeleid, onvermydelik wees.

Duur

12 maande in die geval van die tesisopsie (878) en 24 maande in die geval van die doseeropsie (888).

Krediete

Tesis-opsie: 120 krediete; Doseer-opsie: 240 krediete.

Assessering

Die tesis of werkstuk, en die artikel wat publiseerbaar is in 'n geakkrediteerde vaktydskrif, word geassesseer volgens die voorskrifte van die Departement Rekeningkunde, soos met die student ooreengekom.

By die doseeropsie word toets- en eksamenvraestelle deur 'n interne eksaminator en, waar van toepassing, interne en eksterne moderators geassesseer ingevolge die reëls van die Universiteit.

Onderrigmedium

Afrikaans of Engels.

Aansoeke

Aansoeke vir die tesisopsie vir 'n gegewe jaar moet voor die einde van Oktober van die vorige jaar ontvang word.

Aansoeke vir die doseeropsie moet voor die middel van April van die jaar waarin die voorgeskrewe program gevolg gaan word, ontvang word.

Aanvang van die program

Vir die tesisopsie: Soos amptelike aanvang van klasse.

Vir die doseeropsie: Einde van April.

Programinhoud

Studente kan kies tussen 'n tesisopsie en 'n doseeropsie.

Die tesisopsie bestaan uit 'n tesis wat die resultaat is van 'n navorsingsprojek volgens die voorskrifte van die Departement Rekeningkunde, asook 'n verwante artikel publiseerbaar in 'n geakkrediteerde vaktydskrif.

Die doseeropsie bestaan uit 'n voorgeskrewe program met inhoud wat ooreenstem met dié van die Nagraadse Diploma in Ouditkunde (kyk hierbo), asook 'n werkstuk en verwante artikel publiseerbaar in 'n geakkrediteerde tydskrif, wat die resultaat is van 'n navorsingsprojek volgens die voorskrifte van die Departement Rekeningkunde. Sien ook uiteensetting hieronder.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
Alle modules is verpligtend.				
10358	874	30	Afhandeling van die Oudit	Beide
10505	871	30	Gevorderde Gerekenariseerde Inligtingstelsels	Beide
51764	877	10	Navorsingsmetodologie	Beide
11160	875	110	Ouditkunde Werkstuk	Beide
10640	872	30	Ouditregulering en die Ouditproses	Beide
10641	873	30	Ouditveldwerk	Beide

56839 REKENAARODITERING

877 | 120 | **MRék (Rekenaarouditering)**

Let wel

Hierdie program word slegs aangebied as 'n aanvaarbare minimum aantal aansoeke in 'n spesifieke jaar ontvang word. Indien nie, staan aansoeke oor tot die volgende jaar.

Toelatingsvereistes

Die graad HonsBRek of die Nagraadse Diploma in Rekeningkunde (na verwerwing van 'n erkende baccalaureusgraad) of 'n gelykwaardige kwalifikasie van 'n ander universiteit en registrasie as Geoktrooieerde Rekenmeester (SA) by die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters of 'n gelykwaardige kwalifikasie.

Keuring

Aangesien slegs 'n beperkte aantal studente in die program geakkommodeer kan word,

mag keuring, in ooreenstemming met die Universiteit se oorhoofse keuringsbeleid, onvermydelik wees.

Duur

24 maande.

Krediete

'n Minimum van 120 krediete.

Assessering

Werkopdragte, toets- en eksamenvraestelle word deur 'n interne eksaminator en, waar van toepassing, interne en eksterne moderators geassesseer ingevolge die reëls van die Universiteit. Die werkstuk of artikel wat in 'n geakkrediteerde vaktydskrif publiseerbaar is, word geassesseer en, waar van toepassing, gemodereer volgens die voorskrifte van die Departement Rekeningkunde, soos met die student ooreengekom.

Onderrigmedium

Afrikaans of Engels.

Aansoeke

Aansoeke vir 'n gegewe jaar moet voor die einde van Oktober van die vorige jaar ontvang word.

Aanvang van die program

Soos amptelike aanvang van klasse.

Programinhoud

Ouditdoelwitte, rekenaarouditeringstegnieke, beheerraamwerke en risiko, internet-sentriese omgewings, apparatuur- en programmatuurkomponente, projekbestuur, rekenaarsekuriteit, IT-bedryf, e-handel, datapakhuis, pakkette, stelselkompromie.

'n Werkstuk of artikel publiseerbaar in 'n geakkrediteerde tydskrif.

Sien ook uiteensetting hieronder.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
Alle modules is verpligtend.				
56839	871	90	Rekenaarouditering (Doseerkomponent)	Beide
56839	872	30	Rekenaarouditering (Navorsingskomponent)	Beide

18163 REKENINGKUNDE

788 | 120 | **Nagraadse Diploma in Rekeningkunde**

Toelatingsvereistes

Die graad BRek of BRekLLB van die Universiteit van Stellenbosch of 'n gelykwaardige kwalifikasie van 'n ander universiteit en 'n geweegde gemiddelde prestasiepunt van minstens 55% in die modules Belasting 399, Bestuursrekeningkunde 378, Finansiële Rekeningkunde 379 en Ouditkunde 378 (of gelykwaardige modules), asook 'n minimum prestasiepunt van 55% in die module Finansiële Rekeningkunde 379.

Keuring

Streng volgens toelatingsvereistes.

Duur

12 maande.

Krediete

'n Minimum van 120 krediete.

Assessering

Eksamens word in November afgeneem. Die finale prestasiepunt word aangevul deur klastoetse en werkopdragte wat deurlopend geassesseer word. Alle modules moet geslaag word by dieselfde eksamengeleentheid.

Onderrigmedium

Afrikaans.

Aansoeke

Aansoeke vir 'n gegewe jaar moet voor 15 November van die vorige jaar ontvang word.

Aanvang van program

Amptelike aanvang van klasse.

Programinhoud

Praktiese toepassings van die volgende Rekeningkundige vakke:

- Belasting
- Bestuursrekeningkunde en Finansiële Bestuur
- Finansiële Rekeningkunde
- Ouditkunde

Sien ook uiteensetting hieronder.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
-------------	---------------	-----------------	-------------------	-----------------

Alle modules is verpligtend.

10495	785	24	Gevorderde Belastingpraktyk	Beide
10500	781	48	Gevorderde Finansiële Rekeningkunde	Beide
10516	786	24	Gevorderde Ouditkunde, Regulering en Inligting-stelsels	Beide
10710	783	24	Strategiese Bestuursrekeningkunde	Beide

18163 REKENINGKUNDE

778	120	HonsBRek
------------	-----	-----------------

Toelatingsvereistes

BRek of BReKLLB van die Universiteit van Stellenbosch; of 'n gelykwaardige kwalifikasie van 'n ander universiteit en 'n geweegde gemiddelde prestasiepunt van minstens 60% in die modules Belasting 399, Bestuursrekeningkunde 378, Finansiële Rekeningkunde 379 en Ouditkunde 378 (of gelykwaardige modules).

Keuring

Streng volgens toelatingsvereistes.

Duur

12 maande.

Krediete

'n Minimum van 120 krediete.

Assessering

Eksamens word in November afge neem.

Die finale prestasiepunt word aangevul deur klastoetse en werkopdragte wat deurlopend geassesseer word.

Onderrigmedium

Afrikaans.

Aansoeke

Aansoeke vir 'n gegewe jaar moet voor 15 November van die vorige jaar ontvang word.

Aanvang van program

Amptelike aanvang van klasse.

Programinhoud

Geïntegreerde aanbieding van die volgende Rekeningkundige vakke:

- Bestuursrekeningkunde en Finansiële Bestuur
- Belasting
- Finansiële Rekeningkunde
- Ouditkunde

Sien ook uiteensetting hieronder.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
<i>Verpligte module</i>				
10473	778	120	Geïntegreerde toepassings van Rekening-kundige vakke	Beide

18163 REKENINGKUNDE				
978	240	PhD (Rekeningkunde)		
Vir die doktorsgraad word 'n proefskrif vereis wat die resultate van selfstandige navorsing bevat. (Kyk verder Algemene Bepalings vir Doktorsgrade in Deel 1 van die Jaarboek.)				

SKOOL VIR OPENBARE BESTUUR EN BEPLANNING

48003 OPENBARE EN ONTWIKKELINGSBESTUUR				
114	12	Oriëntering tot Ontwikkeling, Samelewing en Staat		3L T
Inleiding tot ontwikkeling, samelewing en Staat as fokusse vir Ontwikkelingsbestuur, deur klem op				
<ul style="list-style-type: none"> - kontekstualisering van ontwikkeling (interdissiplinêre aard, armoede en teorieë); - institusionele rolspelers in ontwikkeling (openbare sektor, privaat sektor, NRO's en vakbonde); - Ontwikkelingsbestuur in die praktyk (strategieë, insluitend ontwikkelingsbeplanning en openbare deelname); - Ontwikkelingsbestuur en aksienavorsing. 				
144	12	Openbare Bestuur en Beleid		3L T
<ul style="list-style-type: none"> - Die bestuurstaak van die openbare bestuurder, die openbarebestuursomgewing, openbarebestuursfunksies, beleidmaking, beplanning, organisering, leierskap, motivering, kontrole, evaluering and openbarebestuursvaardighede. - Die aard van openbare beleid, regeerkunde, ontwikkeling, volhoubaarheid en goeie beleidspraktyke (omgewing, sosiale, ekonomiese en politieke ontwikkeling). 				
212	8	Ontwikkelingsteorieë en paradigmas		1½L T
Kritiese evaluering van die kern ontwikkelingsteorieë en paradigmas, insluitend modernisasie; afhanklikheid; post-ontwikkeling; volhoubare ontwikkeling.				
222	8	Regeerkunde		1½L T
Makro-organisering van die Staat, verdeling van gesag, teorieë van die Staat ("new public management", netwerkteorieë, ko-operatiewe regering, liberale, radikale en ontwikkelings-teorieë van die Staat), geïntegreerde openbare bestuur, praktiese toepassings op nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsfere, die morele en etiese grondslae van die Staat.				
242	8	Ontwikkelingsbeleidraamwerke		1½L T
Fokus op die volgende ontwikkelingsverwante areas wat daarop gemik is om die leerders te laat nadink oor moontlike ontwikkelingstrategieë en beleide wat voorgestel kan word in elke area om positiewe verandering teweeg te bring. Die doel en fokus van die module sal teoreties wees, relatief tot praktiese uitdagings. Geselekteerde makrovlak-ontwikkelingsuitdagings sal op gefokus word. Hierdie sluit die volgende in:				
<ul style="list-style-type: none"> - 'n Inleiding in makrovlak-ontwikkelingstrategieë in die Suid-Afrikaanse konteks - Ontwikkelingsdimensies: Ekonomiese en sosiale ontwikkeling en die rol van die Staat in 'n globale konteks: RDP en GEAR - Stedelike en landelike ontwikkeling – stedelike vernuwing en die landelike ontwikkelingstrategie - Volhoubare ontwikkeling/die natuurlike omgewing en ontwikkeling 				
252	8	Die Openbare Beleidsproses		1½L T
Definieer openbare beleid en ontwikkelingsbeleid, ontleed die proses waardeur openbare beleid tot stand kom, beleidagendastelling, beleidopsigenerering, beleidimplementering,				

beleidevaluering, beleidimpakbeoordeling en beleidverandering.				
314	12	Mikro-ontwikkelingsbestuurstrategieë	1½L	T
<ul style="list-style-type: none"> - Mikrovlak-strategieë vir Ontwikkelingsbestuur-praktyk geïntegreer met toepaslike ontwikkelingsteorie, strategie, bestuur and beleidsbeginsels op 'n holistiese en interdissiplinêre wyse - Geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning (GOP) in die konteks van Ontwikkelingsgerigte Plaaslike Bestuur, deur gemeenskapsontwikkeling, beplanning en projekbestuur op mikrovlak; funksies van veranderingsagente, die Gemeenskapswerker-Program, strategieë vir openbare deelname, die sosiale leerproses, kapasiteitsbou, bemagtiging en volhoubare ontwikkeling op mikro/plaaslike regeringsvlak - Die relevansie van kwalitatiewe navorsing en inheemse kennisstelsels vir gemeenskapsontwikkeling en projekbestuur <p><i>S Openbare en Ontwikkelingsbestuur 114, 144, 212, 222, 242, 252</i></p>				
324	12	Openbare Bestuurstrategieë	1½L	T
<p>Hierdie module ondersoek die strategiese aard en integriteit van wat ook al beplan, uitvoer en geëvalueer word ten einde goeie regeerkunde te verseker. Die ondersoek fokus op:</p> <ul style="list-style-type: none"> - Strategiese funksie: Definiëring, beplanning, uitvoering en evaluering van die doel van 'n inisiatief deur middel van strategiese beplanning sowel as program- en projekbestuurstechnieke; - Hulpbronne: Strategieë vir benutting van finansiële, menslike en informasie-hulpbronne in diens van die doel; en - Struktuur: Die aanwending van organisasie-ontwikkelingstechnieke ten einde die toepaslike organisasieraamwerk waarmee die doel gedien word te bekom. <p><i>S Openbare en Ontwikkelingsbestuur 114, 144, 212, 222, 242, 252</i></p>				
348	24	Geïntegreerde Ontwikkeling, Beleid en Bestuurteorie en Praktiese Sluitsteen	1½L	T
<p>Die bestudering van kritiese vraagstukke in openbare en ontwikkelingbestuur en geïntegreerde regering, byvoorbeeld aangeleenthede rakende etiek, behuising, openbare en privaat vennootskappe, alternatiewe dienslewering, organisasieverandering, prestasiebestuur, transformasie en regulering, en omgewingsregeerkunde (<i>capita Selecta</i>).</p> <p><i>S Openbare en Ontwikkelingsbestuur 114, 144, 212, 222, 242, 252</i></p>				

NAGRAADSE PROGRAMME

48003 OPENBARE EN ONTWIKKELINGSBESTUUR				
778	120	HonsBA (Openbare en Ontwikkelingsbestuur) en HonsBComm (Openbare en Ontwikkelingsbestuur)		
788	120	HonsB in Publieke Administrasie		
<p><i>Toelatingsvereistes</i></p> <ol style="list-style-type: none"> 1. BA-, BAdmin-, BEcon-, BComm-graad in Openbare en Ontwikkelingsbestuur met aanvaarbare studierekord, of 2. Enige universiteitsgraad/BTech-graad/vierjarige, tersiêre diploma met aanvaarbare studierekord, toepaslike werkblootstelling en slaag van vyf NKR-vlak 6-toelatingsmodules, of 3. Enige driejarige, tersiêre diploma met aanvaarbare studierekord, ten minste 5 jaar toepaslike werkblootstelling, voldoening aan die vereistes van die Universiteit se AEVL-beleid (Assessering en Erkenning van Vorige Leer) waarvolgens die ekwivalent van 120 krediete op NKR-vlak 6 geassesseer en erken kan word, sowel as slaag van vyf NKR-vlak 6-toelatingsmodules. <p><i>Keuring</i></p> <p>Aangesien slegs 'n beperkte aantal studente jaarliks in die program geakkommodeer kan word, mag keuring, in ooreenstemming met die Universiteit se oorhoofse keuringsbeleid,</p>				

onvermydelik wees.

Duur

Die program word deur kombinerings van modulêre (blokaanbieding van lesings oor 1-2 weke per keer) en interaktiewe telematiese onderwys oor een jaar aangebied.

Krediete

'n Minimum van 120 krediete.

Assessering

Werkstukke, gevallestudies en groepsprojekte gedurende die loop van elke jaar en geskrewe eksamens aan die end van elke kwartaal.

'n Prestasiepunt van 50% word vereis om 'n module te slaag en 'n prestasiepunt van 75% om met onderskeiding (*cum laude*) te slaag. Dienooreenkomstig word 'n gemiddelde prestasiesyfer van 50% vereis om die totale program te slaag en 'n gemiddelde prestasiesyfer van 75% om met onderskeiding (*cum laude*) te slaag.

Programinhoud

Brosjure beskikbaar by die kursusbeampte

Tel.: (021) 918 4193, e-pos: enquiry@sopmp.sun.ac.za

NKR-vlak 6: Voorvereiste modules

- Navorsingsmetodes en Skryfvaardigheid vir Openbare en Ontwikkelingsbestuur
- Oriëntering tot Openbare Bestuur
- Oriëntering tot Ontwikkeling
- Oriëntering tot Openbare Beleid
- Rekenaarvaardigheid in Openbare en Ontwikkelingsbestuur

NKR-vlak 7: Prestasie-modules (120)

Sien uitsetting hieronder

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
60674	761	13	Finansiële Bestuur en Kosteverrekening	Beide
60682	761	13	Informasie- en Kommunikasietegnologie vir Bestuur	Beide
58661	761	13	Leierskap en Veranderingsbestuur	Beide
		13	OF Korporatiewe Regering*	Beide
59250	761	13	Mensebestuur	Beide
		13	OF Openbaresektorouditering*	Beide
60690	761	13	Projekbestuur en Organisasie-ontwerp	Beide
58750	761	13	Regeerkunde	Beide
11648	761	13	OF	Beide
			Plaaslike Regeerkunde	
58688	761	13	Tendense in Openbare Beleidsbestuur en -analise	Beide
58718	761	13	Volhoubare Ontwikkeling	Beide
		13	OF Prestasiebestuur en Verslaglewering*	Beide
58807	761	16	Sluitsteenervaring	Beide

*Alternatiewe modules vir Spesialisasie in Openbare Finansies

In ooreenstemming met die Direkteur van die Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning mag studente enige module van 13 krediete vervang met 'n nagraadse module van gelykstaande krediete uit 'n ander hoofvak.

Onderrigmedium

Engels, maar werkstukke en eksamens kan in Afrikaans geskryf word as die student dit

sou verkies.

Aansoeke

Aansoeke moet vóór einde Oktober van die vorige jaar ontvang word.

Aanvang van die program

Normaalweg middel Januarie.

48003 OPENBARE EN ONTWIKKELINGSBESTUUR

868	120	MA in Openbare en Ontwikkelingsbestuur en MComm in Openbare en Ontwikkelingsbestuur (Gedoseerd)
898	120	Magister in Publieke Administrasie (Gedoseerd)
878	120	MA in Openbare en Ontwikkelingsbestuur en MComm in Openbare en Ontwikkelingsbestuur (Navorsing)
888	120	Magister in Publieke Administrasie (Navorsing)

Toelatingsvereistes

HonsBA/HonsBAdmin/HonsBComm/HonsBEcon in Openbare en Ontwikkelingsbestuur, HonsB in Publieke Administrasie en die Gevorderde Diploma in Publieke Administrasie of 'n honneursgraad in Openbare en Ontwikkelingsbestuur verwerf aan 'n ander universiteit. 'n Aanvaarbare studierekord in die voorafgaande programme word ook vereis. 'n Gemiddeld van 65% in die voorafgaande program word geag aanvaarbaar te wees, alhoewel ander oorewegings, soos byvoorbeeld bevredigende ontwikkeling gedurende die voorafgaande program, ook in ag geneem mag word vir aansoekers wat minstens 60% in die voorafgaande program behaal het. Toelating tot die 100%-navorsingsprogram is onderhewig aan die voltooiing en aanvaarding van 'n navorsingsvoorstel tydens die verpligte kontakweek in Februarie.

Keuring

Aangesien slegs 'n beperkte aantal studente jaarliks in die program geakkommodeer kan word, mag keuring, in ooreenstemming met die Universiteit se oorhoofse keuringsbeleid, onvermydelik wees.

Duur

Die program word deur kombinerings van modulêre (sluitsteenlaboratorium van 1 tot 2 weke) en interaktiewe telematiese onderwys oor een jaar aangebied.

Krediete

'n Minimum van 120 krediete.

Assessering

Die program bied twee opsies:

Volle navorsingsopsie: Die student moet benewens 'n kursus in toepaslike gevorderde navorsingsmetodologie en akademiese skryfvaardigheid (indien so kursus nog nie suksesvol deurgeloopt is nie), 'n tesis van 120 krediete onder leiding van 'n senior akademikus voltooi. Die tesis word dan onderwerp aan eksaminering deur die studieleier, 'n interne eksaminator en 'n eksterne eksaminator. Die tesis moet bewys lewer van die student se vermoë om bestaande data, inligting en kennis te integreer ten einde nuwe kennis en wysheid te genereer.

Gedoseerde opsie: Die student volg 'n verpligte module in Openbare Bestuursreg (30 krediete), sowel as een keusemodule van 30 krediete en 'n toepaslike, gevorderde kursus in navorsingsmetodologie en akademiese skryfvaardigheid. Studente moet onder andere ook deelneem aan 'n sluitsteenlaboratorium waar verskeie aktiwiteite daarop gemik is om geïntegreerde assessering te doen en vas te lê met 'n mondelinge eksamen. Daarbenewens moet elke student 'n beperkte tesis van 60 krediete voltooi wat steeds aan al die kwalitatiewe vereistes van 'n tesis moet voldoen en wat ook steeds deur die volle proses van eksaminering deur die studieleier, 'n interne eksaminator en 'n eksterne eksaminator gevoer word.

'n Prestasiepunt van 50% word vereis om 'n module te slaag en 'n prestasiepunt van 75% om met onderskeiding (*cum laude*) te slaag. Dienooreenkomstig word 'n gemiddelde prestasie-

syfer van 50% vereis om die totale program te slaag en 'n gemiddelde prestasiesyfer van 75% om met onderskeiding (*cum laude*) te slaag.

Programinhoud

(Brosjyre vir die magisterprogramme is beskikbaar by die Kursusbeampte, tel. (021) 918 4400, e-pos enquiry@sopmp.sun.ac.za)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
------	--------	----------	------------	----------

Verpligte module(s)

11242	861	60	Tesis: Openbare en Ontwikkelingsbestuur EN	Beide
60488	861	30	Openbare bestuursreg	Beide
11242	862	120	Tesis: Openbare en Ontwikkelingsbestuur	Beide

Keusemodules (een) by die gedoseerde opsie

60518	861	30	Geïntegreerde Openbare Bestuur	Beide
60496	861	30	Geïntegreerde Gemeenskapsgebaseerde Ontwikkeling	Beide
60526	861	30	Geïntegreerde Openbare Beleidsbestuur en -analise (<i>Toelatingsvereiste: 60% of hoër in Rekenaarvaardigheid in honneursprogram</i>)	Beide
66370	861	30	Munisipale Bestuur en Ontwikkeling	Beide
58874	861	30	Capita Selecta <i>Ander toepaslike module, 'n sektorspesifieke spesialisasie, Monitering en Evaluering of Projekbestuur (minstens 10 studente) (Keusemodule in oorleg met Direkteur vervangbaar met module aan 'n buitelandse universiteit gevolg)</i>	

Onderrigmedium

Engels, maar geskrewe opdragte, eksamens, navorsingswerkstuk/tesis kan in Afrikaans geskryf word as die student dit sou verkies.

Aansoeke

Aansoeke vir 'n gegewe jaar moet voor einde Oktober van die vorige jaar ontvang word.

Aanvang van die program

Normaalweg laat Januarie of vroeg Februarie.

58246 OPENBARE BESTUUR EN ONTWIKKELINGSBEPLANNING

978 | 240 | PhD/DAdmin in Openbare Bestuur en Ontwikkelingsbeplanning

Raadpleeg die gedeelte oor toelatingsvereistes vir doktorsgrade vroeër in hierdie deel van die Jaarboek. Vir die doktorsgraad word 'n proefskrif vereis wat die resultaat van selfstandige navorsing is. (Kyk verder "Gevorderde Grade" in Deel 1 van die Jaarboek.)

58122 VOLHOUBARE ONTWIKKELINGSBEPLANNING EN -BESTUUR (BPhil en MPhil)

Hierdie gestruktureerde transdissiplinêre programme, met vier opsies wat fokus op die beplanning, bestuur en praktyk van volhoubare ontwikkeling, word in samewerking met die Sustainability Institute aangebied. Die gestruktureerde BPhil-graad word verwerf deur kursuswerk (8 modules van 15 krediete elk) terwyl die MPhil 'n navorsingsgraad is. Die MPhil, wat volg op die kursuswerk van die BPhil, word verwerf deur 'n navorsingstesis/projek wat 50%, 75% of 100% van die krediete vir die graad opmaak. Die 50%-tesis (60 krediete) MPhil vereis ook die voltooiing van 4 keusemodules van 15 krediete elk, terwyl

75%-tesis (90 krediete) MPhil ook twee keusemodules van 15 krediete elk vereis. Tensy van tyd tot tyd so anders deur die Programdirekteur gespesifiseer, geskied alle module-aanbiedings op die perseel van die Sustainability Institute in Lynedoch.

788	120	BPhil in Volhoubare Ontwikkelings-beplanning en -bestuur		E
------------	-----	---	--	---

Toelatingsvereistes

1. Enige baccalaureus- of BTech-graad of 'n relevante, vierjarige diploma met 'n slaagsyfer van 60% in een van die volgende hoofvakke: Stads- en Streekbeplanning, Behuising, Geografie en Omgewingstudie, Sosiologie, Sielkunde, Ekonomie, Openbare en Ontwikkelingsbestuur, Botanie, Soölogie, Ekologie/Natuurbewaring, Geologie, Wiskunde, Statistiek, Landbou-ekonomie, Vervoerekonomie, Bosbou, Siviele/Strukturele/Meganiese/Elektriese Ingenieurswese, Argitektuur, Landmeetkunde of enige ander hoofvak goedgekeur deur die Programkomitee. Relevante werkservaring sal ook vir toelating oorweeg word; of
2. Enige driejarige, tersiêre diploma met ten minste 5 jaar toepaslike werkservaring en voltoening aan die Universiteit en die Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning se AEVL-beleid (Assessering en Erkenning van Vorige Leer). Volgens hierdie beleid moet die ekwivalent van 120 krediete op NKR-vlak 7 (baccalaureusgraad-vlak) aangebied word op een of meer van die volgende maniere, onderworpe aan die besluit van die Programkomitee, bestaande uit die Direkteur van die Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning, die Programdirekteur en ander relevante persone:
 - 2.1 Voltooiing van aanvullende modules voor of gedurende die graadprogram
 - 2.2 Erkenning van professionele kortkursusse, indiensopleidingskursusse en voltooide vakke vir 'n graad of diploma
 - 2.3 Indiening van 'n leer-portfolio, met kopieë van geskrewe werk (handleidings, projekvoorstelle, verslae, ens.)
 - 2.4 Die slaag van 'n toelatingseksamen.

Opmerking

Let asseblief daarop dat goedkeuring in terme van die AEVL-beleid heelwat addisionele informasie en tyd vereis. 'n Voorvereiste vir aanvaarding is dikwels die suksesvolle voltooiing van een of meer modules in 'n jaar, waarna die AEVL-aansoek geprosesseer sal word. Die student kan dan formeel registreer in die jaar na sy oorspronklike aansoek, maar alle voltooide modules sal in aanmerking gebring word vir die doel van die graad. Let ook dat die BPhil-graad 'n multidisiplinêre nagraadse graad is, op dieselfde vlak as 'n HonsB-graad.

Keuring

Aangesien slegs 'n beperkte aantal studente jaarliks in die program geakkommodeer kan word, mag keuring, in ooreenstemming met die Universiteit se oorhoofse keuringsbeleid, onvermydelik wees. Voorkeur sal verleen word aan studente met relevante ondervinding wat vroegtydig aansoek doen.

Sluitingsdatum vir aansoeke

Aansoeke vir 'n gegewe jaar moet voor einde Oktober van die vorige jaar ontvang word tensy 'n student deur die Programdirekteur toegelaat word om later aansoek te doen.

Krediete

'n Minimum van 120 krediete.

Duur

Die graad kan behaal word na 'n minimum tydperk van een jaar en die geslaagde voltooiing van 8 modules. Die program word aangebied oor 'n periode van 1 jaar (volytds) of 2 jaar (deelytds) in 'n modulêre eenweekkontakssessies met onafhanklike gestruktureerde self-studie in die res van die studietydperk.

Studente wat voor 2006 vir die MPhil-program in Volhoubare Ontwikkelingsbeplanning en -bestuur geregistreer het, sal toegelaat word om aansoek te doen vir toestemming om uit

te tree uit die MPhil-program met 'n BPhil-graad in Volhoubare Ontwikkelingsbeplanning en -bestuur, indien hulle die vereiste 8 modules suksesvol voltooi het. Die Programkomitee sal, met inagneming van die finansiële implikasies vir die Universiteit asook die oorweging van die akademiese meriete van die saak, besluit of toestemming verleen word of nie vir die uittreding.

Assessering

Assessering van die basis-, kern- en algemene modules geskied deur deurlopende assessering, wat enige van die volgende metodes insluit:

- 'n individuele werkopdrag wat ingehandig word na voltooiing van die module op 'n datum vooraf deur die Programdirekteur bepaal,
- klaswerk (normale groepswerk),
- 'n joernaal van leeswerk en refleksies oor die module,
- 'n geskrewe eksamen/toets en/of 'n mondelinge eksamen, en
- kort daaglikse klaswerkopdragte, gebaseer op voorgeskrewe leeswerk.

Elke module-koördineerder het die diskresie om te besluit oor die geskikste kombinasie van assesseringsmetodes, met die voorwaarde dat elke assesseringsgeleentheid nie meer as 25% van die finale punt vir die module sal uitmaak nie.

'n Prestasiepunt van 50% word vereis om 'n module te slaag en 'n prestasiepunt van 75% om met onderskeiding (*cum laude*) te slaag. Om die BPhil-graad te slaag, word 'n gemiddelde prestasiesyfer van 50% (insluitende 'n slaagsyfer van 50% vir elke module) vereis en 'n gemiddelde prestasiesyfer van 75% om met onderskeiding (*cum laude*) te slaag. 'n Minimum slaagsyfer van 50% vir die individuele werkstuk is 'n vereiste vir elke module.

Programinhoud

(Brosjyre vir BPhil beskikbaar by www.sustainabilityinstitute.net)

Hierdie gestruktureerde, transdissiplinêre program is saamgestel uit kursuswerk gefokus op die beplanning, bestuur en praktyk van volhoubare ontwikkeling. Voorsiening word gemaak vir vier programopsies met verskillende kombinasies van modules in elkeen. Elke opsie bestaan uit 8 modules wat voltooi moet word. Modules van die BPhil-program in Volhoubare Ontwikkelingsbesplanning en -bestuur wat deur studente as spesiale studente voltooi is (insluitend die suksesvolle voltooiing van alle groepwerk en individuele werkstukke en joernale), sal erken word vir doel van die graad. Die programkomitee mag, op geskrewe aanvraag van die student, 'n ander soortgelyke nagraadse module van gelykstaande kredietwaarde van 'n ander universiteit in die plek van enige van die kernmodules van 15 krediete aanvaar, met dien verstande dat dieselfde modules nie vir 2 grade aangebied mag word nie. Die kursuskomponent van die BPhil-graad in Volhoubare Ontwikkelingsbeplanning en -bestuur is saamgestel uit 'n verpligte basismodule en verpligte en keuse-kernmodules.

Programsamestelling

Die basismodule (Volhoubare Ontwikkeling) is verpligtend en moet deur studente voltooi word alvorens daar met die ander modules begin kan word. Elke opsie (Volhoubare Ontwikkeling, Volhoubare Ontwikkelingsbeplanning, Volhoubare Landbou, Hernubare en Volhoubare Energie) skryf 'n spesifieke kombinasie van moduleseleksies voor. Die voorskrifte word in besonderhede hieronder beskryf.

Opsie 1: Volhoubare Ontwikkeling

Studente volg 8 van die onderstaande modules.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
<i>Verpligte module</i>				
58718	771	15	Basismodule: Volhoubare Ontwikkeling	Beide
<i>'n Keuse van hoogstens sewe Kernmodules uit die volgende modules aangebied deur die Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning</i>				
11195	773	15	Regeerkunde, Globalisering en Burgerlike	Beide

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

			Gemeenskap	
11199	775	15	Volhoubare Stede	Beide
11190	772	15	Kompleksiteitsteorie en Sisteemdenke	Beide
11192	773	15	Leierskap en Etiek	Beide
11187	772	15	Biodiversiteit en Volhoubare Landbou	Beide
11188	776	15	Ekologiese Ontwerp vir Gemeenskapsbou	Beide
11191	774	15	Korporatiewe Burgerskap	Beide
11194	772	15	Ontwikkelingsbeplanningsteorie en -praktyk	Beide
55492	771	15	Ontwikkelingsbeplanning en Omgewingsanalise	Beide
11182	772	15	Beplanningsisteme, -reg en -beleid	Beide
11198	775	15	Toegepaste Ekonomie vir Beplanners	Beide
11181	772	15	Beleid en Wetlike Raamwerk vir Landelike Ontwikkeling en Landbousektor	Beide
11196	774	15	Sisteme en Tegnologieë vir Volhoubare Landbou I	Beide
11197	774	15	Sisteme en Tegnologieë vir Volhoubare Landbou II	Beide
11650	771	15	Energie-doeltreffende Stede	Beide
11651	771	15	Hernubare Energiebeleid	Beide
11918	775	15	Bestuur van Volhoubare Landbou-onder-nemings	Beide

'n Keuse van hoogstens twee Kernmodules uit die volgende Kernmodules aangebied deur departemente in die Ingenieurswese- en Agriwetenskappe-fakulteite

64904	744	15	Bio-energie	Beide
64912	744	15	Konvensionele Energiesisteme	Beide
10511	844	12	Gevorderde Meerveranderlike Kategoriese Data-analise B	2
11911	823	12	Gevorderde Regressie-Tegnieke A	1
11912	853	12	Gevorderde Regressie-Tegnieke B	2
10521	821	12	Gevorderde Statistiek A	1
10522	851	12	Gevorderde Statistiek B	2
10523	818	12	Gevorderde Steekproefnemings-tegnieke	1
18130	822	12	Meerdimensionele Skalering A	1
11910	852	12	Meerdimensionele Skalering B	2
10694	811	12	Skoenlus- en ander Steekproefhergebruik-tegnieke A	1

10695	841	12	Skoenlus- en ander Steekproefhergebruik-tegnieke B	2
11913	851	12	Toegepaste Ekstreemwaarde-teorie	2

19658 STATISTIEK

978 240 **DComm en PhD in Statistiek**

Vir die doktorsgraad in Statistiek word 'n proefskrif vereis wat die resultate van selfstandige navorsing bevat. Kyk verder Algemene Bepalings vir Doktorsgrade in Deel 1 van die Jaarboek.

19690 STATISTIESE METODEDES

176 18 **Statistiese Metodes en Rekenaargebruik vir die Praktijk** * A

*Eerste semester: 3L, 1½T; Tweede semester: 2L, 1½T

Steekproefnemings tegnieke: Eenvoudig ewekansig; Gestratifiseerd; Sistematies; Tros; Waarskynlikheid eweredig aan grootte.

Beskrywende Statistiek: Verskillende data tipes; Stingel-en-blaarvoorstellings; Frekwensieverdelings; Grafiese voorstelling van data (histogramme, veelhoeke, staaf- en sektor-diagramme); Beskrywende maatstawwe van lokaliteit en spreiding (gemiddelde, mediaan, modus, variansie, standaardafwyking, persentiele); Benaderde maatstawwe vir gegroepeerde data; Houer-en-puntdiagramme; Maatstaf van verwantskap (korrelasiekoëffisiënt).

Waarskynlikheidsleer: Basiese waarskynlikheidskonsepte (steekproefruimtes, gebeurtenisse, optel- en vermenigvuldigingsreëls, voorwaardelike waarskynlikhede, waarskynlikheidsbome, gebeurlikheidstabelle); Bayes se stelling; Telreëls.

Diskrete stogastiese veranderlikes en waarskynlikheidsverdelings: Verwagte waarde, variansie en standaardafwyking van 'n diskrete stogastiese veranderlike; Kovariansie tussen diskrete stogastiese veranderlikes; Verwagte waarde en variansie van 'n portefeulje; Die binomiaal- en Poisson-verdelings.

Kontinue stogastiese veranderlikes en waarskynlikheidsverdelings: Die normaal- en eksponensiaalverdelings.

Steekproefverdelings: Die sentrale limietstelling; Steekproefverdelings van die gemiddelde en 'n proporsie.

Inferensieële Statistiek: Intervalberaming en hipotesetoetsing van die gemiddelde en 'n proporsie; Intervalberaming en hipotesetoetsing van die verskil tussen twee gemiddeldes; Steekproefgrootte-berekening gebaseer op intervalberaming.

Variansieanalise: Eenrigting- en tweerigtingontwerpe.

Regressieanalise: Die eenvoudige lineêre regressiemodel; Inferensie omtrent die modelparameters en die korrelasiekoëffisiënt; Meervoudige lineêre regressie.

Tydreeksanalise: Die komponente van 'n tydreeks; Gladstryking; Kleinstekwadratetendenspassing en -vooruitskatting.

Opmerkings

1. Toepassing van statistiese tegnieke met behulp van Microsoft® Excel word deurgaans beklemtoon.

2. Studente wat Statistiese Metodes 176(18) geslaag het, kan Statistiek 214(16) daarna volg, mits 'n prestasiepunt van minstens 60% verwerf is.

Deurlopende assessering.

38784 RENTEREKENING

152 6 **Renterekening** 2L, 1T A,T

Enkelvoudige en saamgestelde rente; rente-intensiteit; slotbedrag, teenswoordige waarde en diskonto; akkumulering en verdiskontering van geldbedrae; verskillende tipes annuïteite en toepassings.

60712 GEVORDERDE STATISTIEK				
816	8	Gevorderde Statistiek (Volgens Ingenieursblokke)	6L, 4P	
<p>Gevorderde verdelingsleer, waarskynlikheidsmodelle, toepassings, simulاسie van enkele stogastiese veranderlikes, ekstreemwaardeverdelings, transformاسie van stogastiese veranderlikes, inleiding tot betroubaarheid.</p> <p>Stogastiese prosesse, transforms en voortbringende funksies vir waarskynlikhede, Laplace-transformاسies, Markov-kettings en Markov-prosesse met diskrete toestande.</p> <p>Toustaanteorie 1: Algemene teorie en toepassings van toustaanmodelle met een of meer waglyne in serie of parallel.</p> <p>Toustaanteorie 2: Verdere toepassings van spesifieke waglynkonfigurasies, betroubaarheid, puntgebeurtenisse, hernuwingsteorie.</p> <p><i>S Ingenieurstatistiek 314</i></p>				

41696 CHEMIESE INGENIEURSWESE D				
244	16	Eksperimentele Ontwerp	3L, 1T	A
<p>Veranderlikheid van metings; tabellering, voorstelling en beskrywing van waarnemings; diskrete en kontinue variate en hul waarskynlikheidsmodelle; binomiaal-, negatiefbinomiaal-, Poisson-, eksponensiaal- en normaalverdelings; betroubaarheidsteorie; simulاسie en pas van waarskynlikheidsmodelle; steekproefverdelings en beraming van parameters; vertrouensintervalle; die meting van verwantskappe; eenvoudige lineêre regressie- en korrelasie-analise; beraming deur die metode van kleinste kwadrate; beginsels van kwaliteitskontrolle. Statistiese ontwerp van eksperimente. Statistiese analise van eksperimentele data.</p> <p>Uitvoering van Chemiese Ingenieurswese-eksperimente op proefaanlegskaal; verslag-skrywing en rekenaarsimulasies.</p> <p>Tuisdept.: Prosesingenieurswese (50% aangebied deur Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap)</p> <p><i>N Vloeimeganika 244</i></p> <p><i>V Ingenieurswiskunde 115, 145</i></p>				

39985 BIostatistiek EN EPIDEMIOLOGIE				
342	10	Biostatistiek en Epidemiologie	2L, 1P	T
<p>Beskrywende statistiek; waarskynlikhede; hipotesetoetsing; parametriese en nie-parametriese toetse; regressie- en korrelasie-analise van variانسie met spesifieke verwysing na toepassing in dieetkunde. Praktiese onderrig in die gebruik van Excel.</p>				

59498 INGENIEURSTATISTIEK				
314	16	Ingenieurstatistiek	3L, ½T	A
<p>Toegepaste waarskynlikheidsleer; toepassings gebaseer op diskrete en kontinue variate en hul waarskynlikheidsverdelings waaronder die normaal-, gamma-, lognormaal-, Log Pearson Tipe 3 (LP3)-, Gumbel (EV1)-verdelings; wagtydprosesse; gesamentlike verdelings; beskrywende statistiek en grafiese voorstellings; momente, gemiddeldes, mediaan en standaardafwykings; momentvoortbringende funksies; variasiekoëffisiënt, skeefheidskoëffisiënt, spitsheidskoëffisiënt; steekproefteorie; punt- en intervalberaming; hipotesetoetsing; chi-kwadraat- en K-S pasgehalte toetse; eenvoudige lineêre en nie-lineêre regressie- en korrelasie-analise; inleiding tot meervoudige lineêre regressie; inleiding tot analise van variانسie en eksperimentele ontwerp.</p> <p><i>S Ingenieurswiskunde 115</i></p> <p><i>S Ingenieurswiskunde 145</i></p>				

43214 AKTUARIËLE WETENSKAP				
<p><i>Let Wel:</i></p> <p>Vaardigheid in Engels is 'n akademiese vereiste vir alle Aktuariële Wetenskap-modules.</p>				

112	8	Renterekening	2L, 1T	A
<p>Enkelvoudige en saamgestelde rente; rente-intensiteit; slotbedrag, teenswoordige waarde en diskonto; akkumulering en verdiskontering van geldbedrae; verskillende tipes annuïteite en toepassings.</p> <p><i>Opmerking</i> Hierdie module is meer intensief as Renterekening 152.</p>				
142	16	Inleiding tot Aktuariële Wetenskap	4L	E
<p>Wiskundige aktuariële metodes en modelle, beginsels van lewensgebeurlikhede, lewensversekering, algemene versekering en beleggings, werknemersvoordele en nuwe tendense met spesiale verwysing na die Suid-Afrikaanse versekeringsbedryf. Aktuariële professionalisme en etiek.</p> <p><i>S Wiskunde 114 met 'n prestasiepunt van ten minste 60, Aktuariële Wetenskap 112</i> <i>N Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144</i></p>				
242	16	Inleiding tot Aktuariële Wiskunde	4L	E
<p>Die toepassing van stogastiese prosesse op modelle vir finansiële doeleindes; inleiding tot wiskundige tegnieke van toepassing in die modellering en die waardasie van kontantvloei(e) afhanklik van sterfte, oorlewing en ander onsekere risiko's.</p> <p><i>S Wiskunde 114, 144 met 'n gemiddelde prestasiepunt van minstens 60%</i> <i>S Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144 met 'n prestasiepunt van minstens 65</i> <i>S Aktuariële Wetenskap 112 of Renterekening 112</i> <i>S Wiskunde 214, Wiskundige Statistiek 214</i> <i>N Aktuariële Wetenskap 142, 274</i></p>				
274	24	Finansiële Wiskunde	*	A
<p>*Eerste semester: 4L; Tweede semester: 2L</p> <p>Basiese begrippe, saamgestelde rentefunksies, verdiskonteerde kontantvloei, waardebeplanning van lenings en ander sekuriteite, annuïteite, stogastiese rentekoerse en eenvoudige premietarifmanipulasie.</p> <p><i>S Wiskunde 114, 144 met 'n gemiddelde prestasiepunt van minstens 60% of Wiskunde 214, 244</i> <i>S Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144 met 'n prestasiepunt van minstens 65 of Wiskundige Statistiek 214, 244</i> <i>S Aktuariële Wetenskap 112 of Renterekening 112</i></p>				
316	24	Aktuariële Statistiek	5L	A
<p>Wiskundige en statistiese tegnieke van besondere belang in finansiële werk.</p> <p><i>S Aktuariële Wetenskap 142, 274, 242</i> <i>S Wiskundige Statistiek 214, 244</i> <i>S Wiskunde 214, 244</i> <i>S Aktuariële Wetenskap 112 of Renterekening 112</i> <i>N Wiskundige Statistiek 318</i></p>				
326	24	Aktuariële Modelle	5L	A
<p>Stogastiese prosesse en hul toepassing op modelle wat gebruik word in finansiële werk.</p> <p><i>S Aktuariële Wetenskap 142, 274, 242</i> <i>S Wiskundige Statistiek 214, 244</i> <i>S Wiskunde 214, 244</i> <i>S Aktuariële Wetenskap 112 of Renterekening 112</i> <i>N Wiskundige Statistiek 318</i></p>				
348	32	Gebeurlikhede	8L	A
<p>Wiskundige tegnieke van toepassing in die modellering en waardasie van kontantvloei(e) afhanklik van sterfte, oorlewing en ander onsekere risiko's.</p> <p><i>S Aktuariële Wetenskap 142, 274, 242, 326</i> <i>S Wiskundige Statistiek 214, 244</i> <i>S Wiskunde 214, 244</i></p>				

S Aktuariële Wetenskap 112 of Renterekening 112
N Wiskundige Statistiek 318, 344, 364

43214 AKTUARIËLE WETENSKAP

778 | 120 | **Honneurs in Aktuariële Wetenskap**

Toelatingsvereistes

- 'n BComm (Aktuariële Wetenskap) of gelykstaande graad met Aktuariële Wetenskap en Wiskundige Statistiek as hoofvakke; en
- Slaag universiteitskursusse gelykstaande aan ten minste sewe van die "Faculty/ Institute of Actuaries" se "Core Technical"-vakke; en
- Vrystellings van (of slaag by "Faculty/Institute of Actuaries") ten minste vyf van die "Core Technical"-eksamens van die "Faculty/Institute of Actuaries" (insluitend minstens een van die vakke CT1 of CT5).

Programinhoud

Sien uiteensetting hieronder.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
------	--------	----------	------------	----------

Verpligte modules

10363	738	20	Finansiële Ekonomie (CT8)	1
10370	771	70	Kern Toepassingsbegrippe (CA1)	1 en 2
10374	772	6	Modellering (CA2)	2

Keusemodules (24 krediete)

10371	773	6	Kommunikasie (CA3)	1 en 2
10547	723	2	Inleiding tot S-Plus/R	Blokmodule
10394	711	12	Bayes-statistiek	1
58777	741	12	Data-ontginning	2
11164	732	12	Finansiële Wiskundige Statistiek A	1
11165	762	12	Finansiële Wiskundige Statistiek B	2
10602	715	12	Meerveranderlike Statistiese Analise A	1
10603	745	12	Meerveranderlike Statistiese Analise B	2
10636	746	12	Oorlewingsanalise	2
11166	734	12	Praktiese Finansiële Modellering	1
11166	736	6	Praktiese Finansiële Modellering	1
65250	718	12	Stogastiese Simulasie	1
10750	717	12	Tydreeksanalise A	1
10751	747	12	Tydreeksanalise B	2

43214 AKTUARIËLE WETENSKAP

788 | 120 | **Nagraadse Diploma in Aktuariële Wetenskap**

Let wel:

Hierdie program moet nog finaal geakkrediteer word.

Algemeen

Hierdie diplomaprogram word aanbeveel vir studente met 'n honneursgraad in Aktuariële Wetenskap wat graag verder wil studeer om die professionele aktuariële kwalifikasie te verkry, maar nie tans wil inskryf vir die meestersgraad (wat 'n aansienlike navorsings-komponent bevat) nie.

Toelatingvereistes

- 'n BComm (Aktuariële Wetenskap) of gelykstaande graad met Aktuariële Wetenskap en Wiskundige Statistiek as hoofvakke, en Wiskunde tot op ten minste tweedejaarsvlak; en

- Vrystellings van (of slaag by "Faculty/Institute of Actuaries") al agt die "Core Technical"-eksamens (CT1 - CT8) van die "Faculty/Institute of Actuaries".

Programinhoud

Sien uiteensetting hieronder.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
<i>Keusemodules (120 krediete)</i>				
10370	771	70	Kern Toepassingsbegrippe (CA1)	1 en 2
10368	811	40	Gesondheid en Sorg Tegnie (ST1)	1
10372	812	40	Lewensversekering Tegnie (ST2)	1
10360	843	40	Algemene Versekering Tegnie (ST3)	2
10376	814	40	Pensioene Tegnie (ST4)	1
10364	845	40	Finansies en Beleggings Tegnie A (ST5)	2
10365	846	40	Finansies en Beleggings Tegnie B (ST6)	2
10369	871	40	Gesondheid en Sorg Toepassings (SA1)	1
10373	872	40	Lewensversekering Toepassings (SA2)	2
10361	873	40	Algemene Versekering Toepassings (SA3)	1 of 2
10377	874	40	Pensioene Toepassings (SA4)	2
10366	875	40	Finansies Toepassings (SA5)	1 of 2
10362	876	40	Beleggings Toepassings (SA6)	1 of 2

43214 AKTUARIËLE WETENSKAP

878 en 888 en 120 **MComm (Aktuariële Wetenskap) – Tesisopsie (878) en Doseeropsie (888)**

Toelatingvereistes

- 'n Honneursgraad in Aktuariële Wetenskap of Wiskundige Statistiek; en
- Slaag universiteitskursusse gelykstaande aan al agt van die "Faculty/Institute of Actuaries" se "Core Technical"-vakke; en
- Vrystellings van (of slaag by "Faculty/Institute of Actuaries") ten minste sewe van die "Core Technical"-eksamens en die "Core Application" (of enige van die "Specialist Technical")-eksamens van die "Faculty/Institute of Actuaries".

Programinhoud

Sien uiteensetting hieronder.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
<i>Verpligte module vir die doseeropsie</i>				
11170	897	40	Aktuariële Wetenskap Navorsingsprojek	Beide
<i>Verpligte module vir die tesisopsie</i>				
11171	891	80	Aktuariële Wetenskap Tesis	Beide
<i>Keusemodules</i>				
Vir die doseeropsie 80 krediete en vir die tesisopsie 40 krediete.				
10368	811	40	Gesondheid en Sorg Tegnie (ST1)	1
10372	812	40	Lewensversekering Tegnie (ST2)	1
10360	843	40	Algemene Versekering Tegnie (ST3)	2
10376	814	40	Pensioene Tegnie (ST4)	1
10364	845	40	Finansies en Beleggings Tegnie A (ST5)	2
10365	846	40	Finansies en Beleggings Tegnie B (ST6)	2
10369	871	40	Gesondheid en Sorg Toepassings (SA1)	1
10373	872	40	Lewensversekering Toepassings (SA2)	2
10361	873	40	Algemene Versekering Toepassings (SA3)	1 of 2
10377	874	40	Pensioene Toepassings (SA4)	2

10366	875	40	Finansies Toepassings (SA5)	1 of 2
10362	876	40	Beleggings Toepassings (SA6)	1 of 2

43214 AKTUARIËLE WETENSKAP

978 240 **PhD in Aktuariële Wetenskap**

Vir die doktorsgraad word 'n proefskrif vereis wat die resultate van selfstandige navorsing bevat. (Kyk verder Algemene Bepalings vir Doktorsgrade in Deel 1 van die Jaarboek.)

54690 FINANSIËLE RISIKOBESTUUR

212 8 **Institusionele Beleggingsbestuur** 3L, 2T A

Evaluering van die beleggingseienskappe van en bestudering van wiskundige metodologie onderliggend aan die volgende finansiële bateklasse: staatseffekte, korporatiewe skuld, aandele, eiendomme, indeks-gekoppelde staatseffekte, buitelandse beleggings. Suid-Afrikaanse beleggingsmark. Laste en risikoprofiel van die volgende institusionele beleggers: banke, lewensversekeraars, pensioenfondse, korttermynversekeraars, mediese fondse, effeketruists, beleggingstruists.

Korporatiewe finansiering: Finansiële instrumente om finansiering te genereer en finansiële risiko te bestuur.

S Wiskunde 114, 144, Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144, Renterekening 112 of 152 of Aktuariële Wetenskap 112

N Aktuariële Wetenskap 274, Wiskundige Statistiek 214, 244

242 8 **Afgeleide Instrumente** 3L, 2T A

Inleiding tot afgeleide instrumente met klem op wiskundige onderbou, meganika van termynkontrak- en opsie-markte, prysing van vooruit- en termynkontrakte, verskansingstrategieë met afgeleide instrumente, rentekoersmarkte, "swaps", eienskappe van aandele-opsies, verhandelstrategieë met opsies.

S Wiskunde 114, 144, Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144, Renterekening 112 of 152 of Aktuariële Wetenskap 112

V Finansiële Risikobestuur 212

N Aktuariële Wetenskap 274, Wiskundige Statistiek 214, 244

314 24 **Finansiële Wiskundige Statistiek** 4L, 2T A

Binomiaalbome; statistiese modellering van aandelepryse; wiskundig-statistiese herleiding van Black-Scholes-model en toepassings daarvan; opsies op aandele-indeksse, valuta en termynkontrakte; Griekse letters; waarde op risiko; numeriese prosedures om afgeleide instrumente te waardeer; eksotiese opsies; Martingale en mate.

S Wiskunde 214, 244, Wiskundige Statistiek 214, 244, Finansiële Risikobestuur 212, 242

N Aktuariële Wetenskap 274

344 24 **Moderne Portefeuljeteorie** 4L, 2T A

Gemiddeldevariansie-portefeuljeteorie: risiko van portefeulje, bepaling van doeltreffende portefeulje, tegnieke vir berekening van "efficient frontier". Portefeuljeseleksiëproses: enkel- en multi-indeksmodelle, utiliteitsanalise. Ekwilibriummmodelle in die kapitaalmarkt: standaard-kapitaalpryswaardemodel, nie-standaardvorms van kapitaalpryswaardemodelle, empiriese toetsing van ekwilibriummmodelle.

V Finansiële Risikobestuur 314

54690 FINANSIËLE RISIKOBESTUUR

778 122 **HonsBComm (Finansiële Risikobestuur)**

Toelatingsvereistes

'n BComm-graad met Finansiële Risikobestuur, Wiskundige Statistiek en Finansiële Wiskunde as derdejaarsvakke.

Duur

12 maande.

Krediete

'n Minimum van 122 krediete.

Assessering

Eksamens word aan die einde van die eerste semester in Junie en aan die einde van die tweede semester in November afgeneem. Eksamenuitslae word aangevul met die assessering van verskeie praktiese werkstukke.

Aansoeke

Aansoeke vir 'n gegewe jaar moet voor die einde van Oktober van die vorige jaar ontvang word.

Aanvang van program

Een en 'n halwe week voor die algemene aanvang van klasse.

Programinhoud

Sien uiteensetting hieronder.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
<i>Verpligte modules</i>				
58777	741	12	Data-ontginning	2
10459	731	12	Finansiële Risikobestuur A	1
10460	761	12	Finansiële Risikobestuur B	2
11164	732	12	Finansiële Wiskundige Statistiek A	1
11165	762	12	Finansiële Wiskundige Statistiek B	2
11172	735	2	Inleiding tot Kommunikasie en Konflikbestuur	2

Keusemodules

'n Keuse uit die onderstaande om saam met die verpligte modules minstens 122 krediete op te maak.

10547	723	2	Inleiding tot S-plus/R	Blokmodule
10660	733	12	Portefeuljebestuurteorie A	1
10661	763	12	Portefeuljebestuurteorie B	2
11166	734	12	Praktiese Finansiële Modelling	1
65250	718	12	Stogastiese Simulasie	1
10750	717	12	Tydreeksanalise A	1
10751	747	12	Tydreeksanalise B	2

54690 FINANSIËLE RISIKOBESTUUR

878 | 122 | **MComm in Finansiële Risikobestuur (Doseer-en-tesisopsie)**

Toelatingsvereistes

'n HonsBComm in Finansiële Risikobestuur word vereis.

Duur

'n Minimum van 12 maande.

Krediete

'n Minimum van 122 krediete.

Assessering

Eksamens in die gedoseerde modules word aan die einde van die tweede semester in November afgeneem. 'n Tesis moet ingelewer word wat die resultaat van selfstandige ondersoek is plus aanvullende werk soos deur die Departement vereis mag word.

Beskikbaarheid van modules

Afhangende van omstandighede in die Departement mag dit gebeur dat sommige van onderstaande modules nie in 'n gegewe jaar aangebied word nie.

Aansoeke

Aansoeke vir 'n gegewe jaar sluit einde Oktober van die voorafgaande jaar.

<i>Aanvang van program</i>				
Een en 'n halwe weke voor die algemene aanvang van klasse.				
<i>Programinhoud</i>				
Sien uiteensetting hieronder.				
Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
<i>Verpligte module</i>				
10547	723	2	Inleiding tot S-plus/R	Blok-module
<i>Kies een van die Tesis: Finansiële Risikobestuur-modules</i>				
11237	896	60	Tesis: Finansiële Risikobestuur	Beide
11237	891	72	Tesis: Finansiële Risikobestuur	Beide
11237	892	96	Tesis: Finansiële Risikobestuur	Beide
<i>Keusemodules</i>				
Kies modules om saam met tesis en verpligte module minstens 122 krediete op te maak.				
10441	813	12	Ekstreemwaardeteorie A	1
10442	843	12	Ekstreemwaardeteorie B	2
10461	865	12	Finansiële Risikobestuur Praktyk	1
10504	835	12	Gevorderde Finansiële Risikobestuur Programme-ring	1
10501	831	12	Gevorderde Finansiële Risikobestuur A	1
10503	861	12	Gevorderde Finansiële Risikobestuur B	2
10517	833	12	Gevorderde Portefeuljebestuurteorie A	1
10518	863	12	Gevorderde Portefeuljebestuurteorie B	2
10575	834	12	Krediet-afgeleide Instrumente A	1
10576	864	12	Krediet-afgeleide Instrumente B	2

54690 FINANSIËLE RISIKOBESTUUR				
888	122	MComm in Finansiële Risikobestuur (Doseer-en-werkstukopsie)		
<i>Toelatingsvereistes</i>				
'n HonsBComm in Finansiële Risikobestuur word vereis.				
<i>Duur</i>				
'n Minimum van 12 maande.				
<i>Krediete</i>				
'n Minimum van 122 krediete.				
<i>Assessering</i>				
Eksamens in die gedoseerde modules word aan die einde van die tweede semester in November afgeneem. 'n Werkstuk moet ingelewer word wat die resultaat van selfstandige ondersoek is plus aanvullende werk soos deur die Departement vereis mag word.				
<i>Beskikbaarheid van modules</i>				
Afhangende van omstandighede in die Departement mag dit gebeur dat sommige van onderstaande modules nie in 'n gegewe jaar aangebied word nie.				
<i>Aansoeke</i>				
Aansoeke vir 'n gegewe jaar sluit einde Oktober van die voorafgaande jaar.				
<i>Aanvang van program</i>				
Een en 'n halwe weke voor die algemene aanvang van klasse.				
<i>Programinhoud</i>				
Sien uiteensetting hieronder.				

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
<i>Verpligte modules</i>				
10547	723	2	Inleiding tot S-plus/R	Blok-module
10441	813	12	Ekstremwaardeteorie A	1
10442	843	12	Ekstremwaardeteorie B	2
10504	835	12	Gevorderde Finansiële Risikobestuur Programmeerling	1
10517	833	12	Gevorderde Portefeuljebestuurteorie A	1
10518	863	12	Gevorderde Portefeuljebestuurteorie B	2
10575	834	12	Krediet-afgeleide Instrumente A	1
10576	864	12	Krediet-afgeleide Instrumente B	2
<i>Kies een van die Werkstuk: Finansiële Risikobestuur-modules</i>				
11218	893	24	Werkstuk: Finansiële Risikobestuur	Beide
11218	894	36	Werkstuk: Finansiële Risikobestuur	Beide
<i>Keusemodules</i>				
Indien die 24-krediete werkstuk gedoen word, kies 1 module				
10501	831	12	Gevorderde Finansiële Risikobestuur A	1
10503	861	12	Gevorderde Finansiële Risikobestuur B	2
10461	865	12	Finansiële Risikobestuur Praktyk	1 of 2

DEPARTEMENT WISKUNDIGE WETENSKAPPE (WISKUNDE, TOEGEPASTE WISKUNDE, REKENAARWETENSKAP)

Afdeling: Rekenaarwetenskap

18139 REKENAARWETENSKAP				
114	16	Inleidende Rekenaarwetenskap		3L, 3P A
Eienskappe van 'n algoritme; verskil tussen 'n algoritme en 'n program; rekenaarorganisasie (geheue, verwerkers, randapparate); basiese werking van rekenaars (masjieninstruksies, getalgestelsels en voorstelling van data); tipiese programmeringsomgewings; toekenningsopdragte; eenvoudige toevoer en afvoer; keuse-opdragte en iterasie; meer gevorderde toevoer en afvoer; probleemoplossing as algoritmiese denke; statiese datastrukture (skikkings en rekords); prosedures; onderskeid tussen parameters en argumente; rekursiewe prosedures; voorstelling van karakters en karakterstringe; voorbeelde van basiese algoritmes (lineêre soek, binêre soek, borrelsortering); projek om basiese konsepte in te skerp.				
144	16	Inleidende Rekenaarwetenskap		3L, 3P A
Oorsig van basiese begrippe (toekenningsopdragte, keuseopdragte, iterasie, prosedures en rekursie); inleiding tot loopydanalise van algoritmes; eenvoudige soek- en sorteer-algoritmes; wysers en dinamiese geheuetoeëknning; dinamiese datastrukture (geskakelde lyste, toue, stapels, bome); verskansing van detail en koppelvlakke; abstrakte datastrukture en abstrakte datatipes; elementêre beginsels van toetsing en ontfouting; inleiding tot regulêre en konteksrye tale; eenvoudige grammatikas, EBNF-notasie en outomate; gebruik van EBNF om sintaksis van programmeertale te definieer; aktiveringsrekords en loopydstapel; loopydhoop; grondbeginsels van vertalers (leksikale ontleding, sintaksisontleding, semantiese ontleding, eenvoudige kodegenerasie); eenvoudige vertalerprojek om programmeringsvaardighede uit te brei. <i>V Rekenaarwetenskap 114</i> <i>N Wiskunde 114, 144</i>				
212	8	Datastrukture en algoritmes		1L, 2P A
Elementêre beginsels van toetsing en ontfouting; inleiding tot regulêre en konteksrye				

tale; eenvoudige grammatikas, EBNF-notasie en outomate; gebruik van EBNF om sintaksis van programmeertale te definieer; aktiveringsrekords en loopydstapel; loopydhoop; grondbeginsels van vertalers (leksikale ontleding, sintaksisontleding, semantiese ontleding, eenvoudige kodegenerasie); eenvoudige vertalerprojek om programmeringsvaardighede uit te brei.				
214	16	Datastrukture en Algoritmes	3L, 3T	A
Die klassieke datastrukture en algoritmes in 'n objekgerigte opset. Analise van algoritmes. Ongeveer 5 uur per week word aan praktiese rekenaarwerk bestee. <i>S Rekenaarwetenskap 114, 144</i> <i>V Wiskunde 114, 144</i>				
242	8	Databasisse	1½L, 1½T	A
Inleiding tot relasionele databasisse. <i>N Rekenaarwetenskap 214</i>				
252	8	Laevlakprogrammering	1½L, 1½T	A
Basiese rekenaarargitektuur. Programmering in masjientaal en saamsteltaal. Saamstellers, binders en laaiers. <i>N Rekenaarwetenskap 214</i>				
314	16	Bedryfstelsels	3L, 3P	A
Sinchronisasie, vergrendeling, geheuebestuur en skedulering van prosesse. Lêerstelsels. Sekuriteit en beskerming. Oop stelsels en standaarde. Kommunikasie en netwerke. <i>V Rekenaarwetenskap 214, 242, 252</i>				
324	16	Teoretiese Rekenaarwetenskap	3L, 3P	A
Geselekteerde onderwerpe uit die teorieë van outomate, formele tale, berekenbaarheid en kompleksiteit. <i>V Rekenaarwetenskap 214</i>				
344	16	Programmatuurontwerp	3L, 3P	A
Spesifikasies van programme as riglyne vir programontwerp. Herbruikbare raamwerke vir programontwerp. Toetsbaarheid van programontwerpe. Ontwikkeling van 'n stelsel van mediumgrootte om die praktiese toepassing van die beginsels van programontwerp te illustreer. <i>V Rekenaarwetenskap 214, 242, 252</i>				
354	16	Rekenaarnetwerke	3L, 3P	A
Inleiding tot netwerke in die algemeen en die internet in die besonder. Argitektuur en protokolle. Toewysing van hulpbronne en beheer van belading. Netwerksekuriteit. Toepassings. <i>V Rekenaarwetenskap 214</i>				

18139 REKENAARWETENSKAP

778	120	Honneursprogram in Rekenaarwetenskap		A & E
<i>Toelatingsvereistes</i> BComm-graad met 'n gemiddelde van minstens 60% in Rekenaarwetenskap 3 as hoofvak.				
<i>Duur</i> 12 maande.				
<i>Assessering</i> Deurlopende assessering.				
<i>Programinhoud</i> Sewe modules en 'n laboratoriumprojek word vereis. Hoogstens twee modules kan by verwante departemente gevolg word. Elke student se studieprogram word afsonderlik vasgestel.				

18139 REKENAARWETENSKAP			
878	120	MComm	A & E
<i>Toelatingsvereiste</i> 'n HonsBComm-graad in Rekenaarwetenskap.			
<i>Programinhoud</i> Die program behels die studie van twee modules en 'n tesis wat 'n verslag bevat van navorsing/ontwikkelingswerk wat deur die student gedoen is. Elke student se studie-program word afsonderlik saamgestel. Eksamen word in die modules afgelê en 'n mondelinge eksamen word oor die tesis afgelê.			

18139 REKENAARWETENSKAP			
978	240	PhD	A & E
'n Proefskrif, wat die resultate van selfstandige navorsing bevat, word vereis. (Kyk verder onder Gevorderde grade in Deel 1 van die Jaarboek.)			

Afdeling: Wiskunde

21539 WISKUNDE			
114	16	Calculus en Lineêre Algebra	5L, 2T A & E
Induksie en die binomiaalstelling. Funksies, limiete en kontinuïteit; afgeleides en differensiasiereëls; toepassing van differensiasie; die bepaalde en onbepaalde integraal; integrasie van eenvoudige funksies.			
144	16	Calculus en Lineêre Algebra	5L, 2T A & E
Transendente funksies; integrasietegnieke; oneintlike integrale; keëlsnedes; poolgrafieke; partiële afgeleides. Komplekse getalle; stelsel van lineêre vergelykings en matrikse; determinante; vektore in 2 en 3 dimensies: vektoralgebra, dotproduk, kruisproduk, lyne en vlakke. <i>V Wiskunde 114</i>			
214	16	Analise en Lineêre Algebra I	4L, 2T A
Analise: Oneintlike integrale, ry en reekse, magreekse en die stelling van Taylor, vektorcalculus. Lineêre Algebra: Vektore in n-dimensies: lineêre transformasies van reële vektorruimtes en hulle matrikse; meerkundige transformasies: rotasie, projeksie, refleksie, dilatasie; samestelling van transformasies. Algemene reële vektorruimtes: subruimtes, lineêre onafhanklikheid, basis, dimensie; rang en nulliteit van 'n matriks. Algemene reële binne-produkruimtes: ortogonaliteit, ortonormale basisse, projeksies, Gram-Schmidt; QR-faktorisering van 'n matriks; kleinste-kwadrate benaderings; ortogonale matrikse. <i>S Wiskunde 114, 144</i>			
244	16	Analise en Lineêre Algebra II	4L, 2T A
Analise: Funksies van meer as een veranderlike, meervoudige integrasie, lynintegrale, oppervlakintegrale, divergensiestelling. Lineêre Algebra: Eiewaardes en eievektore; reële diagonalisering van 'n matriks; ortogonale diagonalisering; lineêre transformasies van algemene reële vektorruimtes; matriksvoorstelling van lineêre transformasies tussen algemene eindig-dimensionele reële vektorruimtes; verandering van basis; stelsels eersteorde-differensiaalvergelings en ander toepassings. <i>V Wiskunde 214</i>			
314	16	Algebra	3L, 3T A
In hierdie module word die inleidende aksiomatiese strukture in die algebra bekend gestel en behandel. Hierdie strukture verskaf die natuurlike omgewing waarin baie van die belangrikste resultate uit die getalleteorie, algebraïese meetkunde en algebraïese berekeningsteorie behandel word. Onder andere ondersoek ons groepe, ringe, resklasse, modulo n, faktoringe en liggame, polinoomringe, Euklidiese gebiede, unieke faktoriserings-			

gebiede, liggaamsuitbreidings, toepassings op passer- en liniaalkonstruksies, eindige liggame en toepassings. <i>S Wiskunde 214, 244</i>				
324	16	Analise I (Inleidende Topologie en Komplekse Analise)	3L, 3T	A
Metriese Ruimtes: basiese topologiese begrippe, kontinuïteit, kompaktheid, rye, limsup van rye in R. Komplekse Analise: soorte versamelings in C, konvergensie van reekse, puntsgewyse en gelykmatige konvergensie van rye en reekse van funksies, paaie, Cauchy-Riemann-vergelykings, bepaling van die konvergensiestraal en koëffisiënte van 'n magreeks, die komplekse eksponensiële en trigonometriese funksies, argumente, komplekse logaritmes, integrasie van kontinue funksies langs stuksgewyse gladde paaie, Cauchy se integraalstelling en -formule, Taylor-reeksvoorstelling van differensieerbare funksies, analitiese funksies, nulpunte, Liouville se Stelling, bewys van die Fundamentele Stelling van die Algebra, Laurentreeks, identifikasie en klassifikasie van geïsoleerde singulariteite, bepaling van residue, die Residustelling, toepassings. <i>S Wiskunde 214, 244</i>				
344	16	Diskrete Wiskunde	3L, 3T	E
Diskrete Wiskunde, of "Konkrete Wiskunde", soos dit in 'n beroemde boek genoem word, handel oor konkrete voorwerpe wat inherent diskreet is, soos byvoorbeeld permutasies, versamelings, bome en woorde. Klem word gelê op aftellingstegnieke. 'n Inleiding tot elementêre getalleteorie word ook aangebied. In hierdie deel van die module word klassieke onderwerpe soos byvoorbeeld Fermat se stelling, Wilson se stelling of Lagrange se stelling oor somme van vier kwadrate behandel. <i>S Wiskunde 214, 244 of gelykwaardige modules</i>				
354	16	Berekeningswiskunde en Benaderingsteorie	3L, 3T	A
Die bestaan en uniekheid van beste benaderings in genormeerde lineêre ruimtes en binne-produkruimtes; die Lebesgue-ongelykheid; polinoominterpolasie: die Lagrange-formule, Newton se gedeelde differensie formule, die Vandermonde-matriks; Bernstein-polinome en Weierstrass se stelling; beste Chebyshev-polinoombenadering; beste benadering in 'n binneprodukruimte: 'n karakteriseringstelling; ortogonale polinome; interpolerende kwadratuur: Newton-Cotes- en Gauss-kwadratuurfomules; Fourier-reeks en hulle konvergensie; latfunksies ("splines"): die afgekapte magte-basis, die B-latfunksiebasis, die Schoenberg-Whitney-stelling, lokale latfunksie benaderingsoperatore. <i>S Wiskunde 214, 244 of gelykwaardige modules</i>				
364	16	Euklidiese en nie-Euklidiese Meetkunde	3L, 3T	A
Een van die oudste en geskiedkundig belangrikste vertakkings van die wiskunde word vanuit 'n redelik sterk historiese perspektief aangebied. Beginnende by die postulate van Euklides, word die meetkunde as 'n aksiomatiese stelsel opgebou. Hilbert se werk om daarvan 'n konsistente, onafhanklike en volledige aksiomatiese stelsel te maak, word behandel. Die invoering van nie-Euklidiese meetkunde en die gevolglike herformulering van die fundamentele resultate van Euklidiese meetkunde word behandel. In die aanbieding van die module word baie klem op selfstandigheid en selfwerksaamheid deur die student gelê. <i>S Wiskunde 114, 144</i>				
365	16	Analise II (Inleidende Topologie en Reële Analise)	3L, 3T	A
Metriese en topologiese ruimtes: voortbouend op begrippe behandel in Wiskunde 324. Enkele begrippe en resultate van analise (o.a. van reële analise) en topologie word behandel. <i>S Wiskunde 214, 244</i>				

21539 WISKUNDE		
778	120	HonsBComm
<i>Toelatingsvereiste</i> 'n BComm-graad met Wiskunde as hoofvak of 'n gelykwaardige kwalifikasie. 'n Gemiddelde prestasiepunt van minstens 60% vir Wiskunde 3 word vereis.		
<i>Programinhoud</i> Vir programinhoud, raadpleeg Deel 5 (Natuurwetenskappe) van die Jaarboek.		

21539 WISKUNDE		
878	120	MComm
Vir elke MComm-student wys die Departement in oorleg met die betrokke student 'n studieleier aan. Die studieleier gee leiding ten opsigte van die student se tesis, wat 'n gewig van een helfte van die totale program sal behels. Benewens die tesis volg die student die ekwivalent van 6 semestermodules (2L elk), soos deur die Departement, in oorleg met die studieleier en die student, bepaal. 'n Mondelinge eksamen word afgeneem. Nadere besonderhede kan by die voorsitter van die Departement Wiskundige Wetenskappe (Afdeling Wiskunde) verkry word. (Kyk verder onder "Gevorderde grade in Natuurwetenskappe" in Deel 5 van die Jaarboek.)		

21539 WISKUNDE		
978	240	PhD
'n Proefskrif, wat die resultate van selfstandige navorsing bevat, word vereis. (Kyk verder onder Gevorderde grade in Natuurwetenskappe in Deel 5 van die Jaarboek.)		

56847 FINANSIËLE WISKUNDE				
378	32	Finansiële Wiskunde	3L, 3T	A
Matriksalgebra en matriksdifferensiasie, Taylor se stelling in die meer veranderlike gevalle, differensiaalvergelykings en numeriese metodes, Riemann-Stieltjes-integrale, inleiding tot maatteorie en waarskynlikheidsruimtes, Radon-Nikodým-afgeleides, L_2 -ruimtes en Hilbert-ruimtes, wiskundige modelle van finansiële markte, die Black-Scholes model.				
<i>S Wiskunde 214, 244</i>				
<i>V Wiskundige Statistiek 214, 244</i>				

58378 WISKUNDE VIR STATISTIEK				
214	16	Wiskunde vir Statistiek	3L, 2T	A
<i>Calculus:</i> Inleidende begrippe oor funksies, eksponensiële funksies, logaritmiese funksies, limiete, kontinuïteit, afgeleides, hoërorde-afgeleides, die afgeleide as 'n tempo van verandering, optimaliseringsprobleme, onbepaalde en bepaalde integrale, die Grondstelling van Calculus, oppervlaktes tussen krommes, substitusie, deelwyse-integrasie.				
<i>Lineêre algebra:</i> Gauss-herleiding, matriksalgebra, inverse van 'n matriks, determinante van matrikse, vektore in R^3 : rekenreëls, eenheidsvektore, lineêre kombinasies van vektore, lineêre onafhanklikheid en basisse, puntproduk. Die binomialstelling.				

Navorsings- en Diensinstansies

DIE BURO VIR EKONOMIESE ONDERSOEK (BEO)

Die BEO, wat in 1944 gestig is en deel vorm van die Universiteit van Stellenbosch, is een van die oudste navorsingsinstitute in Suid-Afrika. Die organisasie het oor die jare heen plaaslik sowel as internasionaal 'n uitsonderlike reputasie opgebou vir die uitvoering van onafhanklike, objektiewe en gesaghebbende ekonomiese navorsing.

Die primêre navorsingsfokus van die BEO is die Suid-Afrikaanse makro-ekonomie en geselekteerde sektore daarin. Die Buro monitor ekonomiese tendense op 'n plaaslike, sowel as internasionale vlak ten einde die heersende en toekomstige invloed daarvan op Suid-Afrikaanse sakebedrywighede te bepaal. In die verband speel die omvangryke historiese databasisse en gevorderde ekonometriese modelle van die organisasie 'n belangrike rol.

Alhoewel die Buro noue bande met die Universiteit handhaaf, word dit befonds deur die verkoop van gesindikeerde navorsing en gefokusde makro-analises en vooruitskattings aan maatskappye in beide die private en openbare sektore. Die publisering van kwartaallikse opnames en indekse vorm 'n sentrale deel van die Buro se aktiwiteite.

Die opnames bestaan uit die volgende:

Die Vervaardigingsopname

Die Kleinhandelsoopname

Die Bou- en Konstruksie-opname

Die Verbruikersvertroue-opname

Die Finansiële dienstesektor-opname

Opname oor inflasieverwagtings (onder kontrak vir die Suid-Afrikaanse Reserwebank)

Aankoopbestuurdersopname ('n maandelikse indeks)

Die indekse is as volg:

Verbruikersvertroue-indeks

Sakevertroue-indeks

Boukoste-indeks

Aankoopbestuurdersindeks

Navrae aangaande voorgenoemde inligting kan gerig word aan:

Die Direkteur

Buro vir Ekonomiese Onderzoek

Privaat Sak 5050

Stellenbosch

7599

of skakel (021) 887 2810 of besoek ons webwerf by www.ber.sun.ac.za

INSTITUUT VIR TOEKOMSNAVORSING

Die Instituut vir Toekomsnavorsing (ITN) is plaaslik sowel as internasionaal bekend vir sy navorsing en konsultasies op die gebied van toekomsnavorsing, stelsel-denke, scenario-beplanning en strategiesteundienste vir bestuur. Die missie van die ITN is om as katalis vir transformasie en organisasievernuwing in Suid-Afrika op te tree. Hiervoor is die ontwikkeling van 'n gepaste wêreldbeskouing 'n belangrike voorvereiste vir strategie- formulering by organisasies. Die bydraes van die ITN is geleë in twee benaderings tot strategieformulering by organisasies, naamlik:

1. 'n Steundiens vir die formulering van mededingingstrategieë met die doel om aan 'n organisasie 'n langtermynweworsprong te besorg. Dit behels:
 - die daarstelling van organisatoriese prosesse met betrekking tot omgewingsverkenning, scenario-beplanning en die bestuur van verandering;

- konferensies, seminare, korter en langer programme in omgewingsverkenning, bedryfsfuturistiek, stelsel-denke, demografie en die bestuur van tegnologie; en
 - 'n verskeidenheid publikasies wat vir deelgenote van strategiese belang kan wees.
2. 'n Steundiens vir die formulering van strategiese alliansies, wat ten doel het om programme van samewerking vir organisasies en hulle belanghebbers te ontwerp met die oog op die langtermynverbetering van gemeenskapswelvaart en die algemene sake-omgewing in Suid-Afrika.

Die ITN is van mening dat, in ooreenstemming met sy missie, sy steundienste vir strategieformulering primêr opvoedkundig en fasiliterend van aard moet wees.

Basiese handboeke, tydskrifte en ander toekomsgerigte literatuur is beskikbaar vir raadpleging deur deelgenote en studente by die ITN se kantore of in die Bellvilleparkkampus-Inligtingsentrum, waar die meeste van die ITN se boeke en tydskrifte gehuisves word. Gesamentlike navorsingsprogramme deur die ITN en sy deelgenote word voortdurend aangemoedig.

Die ITN moedig die ontwikkeling van netwerke tussen sy navorsers, ander akademici en gesaghebbendes, plaaslik sowel as internasionaal, aan. Verskeie netwerke van hierdie aard funksioneer reeds 'n geruime tyd lank tot groot voordeel van die ITN, sy deelgenote, studente en dosente van die Universiteit van Stellenbosch.

Navrae kan gerig word aan:

Die Direkteur

Instituut vir Toekomstnavorsing

Universiteit van Stellenbosch

Bellvilleparkkampus

Posbus 2010

BELLVILLE

7535

Tel.: (021) 918 4144

Faks: (021) 918 4146

SENTRUM VIR LEIERSKAPSTUDIE (SUIDELIKE AFRIKA)

Die Sentrum vir Leierskapstudie (Suidelike Afrika) is op 1 Oktober 1994 gestig. Die Sentrum is daarop gerig om leierskap in die breë te ontwikkel deur middel van navorsing, verspreiding van kennis en die ontwikkeling en aanbied van leierskapkursusse. Bykomend tot die formele sektor, fokus die Sentrum op die ontwikkeling van leierskap in gemeenskapsorganisasies.

Programme word aangebied wat gerig is op leierskap van individue, spanne en die organisasie self. Hierdie persoon- en spangerigte leierskapprogramme sluit die volle kontinuum van leierskap in wat wissel van *liazzes-faire* tot transformasieleierskap. Twee programme is in 1996 spesiaal ingestel wat daarop gerig is om leiers in staat te stel om organisatoriese vernuwing te bestuur.

Die Sentrum word in samewerking met die Kaapse Universiteit vir Tegnologie bedryf.